vir
PU CHO
IN U LIG
Eksemplaar op 1992-11-12
vir eksaminering ingedien

REGISTRATEUR

# DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN AS TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING (DSO)

**Carolina Murrack, B.A., T.H.O.D., V.D.O. (JW), B.Ed.**

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Educationis in Onderwysbestuur in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. P.C. van der Westhuizen
Hulpleier: Prof. J.L. Marais

Potchefstroom
1993

**DANKBETUIGING**

Hiermee betuig ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone:

- Prof. P.C. van der Westhuizen, studieleier, vir sy uitmuntende en bekwame leiding.

- Mnr. Z.B. Loots vir sy aanvanklike leiding en motivering.

- Prof. J.L. Marais vir sy insette gelewer.

- Mev. E. Mentz vir die verwerking van die empiriese data.

- Prof. M.C.A. Seyffert vir die taalversorging.

- Mev. J. Camps vir die Engelse vertaling.

- Mev. L. Coetzee vir die tikwerk en vriendelike hulp.

- Die Uitvoerende Direkteur van Onderwys van Transvaal vir toestemming om die vraelyste aan DSO's van Afrikaanse sekondêre skole te sirkuleer.

- My eggenoot, Arno, en gesin sonder wie se begrip, aanmoediging en ondersteuning hierdie werk nie moontlik sou wees nie.

SWO/RGN

Die geldelike bystand van die RGN word hiermee erken. Menings wat in die studie uitgespreek word of enige gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig as dié van die RGN beskou word nie.

## OPSOMMING

**DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN AS TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING (DSO).**

Deur middel van literatuurstudie is die aard van gebeurlikheidsbeplanning in die skool teoreties gefundeer. Daar is aangetoon dat die veiligheid van leerlinge in skole aan vele risiko's blootgestel is. Weens hierdie toedrag van sake moet 'n skool oor 'n gebeurlikheidsplan beskik. Dit is belangrik dat sodanige plan geïmplementeer word. Deurdat die gebeurlikheidsplan 'n gedokumenteerde uiteensetting is van die skool se verwagte optrede tydens gebeure, die doelwitte, toerusting, mannekrag, die verskillende voorvalle waarvoor daar beplan is, is dit nodig dat elke funksie in die gebeurlikheidsplan, al die relevante prosedures wat nodig is vir die implementering van die plan, deeglik bestuur moet word.

'n Empiriese ondersoek het die huidige stand ten opsigte van die implementering van die gebeurlikheidsplan deur die DSO aan die lig gebring, te wete:

* bestuursaspekte in die beplanning en implementering van die gebeurlikheidsplan;
* skakeling met buite-instansies en ouers;
* personeelbetrokkenheid: opleiding en pligte, en
* toepassing van beheeruitoefening.

Ten slotte is bevindings gemaak oor die bestuurstaak van die DSO in gebeurlikheidsbeplanning en is riglyne neergelê vir die praktiese implementering van 'n gebeurlikheidsplan aan sekondêre skole.

## SUMMARY

## THE IMPLEMENTATION OF A CONTINGENCY PLAN AS THE PROJECT OF THE DEPARTMENTAL HEAD OF GUIDANCE EDUCATION.

The nature of contingency planning in the school has been determined through the study of relevant reading matter. It has been shown that the safety of children in schools is very vulnerable. As a result every school must provide a practical contingency plan. This must be documented in the event of any emergency, so that the arms, safety equipment and the man power for various contingencies can be readily available and carefully administered.

An empirical study concerning the implementation of the contingency plan by the DSO has emphasised the following:

- ★ Managerial aspects in planning and implementation of the plan.
- ★ Liaison with public sector and parents.
- ★ Staff participation and training.
- ★ Relevant control.

Finally, guidelines and recommendations for the DSO in implementing of contingency plans in Secondary Schools have been provided.

# INHOUDSOPGAWE


Opsomming i

Summary ii

Lys van figure ix

Lys van tabelle x

HOOFSTUK 1 : DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEIDS-PLAN AS DIE TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING (DSO) 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 1

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING 3

1.4 METODE VAN NAVORSING 4

1.4.1 Literatuurstudie 4

1.4.2 Empiriese ondersoek 4

1.4.2.1 Gestruktureerde vraelys as meetinstrument 4

1.4.2.2 Populasie en steekproef 5

1.4.2.3 Statistiese tegniek 5

1.5 UITVOERBAARHEID 5

1.6 HOOFSTUKINDELING 5

1.7 SAMEVATTING 6

HOOFSTUK 2 : DIE AARD VAN GEBEURLIKHEIDSBEPLANNING IN DIE SKOOL 7

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | | 7 |
| 2.2 | BEGRIPSPRESISERING | | 7 |
| | 2.2.1 | Gebeurlikheidsbeplanning | 8 |
| | 2.2.2 | Beveiliging | 8 |
| | 2.2.3 | Risiko | 9 |
| | 2.2.4 | Insident of gebeure | 10 |
| | 2.2.5 | Ramp | 10 |
| | 2.2.6 | Noodgeval | 11 |
| | 2.2.7 | Beskerming | 11 |
| | 2.2.8 | Veiligheid | 12 |
| 2.3 | SEKERHEIDSBEWUSTHEID | | 12 |
| | 2.3.1 | Veiligheid in die werksomgewing (i.c. skool) | 14 |
| | 2.3.2 | Die doel van beveiliging in die skool | 14 |
| 2.4 | REDE VIR 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN IN SKOLE | | 15 |
| | 2.4.1 | Pedagogiese oorwegings | 15 |
| | 2.4.2 | Juridiese oorweging | 17 |
| | 2.4.3 | Voorkoming as onderliggende filosofie van gebeurlikheidsbeplanning | 19 |
| 2.5 | BEVEILIGINGSPROGRAM (I.C. GEBEURLIKHEIDSPLAN IN SKOLE | | 21 |
| | 2.5.1 | Beveiligingsoorte | 21 |
| | 2.5.2 | Risikostudie | 22 |
| | 2.5.2.1 | Identifisering en analisering van risiko's | 22 |
| | 2.5.2.2 | Kenmerke van 'n risiko | 24 |

2.5.2.3 Waarskynlikheid van 'n risiko 25

2.5.2.4 Fases in risikostudie 25

2.6 DIE REDE VIR 'N RISIKOSTUDIE IN DIE SKOOL 26

2.7 VEILIGHEIDSRISIKO'S IN DIE SKOOL 27

2.7.1 Blauvelt se klassifikasie 27

2.7.2 Risiko's volgens die Transvaalse Onderwysdepartement 28

2.7.3 Ander sekuriteitsbreuke 29

2.8 DOELTREFFENDHEID VAN BEVEILIGINGSMAATREËLS 29

2.9 VEREISTES VIR DIE TOEPASSING VAN BEVEILIGINGSMAATREËLS 31

2.10 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING 32

**HOOFSTUK 3 : DIE BESTUURSTAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBEURLIKHEIDSPLAN** 33

3.1 INLEIDING 33

3.2 DIE HOOF SE AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE GEBEURLIKHEIDSPLAN 33

3.3 DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING AS GEBEURLIKHEIDSPLANBESTUURDER 34

3.4 DIE AARD VAN DIE BESTUURSTAKE VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING 35

3.4.1 Beplanning van die gebeurlikheidsplan 35

3.4.1.2 Subtake van beplanning 39

3.4.2 Organisering van die gebeurlikheidsplan 45

3.4.2.1 Veiligheidsorganisering 45

3.4.2.2 Organiseringstruktuurskepping by die gebeurlikheidsplan 46

3.4.2.3 Doeltreffende delegering en die gebeurlikheidsplan 49

3.4.2.4 Koördinering van die gebeurlikheidsplan 53

3.4.3 Leidinggewing in die gebeurlikheidsplan 54

3.4.4 Beheeruitoefening en evaluering van die gebeurlikheidsplan 57

3.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING 59

**HOOFSTUK 4 : EMPIRIESE ONDERSOEK** 66

4.1 INLEIDING 61

4.2 NAVORSINGSONTWERP 61

4.2.1 Die ontwerp van die meetinstrument/vraelys 61

4.2.1.1 Die posvraelys 62

4.2.1.2 Soorte vraelyste 62

4.2.1.3 Keuse van meetinstrument 63

4.2.1.4 Loodsondersoek 64

4.2.1.5 Finale vraelys 64

4.2.1.6 Konstruksie van die vraelys 65

4.2.1.7 Administratiewe prosedures 66

4.2.2 Studiepopulasie 66

4.2.2.1 Populasie 66

4.2.2.2 Teikenpopulasie 66

4.2.3 Statistiese tegnieke 67

4.3 INTERPRETERING VAN DATA 67

4.3.1 Opmerking 67

4.3.2 Biografiese gegewens 67

4.3.3 Demografiese gegewens 69

4.3.4 Beplanning as bestuurstaak van die DSO 71

4.3.5 Organiserings as bestuurstaak van die DSO 75

4.3.6 Leidinggewing as bestuurstaak van die DSO 77

4.3.6.1 Interpersoonlike vaardighede van die DSO 77

4.3.6.2 Kommunikering as bestuurstaak van die DSO 83

4.3.7 Beheeruitoefening 87

4.3.8 Bestuurstake wat verrig word 89

4.3.8.1 Beplanning 95

4.3.8.2 Organisering 96

4.3.8.3 Leidinggewing 96

4.3.8.4 Beheeruitoefening 97

4.3.9 Administratiewe take wat verrig word 97

4.4 SAMEVATTING 100

HOOFSTUK 5 : SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING 102

5.1 INLEIDING 102

5.2 SAMEVATTING 102

5.3 BEVINDINGS 104

5.3.1 Bevindings ten opsigte van doelwit 1 104

5.3.2 Bevindings ten opsigte van doelwit 2 105

5.3.3 Bevindings ten opsigte van doelwit 3 106

5.4 RIGLYNE 106

5.5 AANBEVELINGS 110

5.6 SAMEVATTING 112

**BRONNELYS** 113

**BYLAE A :** Brief van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys 121

**BYLAE B :** Brief aan die DSO's 124

**BYLAE C :** Die vraelys 126

## LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1
VOORKOMINGSPEKTRUM 20

FIGUUR 2.2
FASES IN RISIKOSTUDIE 26

FIGUUR 3.1
BESLUITNEMINGSPROSES 43

FIGUUR 3.2
GEBEURLIKHEIDSBEPLANNING EN DIE DELEGERING
VAN TAKE 52

## LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1
VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG 66

TABEL 4.2
BIOGRAFIESE GEGEWENS 68

TABEL 4.3
DEMOGRAFIESE GEGEWENS 70

TABEL 4.4
BEPLANNING AS BESTUURSTAAK VAN DIE DSO 72

TABEL 4.5
ORGANISERING AS BESTUURSTAAK VAN DIE DSO 76

TABEL 4.6(i)
INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEDE VAN DIE DSO 78

TABEL 4.6(ii)
SPANWERK IN DIE GEBEURLIKHEIDSPLAN 82

TABEL 4.7
KOMMUNIKERING IN DIE BESTUURSTAAK VAN DIE DSO 84

TABEL 4.8
BEHEERUITOEFENING AS BESTUURSTAAK VAN DIE DSO 88

TABEL 4.9
BESTUURSTAKE WAT VERRIG WORD 90

TABEL 4.10
ADMINISTRATIEWE TAKE VAN DIE DSO 99

# HOOFSTUK 1

## DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN AS DIE TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING (DSO).

### 1.1 INLEIDING

Besondere kennis van bestuurstake rakende gebeurlikheidsbeplanning sal die implementeringstaak van die DSO vergemaklik.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Skole in die RSA word die afgelope jare reeds blootgestel aan al die uitingsvorme van revolusie en terreur. Hierdie toedrag van sake stel buitengewone beveiligingseise aan skole en onderwysowerhede (Borman, 1988:12). Ongelukkig word beveiligingseise nie oral met druk bejeën nie. Adkins *et al*. (1983:82) stel die beveiligingsverantwoordelikheid kategories so: "Often neglected ....... is the realization that the safety of school children and all others in the system during disasters is the responsibility of school administrators."

In die **Sillabus vir Geestesweerbaarheid** (TOD, 1987:3) word onderwysinrigtings deur die Transvaalse Onderwysdepartement opdrag gegee om deur gebeurlikheidsbeplanning maatreëls daar te stel vir die beveiliging van mense en geboue in 'n moontlike noodsituasie(s). Elke skool moet daarom 'n noodplan hê om enige sodanige krisissituasie die hoof te bied (Stevenson *et al*., 1983:87). In die Transvaal is die hoof van die skool verantwoordelik en aanspreeklik om die nodige gebeurlikheidsbeplanning daar te stel en toe te sien dat aan die gebeurlikheidsplan uitvoering gegee word. (Vergelyk: **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie van die Transvaalse Onderwysdepartement** (TOD, 1986:232.)

Volgens die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie van die Transvaalse Onderwysdepartement** (TOD, 1986:50), word die bestuur van die noodplan (i.c. gebeurlikheidsbeplanning) aan die DSO opgedra en in die buitengewone **Offisiële Koerant** (TOD, 1988:10) vir bevorderingsposte in die onderwys, word gebeurlikheidsbeplanning ook as taak van die DSO genoem.

Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, ondervind die DSO bepaalde probleme. Vir 'n gekoördineerde optrede tussen skool en plaaslike owerheid, mag sinchroniseringsprobleme ondervind word omdat elke instansie onafhanklik beplan en 'n eenvormige optrede in 'n noodsituasie sodoende onmoontlik is. (Jordaan, 1989.)

Die DSO ondervind verder dat in die praktiese implementering van die gebeurlikheidsplan die strewe na paraatheid gekortwiek word deur die houding en kennisvlak ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning van sowel die kant van die personeel as die veiligheidsbewustheid van die leerlinge. Ontbreek die nodige samewerking van die kant van die personeel en leerlinge, kan daar geen sprake van bestuursukses van die gebeurlikheidsplan wees nie, en is die skool ook nie paraat nie. (Vergelyk Van Wyk, 1985:96.)

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die aard en wese van gebeurlikheidsbeplanning nog nie voldoende deurgrond is nie en dat hierdie probleem vir die DSO in sy bestuurstaak verdere probleme skep, naamlik:

* Die DSO, tesame met die bestuurskomitee van die skool, vul sleutelposisies in die hoof se organisasiestruktuur van die gebeurlikheidsplan, en daar bestaan daar ten opsigte van die DSO se bestuurstaak ten opsigte van die gebeurlikheidsplan onduidelikheid. (Vergelyk 3.5.2.3.)

* Die DSO is onseker oor en in baie gevalle onopgelei vir sy taak as gebeurlikheidsplanbestuurder sodoende word effektiewe leiding aan die personeel en beheeruitoefening in die bestuur van die gebeurlikheidsplan belemmer. (Vergelyk 3.8.1 -- 3.8.5 en 3.9.)

- ★ Die praktiese implementering van die gebeurlikheidsplan vorm deel van die fisiese weerbaarheidsprogram in die skool volgens die **Sillabus vir fisieke aktiwiteite vir dogters** (TOD, 1987). Die hele personeel van die skool is veronderstel om aktief deel te hê aan die praktiese toepassing van die gebeurlikheidsplan, maar dit word lamgelê deur ander aktiwiteite wat inbreuk maak op die voorgeskrewe periodetoekenning en sodoende opleidingsaangeleenthede aan die leerlinge verskraal/ontsê. Ook word aanbiedingsweerstand van die personeel ondervind. (Vergelyk 3.6.) (Sorensen, 1985:34; Schenkelbach, 1975:73; Jordan, 1989:30; Van Wyk, 1985:92-97.)

Na aanleiding van voorafgaande beredenering word die volgende probleemvrae gestel:

- ★ Wat is die aard van gebeurlikheidsbeplanning?

- ★ Wat is die taak van die DSO ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning in sekondêre skole?

- ★ Wat is die huidige stand ten opsigte van die bestuur van die gebeurlikheidsplan in sekondêre skole?

## 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Doelwit 1: Om die aard van gebeurlikheidsbeplanning in die skool te bepaal.

Doelwit 2: Om te bepaal wat die bestuurstaak van die DSO ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning behels.

Doelwit 3: Om vas te stel wat die huidige stand ten opsigte van die bestuur van gebeurlikheidsbeplanning in sekondêre skole is.

Doelwit 4: Om riglyne te formuleer vir die effektiewe bestuur van gebeurlikheidsbeplanning.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

### 1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie sal onderneem word ten einde vas te stel watter navorsing reeds op die navorsingsgebied onderneem is. Die resultate van gedane navorsing sal rigtinggewend wees vir die identifisering van moontlike items vir opname in die vraelysondersoek.

'n ERIC-soektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: "School safety", "emergency programs", "school security", "contingency planning", "secondary schools".

### 1.4.2 Empiriese Ondersoek

'n Empiriese ondersoek is deur middel van 'n vraelys uitgevoer.

#### 1.4.2.1 Gestruktureerde vraelys as meetinstrument

'n Gestruktureerde vraelys bestaande uit geïdentifiseerde items is ontwikkel. Sodanige geïdentifiseerde items is dan na 'n eerste redaksie in 'n vraelys opgeneem.

'n Loodsondersoek is onderneem deur die voorlopige vraelys aan enkele DSO's voor te lê sodat die formulering van items ten opsigte van duidelikheid getoets kon word.

Die gestruktureerde vraelys is gestuur aan die DSO's van sekondêre skole in Transvaal ten einde te bepaal wat die huidige stand van bestuursukses ten opsigte van

gebeurlikheidsbeplanning in sekondêre skole is.

#### 1.4.2.2 Populasie en steekproef

Al die DSO's in Transvaal is as populasie beskou.

'n Steekproef is op 'n sistematiese wyse uit die DSO-populasie geselekteer, en verteenwoordig dus die teikenpopulasie in hierdie navorsing.

#### 1.4.2.3 Statistiese tegniek

Die data van die vraelys is met behulp van die rekenaar verwerk. 'n Frekwensieontleding is gebruik.

## 1.5 UITVOERBAARHEID

★ Beskikbaarheid van toepaslike bronne in die RSA het 'n probleem geskep. Buitelandse literatuur het die probleem ondervang.

★ Verlof vir die uitstuur van die vraelys is van die TOD verkry.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

HOOFSTUK 1: Oriëntering
HOOFSTUK 2: Die aard van gebeurlikheidsbeplanning
HOOFSTUK 3: DSO as gebeurlikheidsplanbestuurder
HOOFSTUK 4: Empiriese ondersoek en interpretasie van data
HOOFSTUK 5: Samevattende perspektiefstelling.

## 1.7 SAMEVATTING

Daar is aangetoon dat die bestuur en implementering van die gebeurlikheidsplan aan die DSO opgedra is. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, ondervind die DSO bepaalde tekortkominge. Om antwoorde te vind vir die leemtes is die doel gestel om deur middel van navorsing te bepaal hoe die implementeringstruikelblokke oorbrug kan word. Die paraatheidstand van die skool blyk die beste skans te wees vir gekoördineerde optrede gedurende noodsituasies, wat deur bestuurs-verantwoordelikheid in sulke situasies gesteun moet word.

# HOOFSTUK 2

## DIE AARD VAN GEBEURLIKHEIDSBEPLANNING IN DIE SKOOL

### 2.1 INLEIDING

Alle organisasies (i.c. skool) is blootgestel aan risiko's en insidente wat mense kan benadeel of terreine of geboue kan beskadig. Om dié rede beveel Petak en Atkisson (1982:27) aan dat daar in gebeurlikheidsbeplanning van menslike aktiwiteite, strategieë en voorsorgmaatreëls gebruik moet word om die moontlikheid of blootstelling aan 'n risiko te verminder of uit te skakel. In 'n gebeurlikheidsplan van 'n skool word daar dus daarvoor voorsiening gemaak om menselewens te beskerm en rampgevaar te minimaliseer en af te weer deur alle beskikbare middele, mannekrag en fasiliteite gekoördineerd en doelgerig aan te wend om 'n insident te voorkom of die gevolge daarvan so doeltreffend moontlik te bekamp.

Aangesien gebeurlikheidsbeplanning in Suid-Afrikaanse skole 'n redelike resente ontwikkeling is, is dit noodsaaklik dat die aard van gebeurlikheidsbeplanning in hierdie hoofstuk eers ontleed word.

### 2.2 BEGRIPSPRESISERING

Alhoewel die term gebeurlikheidsbeplanning van resente oorsprong is, word daar reeds in die literatuur van 'n bepaalde terminologie gebruik gemaak. In gebeurlikheidsbeplanning is daar bepaalde kernbegrippe wat semanties uitgeklaar moet word, byvoorbeeld veiligheid, beveiliging, beskerming, risiko, insident, ramp en noodgeval. Vir doeleindes van hierdie navorsing sal hierdie terme ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning omskrywe moet word sodat verskille en verbande tussen hulle aangetoon kan word ten einde enige mate van begripsverwarring uit te skakel.

### 2.2.1 Gebeurlikheidsbeplanning

Bult (1981:440) voer aan dat gebeurlikheidsbeplanning die bestaan van 'n goed deurdagte en beproefde plan impliseer, wat deur die skoolhoof en verantwoordelike onderwysers opgestel is, om 'n moontlike insident asook 'n ramp te voorkom of die gevolge daarvan die verminder. Aansluitend hierby sê Sorensen (1985:34) dat die skoolhoof moreel, eties en wetlik verplig om toe te sien dat die skool 'n veilige plek vir onderwysers en leerlinge is. Die skoolhoof moet toesien dat die toepassing van veiligheidsmaatreëls, wat in die gebeurlikheidsplan geformuleer is, doeltreffend uitgevoer word indien veiligheidsprobleme ondervind sou word (vergelyk Ciminillo, 1980:84).

Gebeurlikheidsbeplanning in die skool behels dus die voorkoming en ook die onmiddellike en gekoördineerde reaksie op insidente, minimalisering van die gevolge van insidente en die omkering van 'n terreur terug na die normale.

Alhoewel skrywers soos Liebetrau (1987:186) en Du Toit (1984:37) praat van noodplan, bedoel hulle klaarblyklik ook daarmee gebeurlikheidsbeplanning. Ook maak die Transvaalse Onderwysdepartement van die term noodplan gebruik in die geheime dokument aan kollege, skool en koshuise (TOD, 1992) en riglyne (TOD, 1986:hfst. 35). In hierdie skripsie word die meer algemene benaming, naamlik gebeurlikheidsbeplanning gebruik na aanleiding van die gebruik van die term in die sillabus, **Die Geesteswеerbaarheidsprogram in die sekondêre skool** (TOD 1987 (b):3) omdat gebeurlikheidsbeplanning 'n breër konsep is as noodplan, want dit sluit alle bestuurshandelinge in.

### 2.2.2 Beveiliging

In die skool is leerlinge en personeel dikwels blootgestel aan mensgemaakte rampe wat meer verliese meebring as gevolg van die feit dat sulke rampe meer voorkom as natuurlike rampe (Whittow, 1980:20). Volgens Du Preez (1980:6) is dit nodig dat daar

voorsorgmaatreëls getref moet word vir die beveiliging en beskerming van menselewens, eiendom en toerusting.

Daar kan dus van die aanname uitgegaan word dat beveiliging sowel 'n proaktiewe as reaktiewe funksie het. Gebeurlikheidsbeplanning in die skool as komponent van beveiliging voldoen aan beide hierdie funksies. Op reaktiewe vlak word 'n gebeurlikheidsplan geïmplementeer nadat 'n beveiligingsbreuk plaasgevind het en voorkomend as waargeneem word dat 'n krisis toeneem.

### 2.2.3 **Risiko**

Volgens Mackenzie *et al.* (1983:16) is risiko 'n woord wat dui op insidente of ondernemings wat nadelige gevolge kan inhou. Roelofse (1986:12) meen dat 'n risiko die bedreiging of opsetlike handeling is wat op die kwespunt of beveiligingsmaatreëls van 'n organisasie gerig is met die opset om daardie organisasie of persoon daarby betrokke te benadeel.

Volgens Goss (1981:3) is dit onmoontlik om alle risiko's te ontduik; daarom meen Foster (1980:1) ontwerp gemeenskappe handelinge om binne perke van verdraagsaamheid teenoor natuurlike en mensgemaakte rampe op te tree.

Bult (1981:431) omskryf 'n risiko as die moontlikheid van verlies aan menselewens en besittings wat volgens Vogel (1981:75) gemeet kan word in terme van waarskynlikheid.

Petak en Atkisson (1982:11) voer aan dat 'n risiko uit twee hoofkomponente bestaan, te wete:

* Die moontlikheid dat 'n insident of reeks insidente van verskillende aard mag gebeur, en

* die gevolge van die gebeure.

Die gebeurlikheidsplan in die skool is toekomsgerig en daar word aanvaar dat deur beplanning die skool hom in die toekoms kan indink en gevolglik daarvoor kan beplan. Risiko's en gebeure word dusdoende geantisipeer. Vir die doeleindes van gebeurlikheidsbeplanning in die skool sal hoofsaaklik aandag geskenk word aan eenvoudige risiko's, dit wil sê, vyandige of aggressiewe optredes, ongelukke waarin leerlinge, onderwysers, administratiewe personeel en werkers van 'n skool betrokke is. 'n Volledige bespreking van die algemene kenmerke van 'n risiko word later gegee. (Vergelyk 2.4.3.1 en 2.5.1.)

### 2.2.4 **Insident of gebeure**

Wanneer 'n risiko 'n werklikheid word deur 'n aanslag op die omgewing (i.c. menselewens en eiendom) het ons 'n insident of gebeure (Whittow, 1980:19). In veiligheidskonteks is 'n insident 'n ongewensde gebeure wat die normale gevoel van veiligheid onderbreek en wat onafwendbaar tot verliese lei van menselewens of eiendom (Mackenzie *et al.* 1983:18).

Om dié rede ontwikkel, beplan, toets en onderhou die skool 'n gebeurlikheidsplan om menselewens te beskerm en rampgevaar te verminder of uit te skakel.

### 2.2.5 **Ramp**

'n Ramp is 'n insident wat die lewe, veiligheid van eiendom bedreig of aantas en soveel skade en verlies veroorsaak dat dit in die gemeenskap nie met normale middele bekamp kan word nie (Du Toit, 1984:1).

'n Ramp veronderstel 'n gebou wat tuimel, 'n kernreaktorramp, 'n epidemie, 'n damwal wat breek of ook mensgemaakte rampe soos wanordelike groepe mense, betogings

of ontsnappings (Leonard, 1973:37) asook natuurlike rampe soos aardbewings, rukwinde, tornado's, vloede, vulkaniese ontploffings en brande.

Geen skool bestaan in isolasie nie, maar word beïnvloed deur sy eksterne en interne omgewings. Daarom word deur gebeurlikheidsbeplanning in die skool 'n plan opgestel sodat daar opgetree kan word wanneer 'n ramp die skool sou tref.

### 2.2.6 **Noodgeval**

'n Noodgeval is die onvoorspelbare sameloop van omstandighede of die resultaat van 'n insident wat spoedige optrede vereis, om lyding te verlig en lewens en eiendom te beskerm (North Carolina State Division of Emergency Management, 1981:3; Leonard, 1973:280).

In die skool sal die bestuur van die noodgeval primêr daarop ingestel wees om die vernietigende uitwerking tydens 'n noodgeval te verlig of die krisissituasie ten minste te stabiliseer totdat hulp van buite opdaag.

### 2.2.7 **Beskerming**

Dit is volgens Goss (1981:2) die wyse waarop mense, eiendom en ander waardevolle artikels beveilig word teen ongewensde gebeure deur stelsels en opleiding wat beplan en ingestel word wat kan dien as beskermende sekuriteitsmaatreëls. Basiese veiligheidsbeskerming beklemtoon dat die verantwoordelikheid vir beskerming van geboue, toerusting, bates, mense (in die skool: die leerlinge, personeel, administratiewe personeel en werkers) in die bestuur van die organisasie (i.c. skool) gesetel is (Spooner Ravenscroft, 1981:468).

Om verder dus die veiligheid van die leerlinge en personeel en ander persone in die skoolsituasie te verseker, is dit noodsaaklik om effektiewe beveiligingsmaatreëls te

implementeer (Steenkamp, 1981:6). Tersaaklike maatreëls sal wees om toegang te kontroleer, beserings en beskadiging van toerusting en menselewens teen sabotasie, brand of ander risiko's te bekamp. Verder moet verliese deur diefstal beveg en leerlinge, personeel en andere teen misdaad en geweld beskerm word.

### 2.2.8 Veiligheid

Onderwysowerhede en skole gee besondere aandag aan veiligheid van leerlinge en voorkoming van beserings. Elke skool se veiligheidsprogram moet volgens die besondere behoeftes en omstandighede van die betrokke skool beplan, opgestel en geïmplementeer word. Volgens Van Wyk (1985:92) hou leerlingveiligheid in die skool direk verband met aspekte soos toesig oor leerlinge, delegering van gesag, aanspreeklikheid van onderwysers en onderwysowerhede.

Dit blyk dus dat leerlingveiligheid vele bestuursimplikasies het wat duidelik sal blyk uit die bestuurstaak van die DSO ten opsigte van die bestuur van die gebeurlikheidsplan. (Vergelyk 3.3. en 3.4.)

## 2.3 SEKERHEIDSBEWUSTHEID

Sekerheidsbewustheid is 'n begrip wat aan die hand van veiligheidsterminologie (vergelyk 2.2) in die praktyk by mense tuisgebring moet word. In dié proses sal bepaalde reaksies ontlok en noodwendig gesindhede blootgelê word. Om dus 'n positiewe houding ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning te bevorder, moet die belangrikheid van veiligheid gedurig beklemtoon word en moet 'n positiewe gesindheid teenoor veiligheid, veral by die bestuurskomitee van enige organisasie (i.c. skool) ontwikkel word (Margolis, 1975:14).

Volgens Mackenzie *et al*. (1983:18) lê sekerheidsbewustheid gewortel in die persoonlike bewustheidsgraad en houding teenoor veiligheid wat geken word aan 'n persoon

se optrede, gewoontes met betrekking tot persoonlike of familiebeveiliging. Tereg word in die **Sillabus vir Geesteswerbaarheid** (TOD, 1987(b):7) as doel gestel dat ouers, leerlinge en onderwyspersoneel oor die algemeen meer sekerheidsbewus gemaak moet word, want Strümpfer (1975:69) het alreeds in sy navorsing bevind dat dit uiters moeilik is om mense onder gewone omstandighede tot noemenswaardige mate van voorbereidheid ten opsigte van rampe te beweeg. Daarom moet sekerheidsbewustheid (TOD, 1987(b):7) ingeskerp, geoefen en aangeleer word deur elke individu in die skoolsituasie deur die implementering van 'n gebeurlikheidsplan en onderrig in veiligheidsaspekte van die skool.

Om sekerheidsbewustheid by leerlinge en personeel te bevorder, kan van die volgende tegnieke gebruik gemaak word:

- ★ Veiligheid by die personeel moet reeds in die onderhoudvoering van nuwe personeel beklemtoon word.

- ★ Klem moet op opleiding in veiligheidsprogramme by onderwysers en noodspanne gelê word.

- ★ Daar moet toegesien word dat nuwe personeel inskakel by reeds opgeleide personeel in die veiligheidsprogram.

Uit navorsing onderneem deur Foster (1980:2) blyk dit dat ten spyte van die toenemende kennis en tegnologiese vooruitgang, verliese as gevolg van natuurlike en mensgemaakte rampe net so geweldig toeneem as aardse rykdom en populasie toeneem. Foster (1980:3) is daarvan oortuig dat verliese ten opsigte van menselewens en eiendom in bedwang gehou kan word deur strenge toepassing en uitbreiding van al die aspekte (vergelyk 2.2) van gebeurlikheidsbeplanning. Dit is daarom noodsaaklik om veiligheid by elke individu, so ook by die skoolkind en personeellid te bevorder. Dit sou moontlik wees deur die inskerping by alle betrokkenes met 'n positiewe gesindheid ten opsigte van veiligheid en wat ook oor 'n hoë mate van veiligheidsbewustheid in die werksomgewing beskik.

### 2.3.1 Veiligheid in die werksomgewing (i.c. in die skool)

Die verantwoordelikheid vir die beveiliging van die skool berus hoofsaaklik by die skoolhoof en departementshoofde. Die bestuur moet dus oordeel óf die organisasie blootgestel is aan moontlike natuurlike of mensgemaakte rampe (Spooner Ravenscroft, 1981:446). Volgens Steenkamp (1981:4) sal die houding van die bestuur ten opsigte van veiligheid die aard van toepassing van veiligheidsmaatreëls bepaal.

Duidelike antwoorde moet op die volgende vrae verskaf word: Hoe word veiligheid in die skool deur die personeel gesien en wat is hulle gesindheid daarteenoor? Negatiewe antwoorde kan moontlik deur een of meer van die volgende veroorsaak word (Steenkamp, 1981:4):

★ Gebrek aan begrip vir die rol wat veiligheid speel.

★ Dit sal nooit met ons gebeur nie.

★ Weerstand van die kant van die bestuurskomitee weens finansiële uitgawes daaraan verbonde.

★ Ontevredenheid van die kant van die personeel weens onvoldoende veiligheid-maatreëls, byvoorbeeld identifikasie of toegangsbeheer.

★ Die manier waarop veiligheid in die skoolsituasie geïmplementeer word.

### 2.3.2 Die doel van beveiliging in die skool

Die doel van die beveiliging in die werksituasie manifesteer volgens Vogel en De Wet (1981:166) in die volgende:

* Om die skool 'n veilige plek te maak om te werk (i.c. te onderrig en te leer).

* Om moontlike bedreiginge, dit wil sê risiko's, uit te skakel en/of te versag om sodoende leerlinge en personeel en geboue te beveilig en te beskerm. (Vergelyk 2.2.6.)

* Om by te dra tot die gevoel van veiligheid deur die handhawing van wet en orde om die leerling, onderwyser en die skool deur die voorkoming van moontlike rampe te beskerm.

## 2.4 REDE VIR 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN IN SKOLE

Vanweë gebeure in die hedendaagse samelewing in die Republiek van Suid-Afrika, onder andere die bedreiging van landsinstellings, handhawing van wet en orde en terrorisme, word die skool as opvoedingsinstelling van die samelewing betrek. Vanselfsprekend word die opvoeder om pedagogiese sowel as juridiese redes betrek by die beskermingsaksie in die skool rakende die veiligheid van leerlinge, personeel en geboue.

### 2.4.1 Pedagogiese oorwegings

Volgens die in loco parentis-beginsel (vergelyk 2.4.2) staan die ouer vrywillig 'n deel van sy opvoedingstaak en ook van sy beveiligingsverantwoordelikheid teenoor die kind aan die onderwyser af (Borman, 1988:12). Dat hierdie argument steek hou, blyk ook uit die woorde van Clutterbuck (1975:134) wanneer hy oor beveiliging en beveiligingsopvoeding wys op die taak van die ouers en die onderwyser in hierdie opsig.

Beveiliging van leerlinge kan dus as 'n primêr gegewe opdrag aan die opvoeder gesien word. Opvoeding in veiligheidsverband het dus noodsaaklik geword. Om hieraan uitvoering te gee, het die **Transvaals Onderwysdepartement** (TOD, 1987(b):3)

opvoeding in sekerheidsbewustheid, asook verkeersveiligheidsbewustheid ingesluit in die **Fisieke Aktiwiteiteprogram** in die skool. In die **TOD-omsendminuut 98 van 1987** word die belangrikheid van die Fisieke Aktiwiteiteprogram as onderafdeling van die Jeugweerbaarheidsprogram, waarvan Geestesweerbaarheid die ander onderafdeling uitmaak, beklemtoon en word die aandag daarop gevestig dat die inhoud van elke afsonderlike komponent 'n doelbewuste opvoedingshandeling inhou wat ten doel het om die leerling nog beter vir 'n verantwoordbare lewenswyse en verhoogde lewenskwaliteit toe te rus. Vroeër het Du Toit (1984:145) die waarde van die Jeugweerbaarheidsprogram beklemtoon uit hoofde van die feit dat talle sake wat in gebeurlikheidsbeplanning aangewend word deur die Geestesweerbaarheidsleerplan gedek word.

In Transvaal word volgens die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie van die Transvaalse Onderwysdepartement** (TOD, 1986:322), bepaal dat dit noodsaaklik is dat alle opvoedkundige inrigtings oor 'n interne gebeurlikheidsplan (i.c. noodplan) moet beskik om onmiddellik ná 'n voorval selfonderhoudend te kan optree totdat professionele dienste of hulp van buite opdaag (Roos, 1981:514).

Vanaf 1992 word die bestaande fisieke weerbaarheidsaktiwiteite (TOD 1987(b)) vir dogters en die kadetprogram herkurrikuleer en landswyd in sekondêre skole saamgevoeg in 'n nuwe program met verantwoordelike burgerskap ten doel. In die nuwe program wat as burgerskapopvoeding bekend staan, is gedifferensieerde programkomponente die volgende:

- ★ 'n Burgerskapprogram vir seuns en dogters.
- ★ 'n Kadetprogram vir seuns.
- ★ Gebeurlikheidsbeplanning vir dogters.
- ★ 'n Kreatiwiteitsprogram vir seuns en dogters.

Gebeurlikheidsbeplanning word vir beide seuns en dogters aangebied. By die seuns vorm dit deel van die kadetprogram (TOD, 1991:9).

Vergelyk hiermee die gevorderde wyse van opvoeding in primêre en sekondêre skole in byvoorbeeld Japan, die Fillipyne en Australië (Brown, 1979:43) in gebeurlikheidsbeplanning ten opsigte van moontlike insidente. Dit is dus 'n saak wat ten spyte van wat die TOD reeds gedoen het ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning, dringender aandag vereis, veral onder die bestuur en onderwysers van skole in die RSA.

### 2.4.2 **Juridiese oorweging**

Vervolgens word kortliks besin oor die belangrikste regsbepalinge ten opsigte van veiligheid in skole en die implikasies daarvan. Wat die veiligheid van die kind oor die algemeen betref, is daar wette en regulasies van owerheidsweë wat sodanige veiligheid in die skool wil verseker. Wette en regulasies wat in hierdie verband gemaak is, handel oor 'n wye spektrum sake wisselende van die gees van die inrigting tot die fisieke veiligheid van die kind (Prinsloo & Beckmann, 1987:71). Die Kinderwet (33/1960) maak spesifiek voorsieining vir die veiligheid van die kind ten opsigte van die skool.

Leerlinge, onderwysowerhede en beveiligingsinstansies kan met reg aanspraak maak op die aktiewe deelname van die onderwyskorps aan die beveiligingsaksies by skole, veral met die oog op die beveiliging van leerlinge in 'n terreurmilieu (Borman, 1988:13).

Hierdie aanvaarding van beveiligingsverantwoordelikhede is egter nie geheel vrywillig nie. Die Kinderwet (33/1960), lê verpligting op die onderwyser om die kind te beveilig, onder andere teen mense "**.....wat sy vryheid wil aantas.....**". Dit kan in dié verband as beginsel gestel word dat daar van deskundige persone, soos onderwysers, verwag word om besondere sorg aan die dag te lê in hul toesig oor kinders.

Onderwysdepartemente verwag van skole ten opsigte van die veiligheid van kinders die volgende (Van Wyk, 1985:94):

* 'n Duidelike skoolbeleid ten opsigte van leerlingveiligheid.

* Uitvoering van die beleid.

* Voorligting aan onderwysers en leerlinge ten opsigte van veiligheidsbeginsels.

* Uitkenning van onveilige toestande en aanwending van voorsorgmaatreëls.

* Toepassing van dissiplinêre maatreëls by opsetlike oortreding van veiligheidsreëls.

* 'n Noukeurige rekord van alle skoolongelukke om herhaling te voorkom.

Bogenoemde skoolbeleid en voorkomingsmaatreëls sowel as skoolreëls betreffende veiligheid moet doeltreffend aan onderwysers en leerlinge bekendgestel word. In sy toesig oor die kind en voorsorg moet die onderwyser ook optree soos 'n redelike persoon (dit wil sê soos 'n sorgsame gesinshoof) en moet hy in besondere omstandighede die moontlikheid voorsien dat sy optrede of versuim om op te tree vir die kind skade mag meebring. Hy moet toereikende stappe kan doen om die moontlike skade te voorkom. Indien hy dit nie doen nie, kan hy aan nalatigheid skuldig wees (Prinsloo & Beckmann, 1987:72).

Volgens die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie van die Transvaalse Onderwysdepartement** (TOD, 1986:98) is die uitgangspunt dat, indien daar geen nalatigheid aan die kant van die onderwyser is nie, nóg die betrokke onderwyser nóg die skoolowerhede aanspreeklik gehou kan word vir beserings wat deur leerlinge by die skool opgedoen word. Die regsreëls in verband met nalatigheid is afkomstig van die gemenereg. Wanneer daar egter by die skool gevaarlike situasies opduik wat nie deur die wetgewer voorsien is nie, vereis die gemenereg dat hy so sal optree dat daar nie

sprake van nalatigheid is nie, aldus Van Wyk (1985:95).

Uit voorafgaande blyk dit dat daar besondere verantwoordelikhede op die onderwyser rus ten opsigte van die veiligheid van die leerling. Vanweë sy besondere kennis van die kind moet die onderwyser dus besondere sorg dra vir die kind se welsyn en veiligheid dra (Prinsloo & Beckmann, 1987:113).

### 2.4.3 Voorkoming as onderliggende filosofie van gebeurlikheidsbeplanning

Die onderliggende filosofie van gebeurlikheidsbeplanning oor die algemeen is die voorspelling van 'n moontlik aftakelende gebeurtenis en die voorkoming daarvan. (Mackenzie *et al.*, 1983:20.) Normaalweg is die gebeure (vergelyk 2.2.3) van menslike of natuurlike oorsprong en sulke oorsake kan vasgestel, voorspel en gekontroleer word (Mackenzie *et al.*, 1983:2).

Die doel van gebeurlikheidsbeplanning is, waar dit moontlik is om die gebeure te vermy en om verdere verlies en skade tydens en na sulke gebeure te verhoed (vergelyk 2.2.2). Die skool se gebeurlikheidsplan moet volgens die besondere behoeftes en omstandighede van die betrokke skool beplan, opgestel en geïmplementeer word (Van Wyk, 1985:93).

Volgens die **Transvaalse Onderwysdepartement** (TOD, 1992:4) behoort 'n gebeurlikheidsplan vir die betrokkenes dit moontlik te maak om die volgende resultate te bereik:

- 'n Moontlike terreuraanslag te voorkom of af te weer.

- Die gevolge van die ramp doeltreffend te hanteer.

- Tydens 'n krisissituasie selfonderhoudend te wees totdat professionele dienste en hulp van buite opdaag.


Talle kulturele en natuurlike faktore dra by tot die uniekheid van elke skool. Weens hierdie feit dra die onderwysdepartemente nie ten volle kennis van al die faktore wat by elke skool 'n rol speel nie en kan hul slegs algemene voorskrifte maak ten opsigte van leerlingveiligheid (Van Wyk, 1985:93).

Rossi *et al.* (1982:41) het in 1977 navorsing gedoen oor hoe 20 state in die Verenigde State van Amerika tydens die bedreiging van vier natuurlike rampe agtien gebeure in volgorde van omvang gerangskik het. Die navorsingsuitslag het almal verbaas toe bevind is dat die natuurlike rampe in rangorde laag op die lys gelê het. Die mees algemene ramp, naamlik vloedwater, het twaalfde op die lys gelê, brand dertiende, orkane en tornado's vyftiende en sestiende en aardbewing heel onder op die lys, naamlik agtiende.

Hierdie navorsing toon noue ooreenkoms met die bevindinge van Mackenzie *et al.* (1983:20) ten opsigte van rampe.

Figuur 2.1

**Voorkomingspektrum**



Met hierdie voorkomingspektrum het Mackenzie *et al.* (1983:20) beklemtoon dat hoe groter die bewustheid van die gevaar is, hoe hoër is die graad van voorkoming. Die vermoë om die risiko te hanteer is beter, want daar bestaan voorsorgmaatreëls asook wyses van optrede wanneer die situasie realiseer om die gevaar en verliese te minimaliseer. By nadere ontleding van die moontlike bedreigings blyk dit dat sekere bedreigings, soos byvoorbeeld brand, makliker voorkombaar of beheerbaar is as ander deur slegs die toepassing van redelike veiligheidsmaatreëls, veral in die skoolsituasie waar die skoolhoof, met inagneming van departementele voorskrifte, 'n volledige veiligheidsprogram behoort op te stel en te implementeer (Van Wyk, 1985:93).

Die plek, tyd en spesifieke aard en omvang van 'n ramp is meestal onvoorspelbaar, maar die ondervinding het geleer dat 'n gemeenskap wat beplan het vir noodoptrede, die beste daartoe in staat is om die nadelige gevolge van 'n ramp te verminder (TOD, 1987(b):3).

Die potensiaal van voorkoming is baie nou verwant aan veiligheidsopvoeding en -opleiding deurdat dit 'n proaktiewe element inhou.

## 2.5 BEVEILIGINGSPROGRAM (i.c. gebeurlikheidsplan in skole)

### 2.5.1 Beveiligingsoorte

Daar is drie soorte beveiliging in die gemeenskap te onderskei (Goss, 1981:2):

- ★ Beskermde beveiliging waar sisteme en opleiding beplan en ingevoer word om die ongewensde insident te verhoed.

- ★ Opsporingsbeveiliging, waar apparate aangebring word om te verseker dat die moontlike ongewensde insident ontdek word.

* Gewaarborgde beveiliging, waar van versekering gebruik gemaak word om te verseker dat materiële verliese volkome geldelik gedek is.

Die Transvaalse Onderwysdepartement vereis die inwerkingstelling van verdedigingsmaatreëls, -middels en -stelsels om te verhoed dat vyandelike optrede van buite die rustige en ongestoorde verloop van die opvoedingsproses belemmer (TOD, 1992:4). 'n Voorvereiste vir die daarstelling van 'n beveiligingsprogram is dat die interne (i.c. skool) en eksterne omgewing van die saak deeglik in aanmerking geneem moet word ten einde te bepaal watter invloede vanuit beide omgewings op die instelling inwerk of mag inwerk. (Vergelyk 2.5.2.1.)

Ciminillo (1980:82) beklemtoon dat eksterne druk, onder andere gebroke huise waaruit leerlinge kom, armoede, sosiale vervreemding en aftakeling van respek vir gesag, die invloed van sosiale probleme wat veral in groter skole realiseer, is kenbare faktore wat die skoolveiligheid kan bedreig en die opvoedkundige proses kan ondermyn. So ook oefen ekonomiese, sosiale, linguïstiese, psigiese, biotiese, fisiese en demografiese faktore invloed uit op skole (Van Wyk, 1985:93). Die feit bly egter staan dat die skoolhoof aanspreeklik gehou word vir alle insidente wat in die skool mag ontstaan wat die welstand van onderwysers en leerlinge kan bedreig (Ciminillo, 1980:81). Daarom lê die verantwoordelikheid by die skoolhoof en departementshoofde om wanneer veiligheid in die skool bedreig word, die probleem te ontleed; beveiligingsmaatreëls voor te skryf wat van toepassing is op die situasie; effektief op te tree indien die insident plaasvind en, om ook die gemeenskap bewus te maak van probleme en behoeftes (Ciminillo, 1980:84). Hoe groter die bewustheid (vergelyk 2.3) teen moontlike risiko's, hoe hoër is die graad van beveiliging (Mackenzie, *et al.*, 1983:20).

### 2.5.2 Risikostudie

#### 2.5.2.1 Identifisering en analise van risiko's

Identifisering en analise van risiko's behels 'n detaillering van die organisasie en sy

omgewing waaruit daar afleidings oor kwesbaarhede en risiko's (vergelyk 2.2.2) gemaak kan word. Daarom is dit belangrik dat die skoolhoof en departementshoofde die eksterne en interne omgewing voortdurend moet dophou om op hoogte te bly van veranderde houdings teenoor die skool.

'n Risiko-ontleding sluit drie operasionele elemente in, naamlik:

* Risiko-identifikasie, dit wil sê die beskrywing van die risiko wat 'n omgewing bedreig, en dan in die rangorde geklassifiseer van bedreiging wat dit vir menselewens en eiendom inhou (Foster, 1980:45).

* Risikoskatting wat gemik is op die identifisering van:

  - die moontlikheid wat bestaan dat spesifieke insidente van vasgestelde intensiteit binne die raamwerk van 'n vasgestelde tyd sal gebeur;

  - die area en/of die populasie wat aan die insident blootgestel is (i.c. skool, onderwysers en leerlinge);

  - die kwesbaarheid van die area (i.c. skool) en die populasie (i.c. onderwysers en leerlinge) vir die gevolge van die insident, en

  - wat die gevolge weens blootstelling aan die verwagte insident na 'n spesifieke tydsverloop op die gemeenskap sal wees.

* Risikoberekening wat dui op die aktiwiteite wat die vraag: **"Hoe veilig is veilig genoeg?"** probeer beantwoord. Risikoberekening is 'n belangrike komponent van die veiligheidsbeleid en verskaf ook maatstawwe waaraan 'n risiko gemeet kan word (Petak & Atkisson, 1982:11).

### 2.5.2.2 Kenmerke van 'n risiko

Elke risiko het sy eie kenmerkende karaktertrekke en dit kan verskil afhangende van tyd en plek. Die volgende algemene kenmerke van 'n risiko kan geïdentifiseer word:

★ Aard van waarskuwing - tyd as bepalende faktor vir doeltreffende optrede.

  As daar voldoende tyd is, kan die mens sekere rampe ontkom (Whittow, 1980:371). Die aard van waarskuwings teen die onderskeie insidente is aan mense bekend, byvoorbeeld dat 'n ekstra lae lesing op die barometer op sterk winde, donderstorms en selfs tornado's dui (Leonard, 1973:4).

★ Intensiteit van fisiese aanslag. Is dit 'n skielike aanslag of is daar geleidelike toename in geweld? (Petak & Atkisson, 1982:101).

  Met intensiteit word hier bedoel windgeweld, waterdiepte, grondskudding of grondverskuiwing.

★ Kan die risiko gekontroleer of beheer word?

  Petak en Atkisson (1982:27) wys daarop dat menslike optrede die impak van die insident kan verander deur die intensiteit te verhoog of te verminder, die area van die insident te verander en die graad van blootstelling aan mense en eiendom te beïnvloed, asook om die kwesbaarheid van mense en eiendom in die rampsituasie te beïnvloed.

★ Oorsprong van die bedreiging - mensgemaakte of natuurlike ramp?

  Navorsing in Kanada, uitgevoer deur Wapner, Cohen en Kaplan (soos aangehaal deur Whittow, 1980:21) het getoon dat rampe ingedeel word in natuurlike rampe, mensgemaakte rampe, sosiale rampe en kwasi-natuurlike rampe van lug- en waterbesoedeling.

* Herkenbaarheid van die bedreiging. Is dit vreemde of bekende gebeure? (Rossi, *et al.*, 1982:10.)

Foster (1980:1) wys daarop dat dit onmoontlik is om alle risiko's te vermy. Daarom moet die opstellers van 'n gebeurlikheidsplan die risiko's waaraan 'n organisasie (i.c. skool) onderworpe is met mekaar vergelyk, asook die graad van waarskynlikheid dat 'n spesifieke voorval kan plaasvind en dan daarvolgens beplan (Du Preez, 1980:35). Manifestasie van hierdie risiko's vereis 'n onmiddellike gekoördineerde optrede soos omvat in gebeurlikheidsbeplanning ten einde die uitwerking van die insident tot die minimum te beperk.

### 2.5.2.3 **Waarskynlikheid van 'n risiko**

Die graad van die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis kan kwantitatief uit die risiko- en waarskynlikheidstudie bepaal word. Die vertrekpunt is egter dat daar eers 'n risikostudie gedoen moet word om inligting in te win wat gebruik kan word vir die waarskynlikheidstudie (Roelofse, 1986:14).


### 2.5.2.4 **Fases in risikostudie**

Die volgende organogram is ontleen aan 'n rekenaarsekuriteitsprogram wat deur Broadbent (1979:17) opgestel is en wat met vrug in die gebeurlikheidsbeplanning van die skool in die fase van risikostudie gebruik kan word.

Figuur 2.2

**FASES IN RISIKOSTUDIE**

(Broadbent, 1979:17)




## 2.6 DIE REDE VIR 'N RISIKOSTUDIE IN DIE SKOOL

In welke mate is die skool hier te lande aan risiko's blootgestel? Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind, moet daar 'n opname en dieptestudie onderneem word wat intensief gerig is op die leemtes van risikobestuur van die skool. Daar moet 'n duidelike beleid wees met betrekking tot alles wat beskerm moet word (Du Preez, 1980:35). Die aard van die opname- en dieptestudie word in skole bepaal deur individuele behoeftes en omstandighede (Bult, 1981:431). Die leemtes in risikobestuur sal gevolglik gesoek moet word by dit wat beskerm moet word. So 'n opname moet

ingestel wees om objektiewe feite te dokumenteer. Inligting kan byvoorbeeld verkry word uit bestaande wetenskaplike bronne, wat verkry word uit akademiese, sake- en staatkundige bronne, kaarte en rekords wat opgestel is oor die omgewing (Foster, 1980:47). Ten einde 'n gebeurlikheidsplan daar te stel, moet die beplanner oor soveel inligting as moontlik met betrekking tot risiko's beskik. Dit is egter 'n feit dat daar oor spesifieke risiko's in bepaalde omgewings min beskikbare inligting is. Daarom moet van alle beskikbare inligting gebruik gemaak word om 'n moontlike insident te kan voorspel of om prosedures te ontwerp om dit te voorkom of om die uitwerking daarvan te verminder (Foster, 1980:62).

Die opname moet nie slegs die identifikasie van risiko's insluit nie, maar moet sover as moontlik die uitwerking van sulke risiko's in terme van menselewens en geldwaarde bepaal (Bult, 1981:432).

Dit is egter moeilik om tydens so 'n opname die risiko's ten opsigte van menselewens en eiendom, soos in 'n bomaanslag, te skei (Du Preez, 1980:35).

Vervolgens word aandag geskenk aan die klassifikasie van veiligheidsrisiko's in skoolverband.

## 2.7 VEILIGHEIDSRISIKO'S IN DIE SKOOL

### 2.7.1 Blauvelt se klassifikasie

Blauvelt (1987:4) klassifiseer risiko's in die skool in twee kategorieë, naamlik:

* Risiko's met betrekking tot eiendom:
  - Brandstigting,
  - bomaanslag,
  - inbraak,
  - diefstal en
  - vandalisme.

★ Risiko's met betrekking tot die persoon:
- Aanranding,
- bakleiery,
- afpersing,
- seksoortredings,
- ongemagtigde toegang,
- wapens,
- dwelms/alkohol.

2.7.2 **Risiko's volgens die Transvaalse Onderwysdepartement**

Volgens **Departementele voorskrif vir Transvaal** (TOD, 1986: Bylae A:25-31) kan met betrekking tot die volgende moontlike risiko's in skole beplan word:

★ Werwelwind,

★ aardbewing en/of sinkgat,

★ terroriste-aanval,

★ brand,

★ terroriste-aanval tydens pouses, voor skool of na skool of tydens klaswisseling,

★ bomdreigement,

★ skaking van hoof of personeel,

★ ontwrigting van kommunikasiekanale,

★ ontruiming,

* gyselaarsoptrede,

* busse,

* pouse en buitemuurse bedrywighede asook saalfunksies, en

* tydens TOD-eksamen.

### 2.7.3 Ander sekuriteitsbreuke

Die Transvaalse Onderwysdepartement vereis dat vanweë die erns van die saak, dadelik skriftelik aan die Hoofkantoor (Seksie 4A (2)) rapporteer moet word oor voorvalle soos onwettige betreding van persele, inbrake, diefstal, aanranding op personeel, revolusionêre bedreiging, terreurbedreiging in sy totaliteit, 'n aanslag teen die personeelkorps, spioenasie-aanslae op informasie, sabotasie van materiaal, uitrusting en eiendom (TOD, 1992:30).

## 2.8 DOELTREFFENDHEID VAN BEVEILIGINGSMAATREëLS

'n Vraag wat onvermydelik na vore tree is: Hoe doeltreffend is die beveiligingsmaatreëls wat tans in Transvaalse skole toegepas word?

Volgens die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie** (TOD, 1986:32) is hoofde daarvoor verantwoordelik dat alle inrigtings onder hulle beheer oor 'n deeglike en praktiese gebeurlikheidsplan moet beskik en dat hierdie gebeurlikheidsplan by die plaaslike Burgerlike Berskerming se beplanning moet inskakel.

In die geval van 'n definitiewe geïdentifiseerde bedreiging, aanval of ramp sal die Suid-Afrikaanse Polisie en Burgerlike Beskerming hulp verleen.

Die voorvereiste vir enige gebeurlikheidsplan is dat dit enige indringing of aanval moet vertraag totdat hulp van buite opdaag (Roos, 1981:514). Voordat hulp opdaag, sal alle opvoedkundige inrigtings in die omstandighede van 'n insident op hulself aangewese wees om vir die veiligheid van alle betrokkenes te sorg totdat hulp opdaag (TOD, 1986:322).

Wanneer 'n skool se beveiligingstelsel aan die onderstaande vier komponente beantwoord, kan die aanname gemaak word dat die beveiligingstelsel effektief is:

★ **Opsporing** van oortreders kan toegepas word deur middel van toegangsbeheer, geslote kringtelevisie en alarms wat as geestelike en fisiese afskrikmiddels sal dien. (Roos, 1981:515). Dit is die verantwoordelikheid van elke hoof van 'n skool om toe te sien dat 'n doeltreffende toegangsbeheerstelsel geïmplementeer word. Dit word ook as belangrik geag dat enige persoon wat 'n terrein/gebou wil betree, homself duidelik moet kan identifiseer. Indien 'n persoon nie daartoe in staat is nie, word hy/sy nie tot die terrein/gebou toegelaat nie (TOD, 1986:324).

★ **Vertraging** wat bereik word deur middel van versperrings soos omheinings, mure en afstande om oortreders se toegang en uitgang te vertraag (Roelofse, 1986:39).

★ Die doeltreffendheid van **kommunikasie** met die blokleiers vir effektiewe optrede tydens die uitvoering van toepaslike prosedures in die rampsituasie (Roos, 1981:313).

★ Paraatheid vir **optrede** ná die waarskuwing van 'n alarm (TOD, 1986:322).

As daar aan bogenoemde beginsels voldoen word en dit gedurig toegepas word, word 'n stelsel geskep wat daarin slaag om die volgende te beskerm:

★ **Personeel** (i.c. onderwysers, leerlinge en ander persone in die skoolsituasie)

teen intimidasie of fisiese aanvalle.

* **Inligting** (teen sekuriteitsbreuke).

* **Geboue** (soos skoolgeboue en toerusting) teen diefstal, sabotasie, vernielery, skade of verliese (Roos, 1981:515).

Om hierdie doelwitte te bereik, moet beveiliging in die fynste besonderhede beplan word. Al vier bogenoemde elemente van die fisiese beveiligingsmaatreëls sal enige suksesvolle aanslag op 'n skool neutraliseer (Roelofse, 1986:39).

## 2.9 VEREISTES VIR DIE TOEPASSING VAN BEVEILIGINGSMAATREëLS

Vir die doeltreffende toepassing van beveiligingsmaatreëls moet dit aan die volgende vereistes beantwoord:

* Dit moet geskik wees om sekere funksies te vervul, naamlik om personeel en eiendom teen beskadiging, beserings of verliese wat deur interne of eksterne oorsake veroorsaak is te beskerm (Steenkamp, 1981:4).

* Maatreëls moet voldoende ontwikkel wees om by die aard van die risiko te pas.

* Dit moet ooreenstem met die beskerming wat deur die plaaslike owerheid vir 'n soortgelyke risiko toegepas word.

* Beveiligingsmaatreëls moet vóór die gebeure as voorkomend toegepas word.

* Dit moet plooibaar wees sodat dit verander, aangepas of uitgebrei kan word sonder omverwerping van bestaande maatreëls of groot finansiële onkoste (Mackenzie *et al.*, 1983:20) indien daar veranderings by die personeel of omgewing intree. Hoe meer dikwels die plan hersien word, hoe meer

betroubaar sal dit wees.

## 2.10 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hoofstuk twee is die aard van gebeurlikheidsbeplanning in die skool teoreties gefundeer. 'n Begripsverheldering rakende bepaalde kernbegrippe ten grondslag van gebeurlikheidsbeplanning, die beveiligingsprogram en die realisering van beveiliging as sodanig is bespreek. Ook is die regverdiging van 'n gebeurlikheidsplan vir skole op opvoedkundige, departementele sowel as juridiese gronde aangetoon.

In hoofstuk drie sal vervolgens aandag gegee word aan die bestuursaspekte in die beplanning en implementering van 'n gebeurlikheidsplan vir 'n skool soos dit op die weg van die DSO lê.

# HOOFSTUK 3

## DIE BESTUURSTAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBEURLIKHEIDSPLAN

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die veiligheid van leerlinge in skole aan vele risiko's blootgestel is. Weens hierdie feit moet 'n skool dus oor 'n gebeurlikheidsplan beskik wat geïmplementeer moet word om sodoende mensgemaakte of natuurlike rampe te voorkom (Leonard, 1973:70). Aangesien die gebeurlikheidsplan in wese slegs 'n omvattende gedokumenteerde uiteensetting is van die skool se verwagte beveiligingsoptrede (vergelyk 2.2.1), is dit nodig dat elke aspek in die gebeurlikheidsplan, dit wil sê, al die relevante prosedures wat nodig is vir die implementering van die plan deeglik bestuur moet word.

Die vraag ontstaan nou: Op wie se skouers rus die bestuur van die gebeurlikheidsplan?

In hierdie hoofstuk sal die besondere bestuurstaak van die verantwoordelike persoon bespreek word.

### 3.2 DIE HOOF SE AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE GEBEURLIKHEIDSPLAN

Die TOD vereis dat elke skool se veiligheidsprogram volgens die besondere behoeftes en omstandighede van die betrokke skool beplan, opgestel en geïmplementeer moet word. As gevolg van die feit dat onderwysdepartemente nie kennis dra van al die faktore wat by elke skool 'n rol speel nie, kan hy slegs algemene voorskrifte maak ten opsigte van leerlingveiligheid. Daarom delegeer die departemente die nodige gesag

aan skoolhoofde om, met inagneming van algemene departementele voorskrifte, 'n volledige veiligheidsprogram op te stel en te implementeer (Van Wyk, 1985:93).

Uit die voorgaande informasie blyk dit dat die hoof aanspreeklik is teenoor die onderwysdepartement vir die skool wat onder sy beheer gestel is. Die afleiding kan dus gemaak word dat indien die hoof as skoolbestuurder nie self die gebeurlikheidsplan kan opstel of bestuur nie, as gevolg van ontbrekende tyd, hy dit aan 'n personeellid kan delegeer. Alhoewel die hoof die bestuurstaak rondom die gebeurlikheidsplan kan delegeer, kan die aanspreeklikheid daarvoor egter nooit gedelegeer word nie (Uys & Du Preez, 1986:341).

## 3.3 DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING AS GEBEURLIKHEIDSPLANBESTUURDER

In die skoolsituasie maak die skoolhoof gebruik van 'n bestuurspan bestaande uit die adjunkhoof/de en departementshoofde in die bestuur van die skool. Primêr is die bestuurstaak van alle departementshoofde om die onderwysprogram tot volle ontplooiing te laat kom (Liebetrau, 1987:160). Die departementshoof tree op as professionele bestuurder van sy departement, en bly primêr verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering daarvan. Ook word aangevoer dat die departementshoof 'n bestuurstaak het ten opsigte van die onderrig-leergebeure. Liebetrau (1987:165) beweer dat dit juis nodig is dat die implementering van effektiewe bestuursvaardighede binne die klaskamer in elke departement as noodsaaklik beskou moet word.

Die pos van die DSO is ingestel omdat daar 'n behoefte ontstaan het om 'n persoon by 'n skool aan te stel wat al die nie-akademiese komponente, te wete Beroepsleiding, Bybelonderrig, Geestesweerbaarheid, Media en Liggaamlike Opvoeding in die skoolprogram te koördineer en te organiseer (Van Niekerk, 1982:14). In die **Sillabus van 1987 vir Geestesweerbaarheid** (TOD, 1987:16) is twee komponente, naamlik Verkeersveiligheidsbewustheid en Sekerheidsbewustheid gevoeg. Volgens die pligstaat (TOD, 1987(a):16) van die DSO is hy/sy die persoon wat verantwoordelikheid

moet aanvaar vir die beveiliging van die betrokke onderwysinrigting by wyse van 'n doeltreffende gebeurlikheidsplan, terwyl die skoolhoof egter steeds teenoor die onderwysdepartement aanspreeklik bly. (Vergelyk 3.2.) Dit blyk dus dat die DSO deel van die bestuurspan van die skool vorm en derhalwe oor deeglike bestuurskundigheid en -tegnieke behoort te beskik wat hy/sy as gebeurlikheidsplanbestuurder sal nodig hê.

Van Schalkwyk (1986:7) wys daarop dat die bestuursfunksie in die skool op 'n verbesonderde wyse bepaal word deur die doel van die skool en die funksionele take wat die skool moet uitvoer. So het die persoon in 'n organisatoriese gesagsposisie, in hierdie geval die DSO, 'n afgebakende terrein van werksaamheid, te wete gebeurlikheidsbeplanning. Hierdie terrein se werksaamhede het 'n tweërlei funksie, naamlik bestuurs- en funksionele werk:

- Funksionele werk moet gesien word as operasionele handelinge wat verrig word tydens die uitvoering van 'n aktiwiteit soos beplanning, dit wil sê, wat gedoen moet word en hoe dit gedoen sal word (Du Preez, 1986:149).

- Bestuurswerk, soos uitgevoer deur die DSO, is nie alle take of handelinge wat deur 'n persoon in 'n bepaalde area of werkgebied verrig word nie, maar slegs daardie handelinge soos beplanning, organisering en beheer wat verrig word om funksioneel gespesialiseerde werk te bemoontlik.

Vervolgens word die bestuurstake van die DSO afsonderlik bespreek met spesifieke verwysing na sy bestuursrol in die implementering van die gebeurlikheidsplan van die skool.

## 3.4 DIE AARD VAN DIE BESTUURSTAKE VAN DIE DSO

### 3.4.1 Beplanning van die gebeurlikheidsplan

In die skool is die bestuur van gebeurlikheidsbeplanning afhanklik van drie operasio-

nele doelwitte (vergelyk 3.3), te wete:

* Logiese, plooibare optrede na aanleiding van gemanifesteerde risiko's.

* Personeel wat betrokke is by die implementering van die plan, moet die doel daarvan verstaan en opgelei word in die uitvoering daarvan.

* Om die effektiwiteit van die plan te bepaal, moet dit gereeld getoets en aangepas word.

Veiligheid in die skool hou direk verband met aspekte soos toesig oor leerlinge, delegering van gesag, aanspreeklikheid van die onderwysers en onderwysowerhede (Van Wyk, 1985:92). In die skool is dit die bestuurspan wat verantwoordelik is vir beplanning ten opsigte van veiligheid van die skool. (Vergelyk 3.3.) O'Toole (1980:4) wys ook op die bestuurspan wat in beheer van beplanning en die uitvoering van die noodprosedure sal wees.

Beplanning in gebeurlikheidsbeplanning moet hoofsaaklik gesien word as 'n poging om veiligheidsprobleme vooraf te antisipeer en moontlike oplossings daarvoor te projekteer. Dit is daarom nodig dat 'n rampsituasie bestuur moet word omdat:

* die tyd wanneer 'n ramp mag gebeur, onseker is;

* die resultaat van die ramp nie vooruit bepaal kan word nie, en

* opeenvolgende gebeure as resultaat op die ramp nie voorspel kan word nie.

Die bestuurstake sluit volgens Schmidt *et al.* (1985:55) drie opeenvolgende en herhaalbare fases van aksie in, naamlik:

* beplanning,

* voorbereidheid, en

* optrede.

Georganiseerde aksie behoort die doel van gebeurlikheidsbeplanning te wees; daarom moet beplanning gegrond wees op kennis van en moontlike ondervinding van gebeure wat die veiligheid van die skoolpopulasie kan bedreig. Dit is belangrik om gebeurlikheidsbeplanning te baseer op wat mense gewoonlik doen en wat hulle na verwagting tydens 'n noodsituasie sal doen (Ackermann, s.a.:47). Die beplanning van 'n gebeurlikheidsplan berus volgens Drabek (1987:59) op die volgende aannames, naamlik dat:

* dit 'n kontinue proses is;

* dit die onbekende wat in problematiese situasies opduik, probeer beperk;

* dit gebeure antisipeer;

* dit algemene doelwitte beklemtoon;

* dit 'n opvoedkundige proses is;

* weerstand oorkom moet word, en

* die beplanning aan evaluering of oefeninge onderwerp word.

Intern sal die skoolhoof en die departementshoofde die volgende stappe in die beplanning van die gebeurlikheidsplan kan volg:

* Die beskrywing van algehele veiligheidsituasie van die skool.

* Die saamstelling van die pligstaat van veiligheidstoepassing deur onderwysers.

★ Keuse van 'n funksionele alarmsisteem.

★ Implementering van 'n gebeurlikheidsplan met die oog op die nodige optredes en prosedures.

★ Besluitneming oor die gebruik van eksterne hulp.

★ 'n Klassifisering van moontlike risiko's met die nodige proaktiewe óf reaktiewe prosedures (Ciminillo, 1980:90).

Beplanning soos gemanifesteer in die gebeurlikheidsplan is 'n bewuste, konstruktiewe bestuursopgaaf met die volgende karakteristieke stappe:

★ Die identifikasie van veiligheidmotivering wat in die praktyk gesteun word deur die beleidsdoelwitte van die skool.

★ Die versameling en ordening van inligting: Die effektiwiteit van optrede in 'n rampsituasie sal afhang van die onmiddellike beskikbaarstelling van inligting (Schmidt *et al.*, 1985:55).

★ Die daarstelling van veiligheidsdoelstellings.

★ Die strukturering van alternatiewe veiligheidsplanne uit voortvloeiende besluite geneem in die besluitnemingsproses. (Vergelyk 3.4.1.2.3.)

★ Die seleksie van omvattende strategieë om 'n finale veiligheidsdoelstelling te probeer bereik.

★ Die daarstelling van veiligheidstandaarde en -maatstawwe waarmee betekenisvolle afwykings van die beoogde plan geïdentifiseer kan word (Burger, 1980:70).

Om by bogenoemde karakteristieke stappe van veiligheidsbeplanning aan te sluit, kan die volgende algemene vereistes van Van der Westhuizen (1990:14) bygevoeg word om goeie beplanning te verseker:

- ★ Die gebeurlikheidsplan moet op skrif gestel word en almal moet dit verstaan en reg interpreteer.

- ★ Beplanning begin by die skoolhoof, maar verskillende persone kan ook 'n bydrae daartoe maak.

- ★ Die gebeurlikheidsplan moet realisties en uitvoerbaar wees.

- ★ Noukeurige beplande delegering word gesteun deur terugrapportering na 'n gebeurtenis om sodoende swak punte te identifiseer en dit in die toekoms uit te skakel.

Ten einde te kan beplan, is dit nodig dat verskillende subtake van beplanning eers uitgevoer moet word. Subtake wat onderskei kan word, is onder meer die formulering van doelstellings, beleidmaking, besluitneming en probleemoplossing.

#### 3.4.1.2 Subtake van beplanning

- ■ **Doelwitbeplanning in die gebeurlikheidsplan**

Doelwitbeplanning in die gebeurlikheidsplan impliseer die ontwikkeling en toepassing van onder andere risiko-analise, gemoeidheid met programme om die impak van 'n gebeure te verlaag, om prosedures daar te stel vir optrede na 'n gebeure asook om aandag aan die herstelfase te skenk waardeur van hulpbronne gebruik gemaak kan word. Daar moet voorsiening gemaak word dat die gebeurlikheidsplan jaarliks na omstandighede hersien en aangepas word. Nie alleen verskaf doelwitte rigting aan die beplanningsproses nie, maar dit is ook die fokuspunt waarna telkens terugverwys

word om te bepaal of gestelde doelwitte wel bereik is. 'n Doelwit is die resultaat waarna deur die aanwending van 'n aktiwiteit gestreef word (Gaines, 1978:277). Die doelwit sal in gebeurlikheidsbeplanning positief manifesteer as die veiligheid van die skool, onderwysers, leerlinge en ander werkers ongeskonde bly. Veiligheidsdoelwitte moet derhalwe duidelik uiteengesit word en dit moet onomwonde gestel word wat van elke persoon (i.c. personeel, leerlinge en werkers) in 'n noodsituasie verwag word. Waar moontlik moet die veiligheidsdoelwitte geëvalueer kan word en dit moet ook duidelik geformuleer wees (Denton, 1982:18). Gaines (1978:281) beveel aan dat wanneer doelwitte gestel word, dit duidelik geformuleer moet word **wat** die doelwit is en **wanneer** die doelwit bereik is.

■ **Strategiese beplanning**

'n Strategie is volgens Roelofse (1986:56) 'n algemene program van aksie om omvattende doelstellings te bereik. Strategie is dus die uitvoer van bepaalde planne, skedules en prosedures, en dit wat die organisasie (i.c. skool) **kan doen** en **hoe** dit gedoen kan word ten opsigte van beveiliging (Gaines, 1978:319).

Daarom behoort die DSO oor spesiale kennis en vaardighede te beskik om hom/haar in staat te stel om ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning in die skool uitvoering te gee aan gestelde doelwitte soos die ontwikkeling en implementering van beleid. Hy moet ook die beskikbare hulpbronne effektief en sistematies gedurende 'n noodsituasie kan bestuur sodat lewe en eiendom beskerm kan word.

'n Verdere komponent van die beplanningstaak is om die doelstellings in 'n beleidsdokument te verwerk. Beleidmaking volg dus na die bepaling van doelstellings en doelwitte.

■ **Beleidmaking as bestuurstaak**

Beleidmaking het te make met die vasstelling van die doelstellings, doelwitte en die

gemene beleid van die organisasie (i.c. skool) wat daarop gemik is om te bepaal wat die organisasie **behoort te doen** en **waarom**, en om in die konteks van hierdie navorsing dan gebeurlikheidsbeplanning in die skool te doen (Gaines, 1978:317). Om hierdie funksie te kan vervul, wys Gaines (1978:317) daarop dat in die beleidmaking 'n analise gemaak moet word van die basiese funksies (i.c. skool) ten opsigte van veiligheid, die sterk- en swakpunte van die organisasie (i.c. skool) ten opsigte van veiligheid asook die risikomoontlikhede en waarskynlikheid van 'n risiko (vergelyk 2.5.1.1 en 2.5.1.2). Die TOD (TOD, 1986:99) vereis uitdruklik dat die skool 'n beleid ten opsigte van leerlingveiligheid moet hê. Beleidmaking kom dus hier neer op die beklemtoning van veiligheid as kerngegewe in die gebeurlikheidsplan. Benewens 'n omvattende beleid, moet daar ook 'n beleidsbepaling wees wat voorsiening maak om maatreëls te ontwerp en in te stel om onder andere noodsituasies te bestuur. Die skoolbeleid behoort volgens Van Wyk (1985:97) wat leerlingveiligheid betref, onder andere die volgende ses departementele vereistes ten opsigte van leerlingveiligheid te bevat:

- Veiligheidsbeginsels met verwysing na die implementering daarvan deur middel van
  - algemene voorsorgmaatreëls en
  - voorsorgmaatreëls vir spesifieke gebeure.

- Verantwoordelik persone vir leerlingveiligheid.

- Voorligting aan onderwysers en leerlinge en bekendstelling van voorsorgmaatreëls.

- Reëls en prosedures tydens die besering van leerlinge.

- Prioriteite en prosedures tydens 'n noodtoestand.

- Voorsorgmaatreëls en instandhouding: Eerstehulp en brandtoerusting.

Die DSO het saam met die hoof verteenwoordiging in die Gesamentlike Plaaslike Beplanningskomitee (GPBK) (vergelyk 3.4.2.2.2) en is ook in opdrag van die TOD as gebeurlikheidsplanbestuurder (TOD, 1992:6) aangestel. Uit die pligstaat van die DSO (TOD, 1987:16) blyk dit dat die DSO 'n aandeel in die beleidmaking ten opsigte van die veiligheid van die skool moet hê.

Om aan hierdie plan van aksie uitvoering te gee, is dit 'n vereiste dat besluite wat geneem moet word daarop gerig moet wees om doelwitte deur 'n definitiewe aksieplan te probeer bereik.

■ **Besluitneming as bestuurstaak**

Besluitneming word in die algemeen beskryf as denke wat uitloop op 'n bewuste handeling waar daar in 'n gegewe situasie 'n keuse gedoen word tussen twee of meer alternatiewes, ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom oor die optrede wat die gestelde doelwitte die beste sal bevorder (Roelofse, 1986:61). In die lig van voorgaande stelling het die skoolhoof en die DSO,, as gebeurlikheidsplanbestuurders, ten opsigte van die veiligheidsmaatreëls sekere besluite om te neem, op die volgende vrae, (Ciminillo, 1980:84):

★ Watter veiligheidsverbeterings in die betrokke skool aangebring moet word?

★ Van watter kundige hulp gebruik gemaak moet word?


★ Watter prosedures in noodsituasies gevolg moet word?

★ Hoe kan 'n gebeurlikheidsplan vir die skool ontwerp word.

In die besluitnemingsproses oor gebeurlikheidsbeplanning in die skool, is daar besluite wat in 'n noodsituasie geneem moet word alvorens die Burgerlike Beskerming toetree en die bestuur van die noodsituasie oorneem. Hierdie besluitnemingsproses kom duidelik in Figuur 3.1 na vore (Roelofse, 1986:174).

Figuur 3.1

BESLUITNEMINGSPROSES




B = Besluit
= Veelvuldige keuse
= Beweging

Die besluit(e) geneem deur die bestuurspan van die skool kan die intensiteit waarop die gebeurlikheidsplan geïmplementeer word beïnvloed, naamlik (Roelofse, 1986:170):

* 'n Gebeurlikheidsplan sonder eksterne hulp;

* 'n gebeurlikheidsplan met eksterne hulp;

* as 'n onderafdeling van die oorhoofse noodplan van die skool, en

* as 'n onderafdeling van 'n Burgerlike Beskermingsplan.

Dit bly uiteraard die verantwoordelikheid van die bestuur van die skool om te besluit watter graad van betrokkenheid verlang word. In gebeurlikheidsbeplanning speel eksterne sowel as interne faktore 'n belangrike rol in die vasstelling van die probleem soos duidelik geblyk hèt uit die risiko- en waarskynlikheidstudie (vergelyk 2.5.1.1 en 2.5.1.2) wat dan manifesteer in probleemoplossing.

■ **Probleemoplossing**

Die inligting wat deur die risikostudie versamel word, word in gebeurlikheidsbeplanning gebruik vir die ontwikkeling van alternatiewe oplossings van die gebeure in 'n noodsituasie. Probleemanalise asook voorafgaande besluitneming is fundamentele take van enige persoon belas met beveiligingsverantwoordelikhede, met ander woorde gebeurlikheidsbeplanning. Hierdie stelling blyk duidelik in die toepassing van die 9-fasesmodel van Denton (1982:102) ten opsigte van probleemoplossing. Dit is duidelik dat 'n besluit eers geneem kan word nadat die probleem ontleed is. Daar moet dus vasgestel word of 'n fisiese of psigiese veiligheidsprobleem bestaan sodat 'n besluit geneem kan word om die probleem op te los.

Die plan van aksie ten opsigte van 'n gebeurlikheidsplan lei uiteindelik tot 'n geskrewe plan, naamlik die gebeurlikheidsplan van die betrokke skool. Hierdie plan is waardevol, want alle belanghebbende persone soos die skoolhoof, DSO, Plaaslike Burgerlike Beskerming, Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag wat verantwoor-

delik is vir die gebeurlikheidsbeplanning van die betrokke skool, het deelgeneem aan die beplanning van prosedures en metodes van koördinering. (Vergelyk 3.4.2.4.)

Die gebeurlikheidsplan is 'n belangrike bestuursdokument, want dit behels:

* die basis van die doelstellings vir gebeurlikheidsbeplanning en optrede in die skoolsituasie;

* beskrywing van gebeurlikhede waarvoor beplan moet word die algemene beginsels en prosedures wat op elke gebeurlikheid van toepassing is;

* beskryf die verantwoordelikhede van individue soos die skoolhoof, DSO, personeel en ander betrokkenes in 'n rampsituasie, en

* bevat inligting van ondersteunende bronne uit die plaaslike omgewing, te wete Burgerlike Beskerming, Suid-Afrikaanse Polisie, Suid-Afrikaanse Weermag asook privaatondernemings en ouers (Ciminillo, 1980:90).

Nadat die beplanning gedoen is, moet die DSO uitvoering aan die beplanningstake gee (Van der Westhuizen, 1990:167). Vervolgens word daar op die organisering van die gebeurlikheidsplan gefokus.

### 3.4.2 Organisering van die gebeurlikheidsplan

#### 3.4.2.1 Veiligheidsorganisering

Om te kan organiseer, dui op die reëling en rangskikking van aktiwiteite en hulpbronne, die toewysing van pligte en verantwoordelikhede om daardeur eenheid in die nastrewing van beveiligingsdoelwitte te bewerkstellig (Liebetrau, 1987:164). Hierdie bestuursfunksie van organisering is in die pligstaat aan die DSO (vergelyk 3.3) aan

hom opgedra wat in gebeurlikheidsbeplanning in die volgende aspekte sal realiseer:

* Besluitneming om te bepaal watter aktiwiteite uitgevoer moet word ten einde die veiligheidsdoelstelling te probeer bereik (Perry & Mushkatel, 1984:26) deur die aanwending van beskikbare inligting en persone (i.c. onderwysers en leerlinge) tot beveiliging van die hele skool (Schmidt *et al.*, 1985:55).

* Groepering en strukturering van die verlangde aktiwiteite en die toewysing daarvan aan 'n mededepartementshoof van 'n afdeling (vergelyk figuur 3.2) brandbestryding, noodhulp/makkerhulp en verkeerbeheer in die implementering van die gebeurlikheidsplan (Sennewald, 1978:25).

* Oordra van die nodige gesag aan die verantwoordelike persone, byvoorbeeld mededepartementshoofde en onderwysers sodat die geheelplan op 'n gekoördineerde wyse ten uitvoer gebring kan word (Burger, 1980:72).

Uit voorgaande blyk dit dat die waarde van organisering daarin geleë is dat take doeltreffend deur ander mense uitgevoer moet word om die implementering van die gebeurlikheidsplan suksesvol te laat verloop. Die stappe wat dus met veiligheidsorganisering gepaard gaan, is almal daarop ingestel om rigting te gee en orde te skep wanneer die beplanningstrukture in funksie gaan. Goeie organisering van mense en materiaal sal noodwendig die doeltreffendheid en kwaliteit van die gebeurlikheidsplan verhoog by wyse van organisasiestruktuurskepping, delegering en koördinering. Vervolgens word hierdie drie subtake van organisering agtereenvolgens aan die orde gestel.

### 3.4.2.2 Organisasiestruktuurskepping by die gebeurlikheidsplan

'n Organisasiestruktuur is 'n bepaalde raamwerk van poste wat opgestel word en waarin mense wat verskillende soorte handelinge verrig, saamgegroepeer word sodat hulle gesamentlik 'n gemeenskaplike doelstelling nastreef (Marx, 1981:243). Vir die

doel van hierdie navorsing vorm dit dan die bestuur van die gebeurlikheidsplan.

Verder is die doel van die organisasiestruktuur om te verseker dat daar nie oorvleueling en duplisering van take is nie en dat dit logies gegroepeer word en persone volgens vermoë betrek word in die uitvoering van 'n bepaalde taak. Ook bied 'n deeglik beplande organisasiestruktuur 'n geheelbeeld van die betrokke organiseringsveld aan alle belanghebbendes.

- **Organisasiestruktuurmodelle**

Gebeurlikheidsbeplanning vorm tans 'n integrale deel van die skoolprogram en, om die plek daarvan in die organisasiestruktuur te bepaal, sal kortliks na bestaande organisasiestruktuurmodelle gekyk word, naamlik:

Lynorganisasie.
Lyn- en staforganisasie.
Die funksionele organisasiestruktuur, en
die matriksorganisasiestruktuur.

- **Lynorganisasie en lyn- en staforganisasie**

Basies word daar in die skool 'n mengsel lyn- en funksionele organisasie gevind. Lynorganisasie is daardie tipe organisasie waar gesag in 'n vertikale lyn gedelegeer word vanaf die hoof tot die eerste lynbestuur, terwyl funksionele organisasie aan 'n bestuurder gesag gee om bevele aan afdelings anders as sy eie uit te reik.

Staffunksies lewer 'n ondersteunende diens aan lynbestuur en juis daarom is dit so moeilik om duidelik tussen lyn en staf te onderskei.

- **Funksionele organisasiestruktuur**

In die funksionele organisasiestruktuur word daar gepoog om deskundige raad te be-

kom en te betrek en wel by wyse van afdwingbare gesag.

In die skoolpraktyk word funksionele organisasiestruktuur in gebeurlikheidsbeplanning beïnvloed deur 'n derde dimensie, naamlik personeel. In die skool word beveiligingstake rondom beskikbare persone gevorm, want die DSO moet die beste gebruik maak van bestaande interne personeel om die taak uit te voer (Sennewald, 1978:25). Die primêre lynorganisasie in die skool toon as gevolg van die kompleksiteit van die gebeurlikheidsbeplanningstaak duidelike tekens van funksionele organisasie. Om hierdie stelling verder toe te lig, word gekyk na die plek wat die adjunk-streeksuperintendent van onderwys (jeugaangeleenthede) (ASO) inneem in gebeurlikheidsbeplanning in die skool. Hierdie amptenaar is deeglik opgelei om skole, onder andere, behulpsaam te wees met hulle gebeurlikheidsbeplanning, die inskakeling by die radionette, die gebruik van radio's en die beplanning van alternatiewe kommunikasiekanale. Die ASO word verantwoordelik gehou vir die effektiewe gebeurlikheidsbeplanning in 'n streek en mag daarom nie slegs adviseer sonder om hulle te vergewis van die verwerkliking van die gestelde ideale nie. Die ASO kan dus in verband met gebeurlikheidsbeplanning oor die vertikale gesagslyn bevele gee aan die DSO in verband met spesifieke take aangaande gebeurlikheidsbeplanning waarvoor die nodige gesag deur die betrokke onderwysdepartement aan hom/haar opgedra is (De Wet, 1981:163).

Hierdie uiteensetting wys 'n duidelike toepassing van die funksionele organisasiestruktuur. Maar die vraag ontstaan nou: Waar pas die DSO in in die organisasiestruktuur van die skool?

- **Die DSO as gebeurlikheidsplanbestuurder in organisasieverband**

Organisatories is die DSO as hoof van 'n departement aangestel en ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning sal sy/haar plek in die matriksorganisasiestruktuur na vore kom.

By die matriksorganisasiestruktuur word die funksionele behou, maar die projekbe-

stuurder (i.c. DSO) is verantwoordelik vir die eindresultaat (i.c. gebeurlikheidsbeplanning) wat bereik moet word (De Bruyn, 1986:310). Hierdie rol kan die DSO vervul as gevolg van sy/haar spesiale kennis ten opsigte van die gebeurlikheidsplan waarin adviserend opgetree word. Die funksionele struktuur moet egter nog die aktiwiteite verrig om die veiligheidsdoelwitte te bereik. Die departementshoof se gesag wentel vertikaal af en die DSO, in hierdie geval van gebeurlikheidsbeplanning, se gesag strek dan horisontaal (Van der Westhuizen, 1990:175).

'n Verdere organisasiestruktuur wat van belang is by gebeurlikheidsbeplanning is die Gesamentlike Beplanningskomitee (GBK) wat 'n verdere desentralisasie van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel op plaaslike vlak is. Die oogmerk van die GBK is om instansies wat enersoortige belang het in 'n bepaalde gebied, byvoorbeeld opvoedkundige inrigtings, skole en kleuterskole saam in byvoorbeeld 'n Skole GBK te groepeer. Die Skole GBK-komitee word saamgestel uit die verteenwoordigers van elke betrokke skool, bestaande uit die hoof van die skool of die DSO of albei (Cronje, c.a.,1990:334). In die opdrag van die provinsiale administrateurs aan plaaslike owerhede, verskyn die volgende bepalings ten opsigte van Burgerlike Beskerming in skole en ander opvoedkundige inrigtings:

**Beheerinstansies van skole en ander opvoedkundige inrigtings moet gemotiveer en geaktiveer word om, in oorleg met die plaaslike bestuur, hulle eie interne burgerlike beskermingsmaatreëls te beplan en daar te stel.** (Beukes, 1986:1.)

Nadat organisasiestruktuur geskep is, moet delegering plaasvind sodat die verskillende take ten uitvoer gebring kan word.

### 3.4.2.3 Doeltreffende delegering en die gebeurlikheidsplan

Met inagneming van Van der Westhuizen (1990:178) se omskrywing van delegering blyk dit dat delegering daardie handeling is wat in die geval van gebeurlikheidsbeplanning deur die DSO gedoen word deur pligte met gepaardgaande verantwoordelikheid en gesag aan ander op te dra ten einde sinvolle verdeling van werk te bewerkstellig

en die doeltreffende uitvoering daarvan te verseker deur persone aanspreeklik te hou vir die resultate of bereiking van die doelwitte, soos gestel in gebeurlikheidsbeplanning. Vir die DSO is delegering 'n bestuurstegniek waarmee hy sy werklas kan verlig en ook sy ondergeskiktes kan ontwikkel deur die geleentheid tot eie inistiatief en selfstandige besluitneming te skep.

Vir sinvolle delegering in gebeurlikheidsbeplanning kan die volgende stappe gevolg word (Liebetrau, 1987:169):

★ Besluit **wat** gedelegeer moet word.

★ Besluit na **wie** gedelegeer moet word.

★ Besluit of die persoon oor die **vaardighede** en **opleiding** beskik om die gedelegeerde taak te hanteer.


In gebeurlikheidsbeplanning van die skool moet daar tussen die gebeurlikheidsplan van die skool, die sekuriteitsaspekte (beskerming) en die verdediging (fisiese beveiliging) onderskei word, sodat elkeen van genoemde aspekte die nodige aandag kan geniet deur middel van doeltreffende delegering.

In Figuur 3.2 word aangetoon dat die noodbestuurspan bestaan uit die koördineerder (DSO) noodhulp/noodsorg, brandbestryding, ontruiming, kommunikasie, assistentkoördineerder aan wie onder andere sekerheid en administrasie gedelegeer is. Hierdie mense het op die oog af 'n komplekse maar logiese taak, soos blyk uit die pligstaat wat elkeen in die onderskeie komponente sal ontvang. Uit die aard van die saak sal take toegeken word soos dit die betrokke skool se omstandighede die beste pas. Vir elke element in die organogram word 'n hoof uit die departementshoofde of ander onderwysers aangestel. Delegering geskied vertikaal vanaf die hoof tot by die gebeurlikheidsbeplanningshoof (DSO), terwyl delegering rakende die onderafdelings van die gebeurlikheidsplan, te wete beveiliging en beskerming, horisontaal geskied (Van der Westhuizen, 1990:175).

Elke departementshoof stel 'n reageerspan saam wat hom/haar behulpsaam kan wees. In die hoërskool kan gebruik gemaak word van die leerlinge. Dit is belangrik dat hierdie spanlede die nodige opleiding sal ontvang om hulle taak bevredigend te kan verrig. Indien van leerlinge gebruik gemaak word, sal dit wenslik wees indien sorg gedra word as die helfte van die spanlede weer die volgende jaar in die betrokke skool is om sodoende kontinuïteit te verseker (Van Andel, 1990:1).

Die DSO het vervolgens die bestuurstaak om al die komponente wat in die gebeurlikheidsbeplanningstelsel bestaan te koördineer sodat al die nodige aktiwiteite en hulpbronne wat nodig is vir die effektiewe inwerkingstelling van die gebeurlikheidsplan van die betrokke skool in 'n noodsituasie, betrek kan word.

Figuur 3.2 Gebeurlikheidsbeplanning en die delegering van take



### 3.4.2.4 Koördinering van die gebeurlikheidsplan

Koördinering word deur sowel Marx (1979:65) as De Wet (1981:72) gesien as daardie bestuursaktiwiteit waardeur doelbewuste pogings deur die bestuurder, in hierdie geval die DSO, aangewend word om die werk wat deur verskillende persone of afdelings gedoen word, so te harmonieer dat daar volkome samewerking sal wees ten einde gestelde doelwitte (i.c. veiligheidsdoelwitte) te laat realiseer.

In gebeurlikheidsbeplanning tree die DSO op as koördineerder wat 'n aktiewe gebeurlikheidsplan moet ontwikkel met duidelik omskrewe pligte en verantwoordelikhede (Drabek, 1987:70). Hierdie plan sluit in goed beplande riglyne, beleidsverklaring, prosedures van optrede in rampsituasies, opleiding en oefeninge (Federal Emergency Agency, 1980:44). Deur koördinering met onder andere Burgerlike Beskerming, Polisie of die Suid-Afrikaanse Weermag word beter resultate van samewerking in noodtoestande behaal (Kent, 1987:118).

Verskillende hulpmiddels wat gebruik word om goeie koördinering te verseker, is volgens Van der Westhuizen (1990:187) die volgende:

★ Die formulering en bekendmaking van doelstellings en beleid sodat alle betrokkenes dit as riglyn vir die neem van besluite kan gebruik.

★ Vergadering, komitees en samesprekings wat die geleentheid bied om probleme te bespreek, op te los en 'n eenheidsgevoel te ontwikkel.

★ Die opstel van handleiding sodat daar sinchronisasie is tussen skool, GBK, Burgerlike Beskerming, Polisie en Suid-Afrikaanse Weermag van die plaaslike omgewing in tye van noodoptrede.

★ Persoonlike kontak en gesprekke kan ook koördinering bevorder.

★ Opvolgaksies wat gedurende die afhandeling van take seker maak of verdere

samewerking nodig is om die doelstellings te bereik.

In gebeurlikheidsbeplanning is dit nodig dat tot spontane samewerking en groepshandeling van almal in die skool gekom sal word om sodoende die veiligheidsdoelstelling van die skool te bereik. Deur bekwame leidinggewing deur die DSO kan hierdie eenheidstrewe bereik word.

### 3.4.3 Leidinggewing in die gebeurlikheidsplan

Hierdie bestuursfunksie staan in direkte verhouding tot daardie veiligheidsaktiwiteite wat te doen het met die rig, stuur en beïnvloeding van personeel tot die implementering van gebeurlikheidsbeplanning. Die DSO moet deur die doelstellings van die gebeurlikheidsplan vir die personeel "operasionaliseer" deur middel van wat hy self gaan voorsê, voorskryf en voordoen (Burger, 1980:73).

Volgens Van der Westhuizen (1990:190) is daar bepaalde leidinggewende tegnieke en vaardighede waaronder verhoudingstigting, motivering, kommunikering en leierskapstyl nodig vir die uitvoering van 'n bepaalde taak. Die eerste van hierdie subbestuurstake wat aan die orde gestel word, is verhoudingstigting vir die handhawing van goeie menseverhoudings.

- **Verhoudingstigting**

In die bestuur van die gebeurlikheidsplan word hoofsaaklik met mense gewerk. Daarom wys Marcial (1984:88) op verhoudingstigting as een van die uitstaande kenmerke van 'n suksesvolle departementshoof. Die verhouding tussen die DSO en almal in die skoolopset, asook buite-instansies soos Burgerlike Beskerming, SAP, SAW, GBK en ander hulpbronne, moet van so 'n aard wees dat hulle hom/haar sal respekteer en sonder teëspraak sal saamwerk.

- **Die rol van motivering in die gebeurlikheidsplan**

Aangesien die DSO as gebeurlikheidsplanbestuurder as 'n "projekleier" in die matriks-organisasiestruktuur (vergelyk 3.4.2.2) optree, moet hy/sy hom/haar veral verlaat op motivering om die veiligheidsaspek in die skool te bevorder. Die DSO moet hom veral verlaat op oorreding en begeestering om daardeur mense aan te spoor om met entoesiasme saam te werk in die uitvoering van die gebeurlikheidsplan. Motivering is dus **hoe** die DSO ander aanspoor om die doelwitte uit te voer.

Sonder kommunikering kan geen motivering plaasvind nie. Daarom word kommunikering in gebeurlikheidsbeplanning as 'n belangrike bestuurshandeling gesien, want bestuur beteken om iets deur ander gedoen te kry, dit wil sê, die uitvoering van die gebeurlikheidsplan en dit kan slegs bereik word deur met ander te kommunikeer.

- **Kommunikering en die gebeurlikheidsplan**

Een van die belangrikste fasette van die gebeurlikheidsplan is mobilisering van alle betrokke partye. Kommunikering is dus nodig vir:

★ die effektiewe formulering van gebeurlikheidsplanne of doelwitte deurdat intensiewe kommunikering verlang word tussen die verskeie hiërargiese vlakke van die organisasie (i.c. skool), en

★ effektiewe uitvoering van die gebeurlikheidsplan wat afhang van die mate van kommunikering asook vir die sukses van koördinering (Coleman, 1987:35).

Daarom is dit nodig dat die DSO aandag sal gee aan opleiding in doelmatige kommunikering gedurende rampsituasies wanneer die gebeurlikheidsplan geïmplementeer word om sodoende chaos en vals alarms uit te skakel. Dit is belangrik dat personeel en leerlinge moet weet op wie se stem in noodsituasies reageer moet word. Aspekte wat veral in kommunikering aandag verdien is:

- ★ korrekte hantering van radio's en spraakprosedures (vergelyk SATECKG, 1979);

- ★ hantering van bomdreigemente (vergelyk Bylae G: TOD, 1992:12), en

- ★ opleiding vir die kommunikasieleier vir optrede gedurende 'n rampsituasie.

Verder hang die sukses van enige gebeurlikheidsplan af van die doeltreffendheid van die kommunikasiestelstel. Kommunikering in die skool in gebeurlikheidsbeplanning geskied op twee vlakke:

- ★ Eksterne kommunikering/vertikale kommunikering na buite wat kan plaasvind deur middel van die telefoon of 'n radioverbinding met Burgerlike Beskerming.

- ★ Interne kommunikering/horisontale kommunikering geskied op die skoolterrein gedurende die implementering van die gebeurlikheidsplan tussen lede van die gebeurlikheidsbeplanningkomitee, dit wil sê die hoof, DSO, blokleiers en persone in bevel van eerstehulp-, brandblus- en verkeerbeheerspanne (TOD, 1992:19).

Hoe die DSO die taak van gebeurlikheidsplanbestuurder sal volvoer, word grootliks bepaal deur sy/haar leierskapstyl en daarom is dit van belang dat die DSO ook kennis sal dra van leierskap en -style.

■ **Leierskapstyl in gebeurlikheidsbeplanning**

Vir die doel van hierdie navorsing sal die klem veral val op veiligheidsleierskap wat veral om twee redes belangrik is, naamlik:

- ★ deur leierskapstyle te analiseer, kan die DSO 'n persoonlike leierskapstyl ontwikkel wat die beste geskik is vir sy/haar skool wat deur situasionele faktore in die betrokke skool bepaal word, en

* deur die bydraes van ander leierskapstyle te verstaan, sal die gebeurlikheids-planbestuurder onder andere makliker met ander leiers soos die skoolhoof, departementshoofde, hoof van Burgerlike Beskerming, Polisie en Suid-Afrikaanse Weermag kan onderhandel.

Die laaste handeling wat die DSO in die bestuursproses toepas, is dié van beheeruitoefening. Hierdeur word beplanning en die uitvoering van die beplanning met mekaar gekoppel (Van der Westhuizen, 1990:241).

Die DSO moet dus die implementering van die gebeurlikheidsplan so deeglik moontlik beplan, organiseer en die nodige leiding verskaf sodat hy/sy kan verseker die beveiligingsbeplanning werk. Slegs deur beheeruitoefening en evaluering toe te pas, kan hy/sy hierdie bevestiging kry.

### 3.4.4 Beheeruitoefening en evaluering van die gebeurlikheidsplan

■ **Beheeruitoefening**

In die beheeruitoefening van gebeurlikheidsbeplanning, is dit noodsaaklik dat op beide die pro-aktiewe sowel as die reaktiewe aksies gelet word. Beheeruitoefening is derhalwe 'n belangrike aspek in die gebeurlikheidsbeplanningsbestuurproses, omdat dit bewys dat risiko's raakgesien en gedek is deur die gebeurlikheidsplan (Sennewald, 1978:82). Geen gebeurlikheidsplan behoort daargestel te word sonder dat gereelde toetse/beheer uitgevoer word om die verskillende komponente van die plan te toets nie (Tyler, 1986:62). Gelewerde prestasies moet dus betyds geëvalueer word en met die relevante doelstellings vergelyk word. Indien die beheeruitoefening aantoon dat 'n besondere doelwit nie binne die grense van toelaatbare afwyking bereik gaan word nie, word die nodige bysturing gemaak ten einde die doel tog te probeer bereik. Veiligheidsbeheeruitoefening moet nooit as 'n doel op sigself gesien word en dus "los" van die ander funksies, naamlik veiligheidsbeplanning, -organisering en -begeleiding uitgevoer word nie.

Die DSO het die besondere taak om te sorg vir die paraatheidsprogram wat opleiding en voorligting van personeel, leerlinge en ouers behels ten einde hulle toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en inligting wat noodsaaklik is om die gevolge van noodsituasies te kan voorkom, te beperk of te kan hanteer.

Om hieraan te beantwoord, moet die DSO opleidings- en voorligtingsprogramme op 'n deurlopende grondslag aanbied. Verder word van die DSO verwag om die gebeurlikheidsplan in stand te hou wat neerkom op die noodsaaklike en deurlopende evaluering, instandhouding en verbetering van die bestuursprogram en -vermoë in die gebeurlikheidsplan deur onder andere die volgende uit te voer:

★ Teoretiese ontleding van die bereiking van doelwitte.

★ Praktiese evaluering van resultate deur gebruikmaking van oefeninge asook die evaluering van werklike gebeure.

■ **Evaluering**

Cunny (1983:246) beveel aan dat evaluering tydens en aan die einde van die program gedoen behoort te word. In die evaluering van die gebeurlikheidsplan, word uitvoering van drie stappe vereis, naamlik:

★ om vas te stel **wat** geëvalueer moet word;

★ die kriteria te bepaal waarteen die aktiwiteite of besluite gemaak sal word, en

★ die metode te kies wat gebruik sal word om die inligting te verkry.

Die volgende stap in die evaluering is om te bepaal **wie** die evaluering sal uitvoer. Daar bestaan volgens Cunny (1983:248) drie algemene metodes om evaluering toe te pas, naamlik:

* om 'n persoon van buite te kry om die evaluering te doen;

* alle evaluering self te doen, en

* 'n kombinasie van bogenoemde twee, naamlik ondersteunende evaluering.

In gebeurlikheidsbeplanning in die skoolopset word van laasgenoemde metode gebruik gemaak deurdat Burgerlike Beskerming in die gesamentlike evalueringsoefening betrek word.

Die doel met die evaluering van opvoedkundige die paraatheidstand van opvoedkundige inrigtings is daarop gemik om te bepaal of daar uitvoering aan die vereistes, soos deur die TOD bepaal, voldoen is. In die praktiese evaluering word klem gelê op die "bestuur" van die gebeure ten einde lewensverlies en verlies van eiendom te beperk, en om die geheeltoestand so spoedig moontlik te normaliseer.

Evaluasie het ten doel om die paraatheid van skole te meet aan die vermoë om gekoördineerd te kan optree tydens 'n noodsituasie deur optimaal gebruik te maak van alle personeel en uitrusting, met ander woorde die vermoë om die gebeurlikheidsplan effektief uit te voer.

## 3.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is daar aan die hand van 'n literatuurstudie bepaal wat die bestuurstaak van die DSO as gebeurlikheidsplanbestuurder behels.

Daar is bevind dat die bestuurstaak uit enkele bestuurshandelinge met onderskeidende subtake bestaan, te wete:

* Beplanning met subtake soos die bepaling van doelstellings en doelwitte, beleidmaking, besluitneming en probleemoplossing.

* Leidinggewing waaronder verhoudingstigting, motivering, kommunikering en leierskapstyl resorteer.

* Beheeruitoefening met evaluering.

Teoreties sal die DSO slegs doeltreffende gebeurlikheidsbestuurder wees in dié mate dat hy/sy voorgaande bestuurshandelinge beheers en kan implementeer. In hoofstuk 4 sal vervolgens by wyse van 'n empiriese ondersoek nagegaan word wat die huidige stand van sake rakende gebeurlikheidsbeplanning in die skool is.

# Hoofstuk 4

## EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar aan die hand van 'n literatuurstudie nagegaan wat die bestuurstaak van die DSO ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning is.

Die doel van die empiriese ondersoek is om die praktyk te beproef om sodoende vas te stel wat die huidige stand van bestuursbekwaamheid van die DSO in die implementering van gebeurlikheidsbeplanning in sekondêre skole is.

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die empiriese ondersoek. Daar sal aandag gegee word aan die navorsingsontwerp, sowel as aan die interpretering van die data.

## 4.2 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp bestaan uit meetinstrumente, loodsondersoeke, vraelys, populasie en statistiese prosedures.

### 4.2.1 Die ontwerp van die meetinstrument/vraelys

#### 4.2.1.1 Die posvraelys

Die doel van die vraelys is om navraag oor bestaande praktyke en toestande te doen en/of houdings en menings te peil (Van der Westhuizen, 1985:1).

Cook en Lafleur (1975:52) wys daarop dat die vraelys die mees gebruiklike vorm van data-insameling in die onderwys is en berus op "wat is die bestaande"-soort vrae.

Pietersen (1988:87) meen die doel van 'n vraag of item in 'n vraelys is om die spesifieke reaksie of boodskap uit te lok.

Volgens Cohen en Manion (1980:86) moet groot sorg aan die dag gelê word in die ontwerp, samestelling en voorkoms van die vraelys om sodoende die mate van korrektheid, duidelikheid en terugvoering te bepaal sodat ondubbelsinnigheid uitgeskakel word (Slavin, 1984:88).

#### 4.2.1.2 Soorte vraelyste

De Wet *et al*. (1980:163) en Mouly (1978:192) onderskei twee soorte vraelyste:

* Gestruktureerde vraelyste: Hierdie soort vraelys bestaan uit vrae met alternatiewe antwoorde/waardebepalings waaruit die respondent 'n keuse moet maak.

* Ongestruktureerde vraelyste: By hierdie soort vraelyste word nie alternatiewe antwoorde verskaf nie, en gee aan die respondent die vrye keuse om te antwoord asook die geleenthede om eie menings te lug.

#### 4.2.1.3 Keuse van meetinstrument

'n Gestruktureerde vraelys is 'n vorm (lys) wat 'n aantal relevante vrae, items of stellings bevat wat oor 'n bepaalde onderwerp handel wat aan 'n bepaalde groep(e) mense of teikengroep(e) vir beantwoording of beoordeling voorgelê word, ten einde die verlangde data vir besluitneming te bekom. (Jacobs *et al*., 1988:229.)

'n Gestruktureerde vraelys het die volgende voordele (De Wet *et al*., 1980:163; Van

der Westhuizen, 1985:1; Pietersen, 1988:95):

- ★ Gedrukte vraelyste is meer doeltreffend en prakties.
- ★ Gestandaardiseerde instruksies maak dit moontlik dat elke respondent presies weet wat van hom verwag word.
- ★ 'n Groot groep mense kan makliker betrek word.
- ★ Respondente kan anoniem bly.
- ★ Objektiewe menings kan verkry word omdat persoonlike kontak uitgeskakel word.
- ★ Dit is meer ekonomies. Meer vrae per gegewe vraelyste oor 'n verskeidenheid onderwerpe kan met 'n meervoudige keuseformaat hanteer word.
- ★ As meetinstrument is die vraelys meer betroubaar as die onderhoud.
- ★ Response kan maklik ontleed word.
- ★ Dit is maklik om toe te pas, aangesien dit vooraf gekodeer kan word om kwantifisering te vergemaklik.
- ★ Dit neem minder tyd in beslag as onderhoude.

Nadele:

Van der Westhuizen (1985:1) en Pietersen (1988:95) dui die volgende nadele aan:

- ★ Gestruktureerde vrae is dikwels minder subtiel as oop vrae en laat die ondersoeker daardeur die geleentheid verbeur om 'n peilingsvraag te stel.
- ★ Korrektheid van antwoorde kan moeilik bepaal word.
- ★ Gestruktureerde vrae kan tot 'n verlies aan rapport en respondentmotivering lei, aangesien hulle kan voel dat hulle gedwing word om response te kies wat nie vir hulle bevredigend is nie.
- ★ Swak terugvoering.
- ★ Die geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelys is moeilik te bepaal.

#### 4.2.1.4 Loodsondersoek

'n Vraelys is saamgestel volgens inligting wat uit die literatuurstudie verkry is. Vraelyste is aan 'n paar Afrikaanse sekondêre skole (n = 3) gestuur. Enkele redaksionele en tegniese veranderinge was nodig.

#### 4.2.1.5 Finale vraelys

Die empiriese ondersoek word gedoen met behulp van 'n gestruktureerde vraelys (kyk Bylae C) geselekteer op 'n sistematiese wyse wat aan die DSO's van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal gestuur is. Gedagtig aan die doelstellings van hierdie ondersoek en na aanleiding van die bevindings van die literatuurstudie is besluit om meer inligting oor die huidige stand van die volgende aangeleenthede in gebeurlikheidsbeplanning in te win:

- ★ Faktore wat insluit dié dinge wat deur die bestuursbesluite aangepas of verander kan word soos beplanning, organisering, personeel, leidingewing en beheeruitoefening wat 'n invloed kan hê op die huidige stand in gebeurlikheidsbeplanning;

- ★ faktore wat die toestand van die huidige interne stand van die gebeurlikheidsbeplanning toelig: hoe goed werk die gebeurlikheidsplan wat motivering, samewerking, kommunikering en besluitneming insluit uit die oogpunt van die individu (i.c. DSO) asook van die kant van die groep (i.c. onderwysers, leerlinge en ander persone in die skoolopset);

- ★ hoe geslaagd is die huidige skakeling tussen die skool en buite-instansies in die toepassing van gebeurlikheidsbeplanning, en

- ★ wat die implementeringsukses, soos dit deur die huidige paraatheidstand van die skool vasgestel is.

#### 4.2.1.6 Konstruksie van die vraelys

Die doel van die vraelys was om te bepaal in welke mate die implementering van die gebeurlikheidsplan suksesvol in die skoolpraktyk was. Ten einde die doel te bereik, is die vraelys soos volg gekonstrueer:

★ Biografiese gegewens. (Vergelyk Bylae C, vrae 1 - 4.)

★ Demografiese gegewens. (Vergelyk Bylae C, vrae 5 - 8.)

★ Beplanning as bestuurstaak. (Vergelyk Bylae C, vrae 9, 11, 12 waar bepaal is hoe gereeld die taak verrig word.)

★ Organisering as bestuurstaak. (Vergelyk Bylae C, vraag 18 waar die gereeldheid per jaarsekwens bepaal is.)

★ Leidinggewing as bestuurstaak. (Vergelyk Bylae C, vrae 16, 17, 36 waar die gereeldheid per jaarsekwens bepaal is.)

★ Kommunikering as bestuurstaak. (Vergelyk Bylae C, vrae 10, 13, 14 en 15 waar bepaal is hoe gereeld die taak verrig word.)

★ Beheeruitoefening. (Vergelyk Bylae C, vrae 32, 33 en 34 waar bepaal is wie hoofsaaklik beheer oor sekere take wat uitgeoefen word, uitoefen.)

★ Bestuurstake waar bepaal is <u>of</u> 'n bepaalde bestuurstaak uitgevoer is:
- Beplanning. (Vergelyk Bylae C, vrae 19, 20, 22.)
- Organisering. (Vergelyk Bylae C, vrae 21, 27.)
- Leidinggewing. (Vergelyk Bylae C, vrae 28, 29.)
- Beheeruitoefening. (Vergelyk Bylae C, vraag 31.)

★ Administratiewe take (Vergelyk Bylae C, vrae 23, 24, 25, 26 waar bepaal is of

die administratiewe taak verrig is.)

Om hierdie rede is die gestruktureerde vraelys dan gekies as meetinstrument sodat bepaal kan word wat die huidige stand van gebeurlikheidsbeplanning in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole is.

4.2.1.7 Administratiewe prosedures

Toestemming vir die uitstuur van goedgekeurde vraelyste is van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys verkry.

4.2.2 **Studiepopulasie**

4.2.2.1 Populasie

Al die DSO's van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal.

4.2.2.2 Teikenpopulasie

Die teikenpopulasie (n = 125) in hierdie ondersoek is die DSO's van Afrikaanse sekondêre skole wat op 'n sistematiese wyse geselekteer is uit stede, groot en klein dorpe.

Van die 125 vraelyste wat gepos is, is 92 terugontvang nadat twee opvolgversoeke vir die terugstuur van die vraelyste aan die teikenpopulasie gerig was. Dit verteenwoordig 74% vraelyste wat terug ontvang is. Volgens Landman (1980:112) is terugvoering van meer as 70% voldoende om betekenisvolle afleidings te maak. Afleidings wat verderaan gemaak word, geld slegs vir die TOD. (Vergelyk Tabel 4.1.)

Tabel 4.1 Vraelyste uitgestuur en terug ontvang

| Aantal vraelyste gepos | Aantal vraelyste terug ontvang | Persentasie |
|---|---|---|
| 125 | 92 | 74% |

### 4.2.3 Statistiese tegnieke

Die data is met behulp van 'n hoofraam en deur gebruikmaking van 'n S A S- ("Statistical Analysis System") rekenaarprogrampakket verwerk (S A Institute Inc., 1985).

By elke vraag is daar frekwensies (F) en persentasies (%) volgens die FREQ-prosedure van S A S bepaal.

## 4.3 INTERPRETERING VAN DATA

### 4.3.1 Opmerking

Die afleidings wat in die lig van hierdie ondersoek gemaak is, berus op response wat deur bestuursbesluite aangepas of verander kan word wat moontlik 'n invloed kan hê op die huidige stand van gebeurlikheidsbeplanning in skole. Die response werp lig op die huidige interne stand van gebeurlikheidsbeplanning wat ook skakeling tussen die skool en buite-instansies insluit. Die implementeringsukses, vasgestel deur die huidige paraatheidstand, is slegs van toepassing op die studiepopulasie, naamlik die departementshoofde Opvoedkundige Leiding van Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal en nie vir departementshoofde Opvoedkundige Leiding in ander provinsies of onderwysdepartemente nie.

### 4.3.2 Biografiese gegewens

Die doel met die vrae oor die biografiese gegewens (vergelyk Bylae C, vrae 1 - 4) was om 'n beeld te verkry van die departementshoof Opvoedkundige Leiding. Hierdie gegewens is saamgevat in Tabel 4.2.

| Tabel 4.2 Biografiese gegewens: | | F | % |
|---|---|---|---|
| 1 | Geslag | | |
| | 1 Manlik | 77 | 83,7 |
| | 2 Vroulik | 15 | 16,3 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 2 | Ouderdom | | |
| | 1 Jonger as 30 jaar | 2 | 2,2 |
| | 2 30 - 35 jaar | 24 | 26,1 |
| | 3 36 - 40 jaar | 30 | 32,6 |
| | 4 41 - 45 jaar | 20 | 21,7 |
| | 5 46 - 50 jaar | 7 | 7,6 |
| | 6 Ouer as 51 jaar | 9 | 9,8 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 3 | Kategorie | | |
| | 1 C | 0 | 0 |
| | 2 D | 20 | 21,7 |
| | 3 E | 41 | 44,6 |
| | 4 F | 27 | 29,3 |
| | 5 G | 4 | 4,4 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 4 | Aantal jare ervaring as DSO | | |
| | 1 Minder as 5 jaar | 38 | 41,3 |
| | 2 5 - 10 jaar | 36 | 39,1 |
| | 3 11 - 15 jaar | 12 | 13,0 |
| | 4 16 - 20 jaar | 3 | 3,3 |
| | 5 Meer as 21 jaar | 3 | 3,3 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |

Uit Tabel 4.2 blyk dit dat 'n profiel van die DSO soos volg kan lyk: Die DSO is oorwegend manlik, in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, met verdere opleiding na die aanvanklike vierjarige onderwysersopleiding en die meeste het minder as 10 jaar ervaring as DSO.

### 4.3.3 Demografiese gegewens

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae C, vrae 5 - 8) was om 'n beeld te kry van tersaaklike demografiese gegewens ten opsigte van die ondersoekgroep. (Vergelyk Tabel 4.3.)

| Tabel 4.3: | Demografiese Gegewens | F | % |
|---|---|---|---|
| 5 | Gradering van u skool | | |
| | 1 GS | 27 | 29,3 |
| | 2 S1 | 47 | 51,1 |
| | 3 S2 | 16 | 17,4 |
| | O-respons | 2 | 2,2 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 6 | Evaluering van u skool deur Burgerlike Beskerming | | |
| | 1 Kategorie A | 15 | 16,3 |
| | 2 Kategorie $B^+$ | 21 | 22,8 |
| | 3 Kategorie B | 9 | 9,8 |
| | 4 Kategorie C | | |
| | O-respons | 47 | 51,1 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 7 | Ligging van u skool | | |
| | 1 Stad | 24 | 26,1 |
| | 2 Groot Dorp | 40 | 43,5 |
| | 3 Klein Dorp | 28 | 30,4 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 8 | Aantal personeel | | |
| | 1 Minder as 20 | 2 | 2,2 |
| | 2 21-30 | 13 | 14,1 |
| | 3 31-40 | 21 | 22,8 |
| | 4 41-50 | 23 | 25,0 |
| | 5 51-60 | 17 | 18,5 |
| | 6 Meer as 61 | 16 | 17,4 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |

'n Interessante verskynsel in Tabel 4.3 is dat die meeste respondente óf hulle evaluering deur Burgerlike Beskerming verswyg het óf nie geweet het wat hulle evaluering is nie. Verder blyk dit dat die studiepopulasie oor die algemeen verteenwoordigend is van die verskillende soort skole, soos versprei is in stede, groot en klein dorpe en die aantal personeel wissel vanaf 'n klein skool tot groot skool.

### 4.3.4 Beplanning as bestuurstaak van die DSO

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae C, vraag 9, 11 en 12) was om beplanning as subtaak van die DSO uit te lig. Uit die literatuurstudie blyk dit dat beplanning in gebeurlikheidsbeplanning hoofsaaklik gesien moet word as 'n poging om veiligheidsprobleme vooraf te antisipeer en moontlike oplossings daarvoor te projekteer. (Vergelyk 3.4.1; Tabel 4.4.)

| Tabel 4.4 Beplanning as bestuurstaak van die DSO | | 0-respons | | 1 | | 2 | | 3 | | 4* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 9 | Hoe dikwels word 'n situasie-analise onderneem by die implementering van die gebeurlikheidsplan? | 4 | 4,4 | 7 | 7,6 | 17 | 18,5 | 47 | 51,1 | 17 | 18,5 | 92 | 100 |
| 11 | Hoe gereeld stel die DSO prosedures vir optrede in noodsituasie vry deur middel van: | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Handleidings? | 5 | 5,4 | 8 | 8,7 | 30 | 32,6 | 31 | 33,7 | 18 | 19,6 | 92 | 100 |
| | 2 Persoonlike gesprekke? | 3 | 3,3 | 3 | 3,3 | 12 | 13,0 | 55 | 59,7 | 19 | 20,7 | 92 | 100 |
| | 3 Riglyne op strategiese plekke, bv.: | | | | | | | | | | | | |
| | 1 trappe | 6 | 6,5 | 32 | 34,8 | 14 | 15,2 | 24 | 26,1 | 16 | 17,4 | 92 | 100 |
| | 2 kennisgewingborde | 7 | 7,6 | 34 | 37,0 | 19 | 20,6 | 21 | 22,8 | 11 | 12,0 | 92 | 100 |
| | 3 voor in die klas teen die muur | 5 | 5,4 | 34 | 37,0 | 20 | 21,7 | 17 | 18,5 | 16 | 17,4 | 92 | 100 |
| | 4 in die saal? | 9 | 9,8 | 40 | 43,5 | 14 | 15,2 | 23 | 25,0 | 6 | 6,5 | 92 | 100 |
| | 4 Ander (spesifiseer) | 66 | 71,7 | 11 | 12,0 | 6 | 6,5 | 6 | 6,5 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 12 | Hoe dikwels word van ondersteunende hulpbronne gebruikgemaak in die implementering van die gebeurlikheidsplan? | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Privaatondernemings | 2 | 2,2 | 40 | 43,5 | 35 | 38,0 | 10 | 10,9 | 5 | 5,4 | 92 | 100 |
| | 2 Kundige ouers | 3 | 3,3 | 26 | 28,3 | 38 | 41,3 | 20 | 21,7 | 5 | 5,4 | 92 | 100 |

* 1 = Nooit   2 = Selde   3 = Dikwels   4 = Gereeld

| Tabel 4.4 Beplanning as bestuurstaak van die DSO (vervolg) | 0-respons | | 1 | | 2 | | 3 | | 4* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 3 Vroue Federasie | 3 | 3,3 | 60 | 65,2 | 24 | 26,1 | 4 | 4,3 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 4 Landbou-unie | 3 | 3,3 | 64 | 69,5 | 22 | 23,9 | 3 | 3,3 | | | 92 | 100 |
| 5 Plaaslike Hospitale | 4 | 4,3 | 36 | 39,1 | 33 | 35,9 | 16 | 17,4 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 6 Busdiensmaatskappy | 3 | 3,3 | 49 | 53,2 | 27 | 29,3 | 10 | 10,9 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 7 Plaaslike bestuur se professionele dienste | 4 | 4,3 | 25 | 27,2 | 27 | 29,4 | 23 | 25,0 | 13 | 14,1 | 92 | 100 |
| 8 Ander (spesifiseer) | 62 | 67,4 | 14 | 15,2 | 6 | 6,5 | 3 | 3,3 | 7 | 7,6 | 92 | 100 |

* 1 = Nooit 2 = Selde 3 = Dikwels 4 = Gereeld

Uit die response op vraag 9 is bevind dat 69,6% respondente dikwels of gereeld hulle situasie ontleed. In teenstelling hiermee beplan 26,1% selde of nooit vir 'n rampsituasie nie.

'n Moontlike rede hiervoor is dat skoolhoofde en departementshoofde volstaan met die identifisering van risiko's deur die Transvaalse Onderwysdepartement (vergelyk 2.7.2) en nalaat om 'n opname- en dieptestudie te onderneem wat intensief gerig is op alle risiko's en kwesbaarhede van die skool (vergelyk 2.6) om sodoende daarvoor te beplan.

Ten opsigte van vraag 11 blyk dit dat die skole nog geredelik (dikwels en gereeld) handleidings (53,3%) en deur middel van persoonlike gesprekke (80,4%) prosedures vir noodsituasies beskikbaar stel. Wat egter 'n leemte is, is dat riglyne op strategiese plekke ten opsigte van noodsituasies nie baie aandag kry nie. Riglyne word selde of nooit op trappe (50%), op kennisgewingborde (57,6%), voor in die klas teen die muur (58,7%) en in die saal (58,7%) aangebring nie.

'n Rede vir hierdie situasie is dat sommige gebeurlikheidsbeplanning slegs as 'n geskrewe dokument beskou word. Sodoende word uit die oog verloor dat met mense saamgewerk moet word ten einde die veiligheidsdoelwitte te laat realiseer. Daarom moet die DSO van hulpbronne gebruikmaak om koördinering te vergemaklik. (Vergelyk 3.4.2.4.)

Vraag 12

Dit blyk dat daar ook swak skakeling is met die verskeidenheid ondersteunende hulpbronne by die implementering van die gebeurlikheidsplan. Daar word selde of nooit geskakel met privaatondernemings (81,5%), kundige ouers (69,6%), Vroue Federasie (91,3%), die S.A. Landbou-unie (93,4%), plaaslike hospitale (75,0%), busdiensmaatskappye (82,5%), plaaslike bestuur se professionele dienste (56,6%) nie.

Redes vir hierdie stand van sake kan moontlik wees dat in die opstel van die gebeur-

likheidsplan nie voorsiening gemaak is om in 'n gegewe situasie 'n keuse te maak tussen twee of meer alternatiewes ten einde te besluit op optrede wat die gestelde doelwitte die beste sal bevorder nie. (Vergelyk 3.4.1.2 iv.)

Volgens die response wat ontvang is, beplan 69,6% respondente vir gebeurlikhede eiesoortig aan hulle situasie. Implementeringsukses van die gebeurlikheidsplan hang grotendeels van samewerking en groepshandeling af, maar die respondente ondervind leemtes in die proses van verhoudingstigting.

### 4.3.5 **Organisering as bestuurstaak van die DSO**

Die doel van hierdie vrae (vergelyk Bylae C, vraag 18) was om vas te stel in welke mate beplanningstrukture deur ander mense uitgevoer word om die implementering van die gebeurlikheidsplan suksesvol te laat verloop. (Vergelyk Tabel 4.5).

| Tabel 4.5: Organisering as bestuurstaak van die DSO. | | 0-respons | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | Total | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 18 | Hoe gereeld vind vergaderings rakende gebeurlikheidsbeplanning plaas met: | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Gesamentlike beplanningskomitee? | 2 | 2,2 | 2 | 2,2 | 24 | 26,1 | 21 | 22,8 | 22 | 23,8 | 21 | 22,8 | 92 | 100 |
| | 2 Skole GBK? | 6 | 6,5 | 4 | 4,4 | 14 | 15,2 | 17 | 18,5 | 20 | 21,7 | 31 | 33,7 | 92 | 100 |
| | 3 ASO? | 2 | 2,2 | 2 | 2,2 | 10 | 10,9 | 11 | 12,0 | 47 | 51,0 | 20 | 21,7 | 92 | 100 |
| | 4 Bestuursraad van u skool? | 2 | 2,2 | 3 | 3,3 | 15 | 16,3 | 7 | 7,6 | 44 | 47,8 | 21 | 22,8 | 92 | 100 |
| | 5 Onderwysers? | | | 5 | 5,4 | 54 | 58,7 | 13 | 14,1 | 19 | 20,7 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| | 6 Ouers? | 2 | 2,2 | 2 | 2,2 | 6 | 6,5 | 9 | 9,8 | 25 | 27,2 | 48 | 52,1 | 92 | 100 |
| | 7 Ander (spesifiseer) | 76 | 82,6 | 1 | 1,1 | 4 | 4,3 | | | | | 11 | 12,0 | 92 | 100 |

* 1 = Maandeliks 2 = Kwartaalliks 3 = Halfjaarliks 4 = Jaarliks 5 = Nooit

Die bevindinge op vraag 18 (vergelyk Tabel 4.5) toon 'n duidelike ooreenkoms met die response op vraag 10. (Vergelyk Tabel 4.7.) Van die respondente hou 46,7% jaarliks of nooit vergadering saam met die GBK; 55,4% met die Skole-GBK en 72,7% met die ASO.

Dit blyk dat daar swak skakeling met die bestuursrade (nou bestuursliggame in Model C-skole) en ouers van skole is. Daar word jaarliks of nooit vergaderings gehou met 70,6% bestuursrade of 79,3% met ouers nie.

Suksesvolle implementering van die gebeurlikheidsplan steun sterk op die onderwysers (64,1%) wat maandeliks of kwartaalliks die gebeurlikheidsplan bespreek.

'n Moontlike rede vir hierdie oorwegend negatiewe respons is die waarskynlike gebrek aan 'n behoorlike organisasiestruktuur in gebeurlikheidsbeplanning by skole. (Vergelyk 3.4.2.2.)

Die bevindinge het getoon dat eksterne skakeling, dit wil sê met die ASO, Skole-GBK, Gesamentlike Beplanningskomitee asook met bestuursrade en ouers baie swak gedoen word.

### 4.3.6 **Leidinggewing as bestuurstaak van die DSO**

#### 4.3.6.1 Interpersoonlike vaardighede van die DSO

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae C, vraag 16, 17, 35, 36.1, 36.2 en 36.3) was om vas te stel op welke wyse en hoe gereeld die kennisvlak van personeel, leerlinge en ander betrokkenes in die skoolopset ten opsigte van die gebeurlikheidsplan uitgebrei word deur die DSO aan hand van bekendmaking, inskerping en opleidingsprogramme om sodoende die paraatheidstand in die implementering van die gebeurlikheidsplan te verbeter. (Vergelyk Tabel 4.6.)

| Tabel 4.6(i): Interpersoonlike vaardighede van die DSO | 0-respons | | 1* | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 16 Hoe gereeld word veiligheidsmaatreëls t.o.v. die gebeurlikheidsplan bekendgemaak aan die: | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Personeel? | | | 7 | 7,6 | 50 | 54,4 | 12 | 13,0 | 22 | 23,9 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 2 Leerlinge? | | | 11 | 12,0 | 57 | 62,0 | 13 | 14,1 | 10 | 10,8 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 3 Administratiewe Personeel? | | | 8 | 8,7 | 48 | 52,1 | 9 | 9,8 | 26 | 28,3 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 4 Werkers in die skool? | | | 5 | 5,4 | 35 | 38,0 | 9 | 9,8 | 28 | 30,4 | 15 | 16,3 | 92 | 100 |
| 5 Ouers? | | | 1 | 1,1 | 13 | 14,1 | 7 | 7,6 | 37 | 40,2 | 34 | 37,0 | 92 | 100 |
| 17 Hoe gereeld word noodprosedure t.o.v. die gebeurlikheidsplan by die skool ingeskerp by wyse van: | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Inoefening? | | | 7 | 7,6 | 62 | 67,4 | 14 | 15,2 | 7 | 7,6 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| 2 Lesaanbiedings? | 1 | 1,1 | 10 | 10,8 | 47 | 51,1 | 16 | 17,4 | 17 | 18,5 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 3 Skriftelik (bv. omsendbrief)? | 1 | 1,1 | 2 | 2,2 | 12 | 13,0 | 6 | 6,5 | 28 | 30,4 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| 4 Gesprekke? | 1 | 1,1 | 16 | 17,4 | 41 | 44,5 | 17 | 18,5 | 9 | 9,8 | 8 | 8,7 | 92 | 100 |
| 5 Ander (spesifiseer) | 77 | 83,6 | 2 | 2,2 | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 10 | 10,9 | 92 | 100 |

* 1 = Maandeliks 2 = Kwartaalliks 3 = Halfjaarliks 4 = Jaarliks 5 = Nooit

| Tabel 4.6 (vervolg) | 0-respons | | 1* | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 36 Hoe gereeld vind opleiding in die volgende programme t.o.v. die gebeurlikheidsplan plaas? | | | | | | | | | | | | | | |
| 36.1 Noodhulp vir: | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Personeel? | 1 | 1,1 | 3 | 3,3 | 13 | 14,1 | 6 | 6,5 | 45 | 48,9 | 24 | 26,0 1 | 92 | 100 |
| 2 Leerlinge? | | | 21 | 22,8 | 31 | 33,7 | 9 | 9,8 | 28 | 30,4 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 3 Werkers? | 3 | 3,3 | | | 7 | 7,6 | 4 | 4,4 | 14 | 15,2 | 64 | 69,5 | 92 | 100 |
| 4 Kantoorpersoneel? | | | 2 | 2,2 | 11 | 11,9 | 5 | 5,4 | 24 | 26,1 | 50 | 54,4 | 92 | 100 |
| 5 Departements-hoofde? | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 13 | 14,1 | 3 | 3,3 | 38 | 41,4 | 36 | 39,1 | 92 | 100 |

* 1 = Maandeliks 2 = Kwartaalliks 3 = Halfjaarliks 4 = Jaarliks 5 = Nooit

| Tabel 4.6(ii): Interpersoonlike vaardighede van die DSO (vervolg) | 0-respons | | 1* | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| **36.2** Brandbestryding vir: | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Personeel | 1 | 1,1 | 3 | 3,3 | 10 | 10,9 | 11 | 11,9 | 33 | 35,9 | 35 | 38,0 | 92 | 100 |
| 2 Leerlinge | 1 | 1,1 | 11 | 12 | 23 | 25,0 | 13 | 14,1 | 36 | 39,1 | 8 | 8,7 | 92 | 100 |
| 3 Werkers | 2 | 2,2 | | | 5 | 5,4 | 7 | 7,6 | 15 | 16,3 | 63 | 68,5 | 92 | 100 |
| 4 Kantoorpersoneel | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 6 | 6,5 | 9 | 9,8 | 20 | 21,7 | 55 | 59,8 | 92 | 100 |
| 5 Departementshoofde | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 13 | 14,1 | 6 | 6,5 | 33 | 35,9 | 38 | 41,3 | 92 | 100 |
| 6 DSO | 1 | 1,1 | 3 | 3,3 | 17 | 18,5 | 5 | 5,4 | 36 | 39,1 | 30 | 32,6 | 92 | 100 |
| **36.3** Ontruimingsoefeninge vir: | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Personeel | | | 8 | 8,7 | 58 | 63,0 | 11 | 12,0 | 13 | 14,1 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| 2 Leerlinge | | | 8 | 8,7 | 61 | 66,3 | 10 | 10,8 | 11 | 12,0 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| 3 Werkers | 2 | 2,2 | 4 | 4,4 | 24 | 26,1 | 6 | 6,5 | 13 | 14,1 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| 4 Kantoorpersoneel | | | 5 | 5,4 | 45 | 48,9 | 9 | 9,8 | 16 | 17,4 | 17 | 18,5 | 92 | 100 |
| 5 Departementshoofde | | | 7 | 7,6 | 59 | 64,1 | 10 | 10,9 | 12 | 13,0 | 4 | 4,4 | 92 | 100 |
| 6 DSO | | | 7 | 7,6 | 59 | 64,1 | 10 | 10,8 | 14 | 15,2 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |

* 1 = Maandeliks 3 = Halfjaarliks
2 = Kwartaalliks 4 = Jaarliks 5 = Nooit

Volgens die response op vraag 16 word veiligheidsmaatreëls oorwegend kwartaalliks aan personeel (54,4%); leerlinge (62,0%); administratiewe personeel (52,1%) bekendgemaak, terwyl maatreëls aan werkers kwartaalliks (38,0%) en jaarliks (30,4%) gekommunikeer word.

Ouers (37,0%) word in die bekendmakingsproses van maatreëls grootliks uitgeskakel.

Omdat die gebeurlikheidsplan van 'n skool 'n interne aangeleentheid is, word inligting dan ook meestal kwartaalliks aan die betrokkenes in die skoolsituasie deurgegee.

Inoefening van die noodprosedures (75%) geniet hoë prioriteit (maandeliks en kwartaalliks) soos weergegee word in Tabel 4.6 (vergelyk vraag 17); lesaanbiedings en gesprekke 61.9% onderskeidelik. Maar 46,7% skerp nooit noodprosedures skriftelik in nie.

Die rede vir hierdie goeie respons lê in die toepassing van die Burgerskap Opleidingsprogram deur skole omdat periodetoewysing hierdie implementeringsukses moontlik maak.

Die bevindinge op vraag 36.1 en 36.2 was teleurstellend. Noodhulpopleiding vind hoofsaaklik jaarliks plaas aan personeel (48,9%), leerlinge (30,4%), werkers (69,5%) so ook aan kantoorpersoneel (54,4%) en departementshoofde (39,1%).

Die swak opleidingsprogramme in noodhulp mag wees as gevolg van gebrek aan tyd in die skoolopset.

Opleiding in brandbestryding (vergelyk Bylae C, vraag 36.2) word ewe-eens swak deur skole gedoen. Brandbestrydingsopleiding geskied op 'n nul-basis aan personeel (38,0%), werkers (68,5%), kantoorpersoneel (59,8%), departementshoofde (41,3%) en DSO's (32,6%).

'n Moontlike rede vir hierdie tendens is dat skole staatmaak op Burgerlike Beskerming

se brandweereenheid om brande te bestry.

Die response op vraag 36.3 was oorwegend positief en kry ontruimingsoefeninge kwartaalliks aandag onderskeidelik deur personeel (63,0%), leerlinge (66,3%), kantoorpersoneel (48,9%), departementshoofde en DSO's (64,1%).

Hierdie positiewe tendens kan toegeskryf word aan die feit dat in die Burgerskap-opleidingsprogram voorsiening gemaak word vir ten minste twee oefensessies in ont-ruimingsprosedures.

Die doel van die vraag (vergelyk Bylae C, vraag 35) was om spanwerk se rol te be-klemtoon in die implementering van die gebeurlikheidsplan. (Vergelyk 3.4.2.3; (verge-lyk Tabel 4.6(ii).)

| Tabel 4.6(ii): Spanwerk in die gebeurlikheidsplan | | 0-respons | | 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % |
| 35 | Wat is die houding van die personeel in u skool teenoor die gebeurlikheidsplan? | | | | | | |
| | 1 Werk graag saam | 1 | 1,1 | 64 | 69,5 | | |
| | 2 Ongeërgdheid | | | 25 | 27,2 | | |
| | 3 Dwarstrekkerig | | | 1 | 1,1 | | |
| | 4 Algeheel onbetrokke | | | 1 | 1,1 | 92 | 100 |

Uit die response het dit geblyk dat 30,5% negatief ingestel is teenoor die gebeurlik-heidsplan.

Die bestuurstaak van die DSO word veral bemoeilik deur die houding van mense. Die DSO moet hom veral verlaat op oorreding en begeestering om daardeur mense aan te spoor om met entoesiasme saam te werk in die uitvoering van die gebeurlikheids-plan. (Vergelyk 3.4.2.4(ii).)

4.3.6.2 Kommunikering as bestuurstaak van die DSO (hoe gereeld)

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae C, vraag 10, 13, 14 en 15) was om te bepaal hoe dikwels en van watter hulpmiddels in die kommunikeringsproses gebruik gemaak word om in die implementering van die gebeurlikheidsplan alle betrokke partye te mobiliseer. (Vergelyk 3.4.2.4(ii); vergelyk Tabel 4.7.)

| Tabel 4.7 Kommunikering in die bestuurstaak van die DSO. | | 0-respons | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 10 | Hoe dikwels word die volgende instansies geskakel ten opsigte van die gebeurlikheidsplan? | | | | | | | | | | | | |
| | 1 ASO | 9 | 9,8 | 8 | 8,7 | 45 | 48,9 | 25 | 27,2 | 5 | 5,4 | 92 | 100 |
| | 2 Skole-GBK | 11 | 11,9 | 14 | 15,2 | 48 | 52,2 | 16 | 17,4 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 3 Gesamentlike Beplanningskomitee | 12 | 13,0 | 12 | 13,0 | 45 | 49,0 | 22 | 23,9 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 13 | Hoe gereeld gebruik die skoolhoof die volgende kommunikasiemiddels in 'n noodsituasie? | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Radio | 5 | 5,4 | 12 | 13,0 | 20 | 21,8 | 23 | 25,0 | 32 | 34,8 | 92 | 100 |
| | 2 Megafoon | 2 | 2,2 | 9 | 9,8 | 21 | 22,8 | 35 | 38,0 | 25 | 27,2 | 92 | 100 |
| | 3 Telefoon | 3 | 3,3 | 5 | 5,4 | 10 | 10,9 | 33 | 35,9 | 41 | 44,6 | 92 | 100 |
| | 4 Skriftelik | 4 | 4,4 | 24 | 26,0 | 38 | 41,3 | 20 | 21,8 | 6 | 6,5 | 92 | 100 |
| | 5 Boodskappers | 3 | 3,3 | 11 | 12,0 | 22 | 23,9 | 29 | 31,5 | 27 | 29,3 | 92 | 100 |
| | 6 Interkom | 1 | 1,1 | 4 | 4,3 | 7 | 7,6 | 24 | 26,1 | 56 | 60,9 | 92 | 100 |
| | 7 Kombinasie | 14 | 15,2 | 6 | 6,5 | 4 | 4,4 | 40 | 43,5 | 28 | 30,4 | 92 | 100 |
| | 8 Ander (spesifiseer) | 72 | 78,3 | 13 | 14,1 | 1 | 1,1 | 2 | 2,2 | 4 | 4,3 | 92 | 100 |
| 14 | Hoe gereeld gebruik die DSO die volgende kommunikasiehulpmiddels in 'n noodsituasie? | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Radio | 5 | 5,4 | 17 | 18,5 | 16 | 17,4 | 23 | 25,0 | 31 | 33,7 | 92 | 100 |

* 1 = Nooit 2 = Selde 3 = Dikwels 4 = Gereeld

| Tabel 4.7 Kommunikering in die bestuurstaak van die DSO (vervolg) | | 0-respons | | 1* | | 2 | | 3 | | 4 | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % | F | % |
| | 2 Megafoon | 3 | 3,3 | 5 | 5,4 | 8 | 8,7 | 29 | 31,5 | 47 | 51,5 | 92 | 100 |
| | 3 Telefoon | 3 | 3,3 | 12 | 13,0 | 22 | 23,9 | 30 | 32,6 | 25 | 27,2 | 92 | 100 |
| | 4 Skriftelik | 5 | 5,4 | 27 | 29,4 | 39 | 42,4 | 14 | 15,2 | 7 | 7,6 | 92 | 100 |
| | 5 Boodskappers | 3 | 3,3 | 10 | 10,9 | 21 | 22,8 | 29 | 31,5 | 29 | 31,5 | 92 | 100 |
| | 6 Interkom | 3 | 3,3 | 8 | 8,6 | 13 | 14,1 | 26 | 28,3 | 42 | 45,7 | 92 | 100 |
| | 7 Kombinasie | 13 | 14,1 | 9 | 9,8 | 5 | 5,5 | 36 | 39,1 | 29 | 31,5 | 92 | 100 |
| | 8 Ander (spesifiseer) | 77 | 83,6 | 11 | 12,0 | | | 1 | 1,1 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 15 | Hoe dikwels is u skoolhoof met die volgende in radioverbinding? | | | | | | | | | | | | |
| | 1 Burgerlike Beskerming | | | 28 | 30,4 | 20 | 21,8 | 16 | 17,4 | 28 | 30,4 | 92 | 100 |
| | 2 Hospitaal | 1 | 1,1 | 54 | 58,7 | 28 | 30,4 | 6 | 6,5 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 3 SAP | | | 37 | 40,2 | 17 | 18,5 | 23 | 25,0 | 15 | 16,3 | 92 | 100 |
| | 4 SAW | | | 48 | 52,2 | 19 | 20,7 | 13 | 14,1 | 12 | 13,0 | 92 | 100 |
| | 5 Blokleiers | | | 35 | 38,0 | 28 | 30,4 | 16 | 17,4 | 13 | 14,1 | 92 | 100 |
| | 6 DSO | 2 | 2,2 | 29 | 31,5 | 16 | 17,4 | 18 | 19,6 | 27 | 29,3 | 92 | 100 |
| | 7 Ander (spesifiseer) | 70 | 76,0 | 15 | 16,3 | 3 | 3,3 | 2 | 2,2 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |

* 1 = Nooit 2 = Selde 3 = Dikwels 4 - Gereeld

Vir die response op vraag 10 blyk dit dat daar grotendeels nie op 'n gereelde basis met die betrokke instansies rakende die gebeurlikheidsplan geskakel word nie: 48,9% skakel nooit met die ASO; 52,2% tree op sonder koördinering met die Skole-GBK en 49,0% implementeer hul gebeurlikheidsplan sonder skakeling met die Gesamentlike Beplanningskomitee.

Uit die response op vraag 13 blyk dit dat die hoof goed van hulpmiddels gebruik maak in die kommunikeringsproses. 'n Interessante verskynsel is dat 80,5% die telefoon dikwels en gereeld gebruik, terwyl 59,8% die radio gebruik. Die interkom (87%) word die meeste gebruik. Slegs 28,3% geskrewe kommunikasie vind plaas.

Die rede vir hierdie response is dat die skoolhoof daagliks in die unieke posisie is om ekstern of intern te kommunikeer. (Vergelyk 3.4.2.5(iii).) Intensiewe kommunikering word verlang tussen die verskeie hiërargiese vlakke van die skool (vergelyk 3.4.2.2) vir die effektiewe uitvoering van die gebeurlikheidsplan.

Die feit dat kommunikering deur die DSO hoofsaaklik horisontaal is, blyk uit die response op vraag 14. Die megafoon (82,6%) en interkom (74%) word gereeld gebruik, so ook boodskappers (63,0%), die radio (58,7%) en telefoon (59,8%).

Doeltreffende kommunikering gedurende rampsituasies, wanneer die gebeurlikheidsplan geïmplementeer word, is nodig om chaos en vals alarm uit te skakel.

Aangesien die skoolhoof aanspreeklik is vir die gebeurlikheidsplan (vergelyk 3.2), sal hy tog genoodsaak wees om met hulle te kommunikeer aan wie hy die bestuurstaak van die gebeurlikheidsplan gedelegeer het.

Ten spyte van bogenoemde opmerking blyk dit deur response op vraag 15, dat die skoolhoof selde of nooit met Burgerlike Beskerming (52,2%) per radio kommunikeer nie; 'n hospitaal (89,1%) kontak óf die polisie (58,7%) per radio raadpleeg nie. So ook word die SAW (72,9%) selde of nooit gekontak nie.

Interne kommunikering per radio (vergelyk 3.4.2.5(iii)) lyk ook nie beter nie, want blokleiers (68,4%) en DSO's (48,9%) word selde of nooit per radio gekontak nie.

Uit dié gegewens kan afgelei word dat die radio nie 'n algemeen bruikbare hulpmiddel in die skool se kommunikasiestelsel is nie, alhoewel 85,9% skole 'n radio het. (Vergelyk Tabel 4.10.)

'n Moontlike rede vir hierdie onbruik mag wees dat die radio's óf weggesluit word en net in 'n spesifieke situasie gebruik word óf moontlik buite werking is.

### 4.3.7 **Beheeruitoefening**

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae C, vraag 32, 33 en 34) was om te bepaal wie in beheer van die implementering van die gebeurlikheidsplan in die skool is. (Vergelyk Tabel 4.8.)

Weens die feit dat onderwysdepartemente nie kennis dra van al die faktore wat by elke skool 'n rol speel nie, kan hy slegs algemene voorskrifte maak ten opsigte van leerlingveiligheid. Daarom delegeer die departement die nodige gesag aan skoolhoofde om 'n volledige veiligheidsprogram op te stel en te implementeer. (Vergelyk 2.8 en 3.2.)

| Tabel 4.8 Beheeruitoefening as bestuurstaak van die DSO | | F | % |
|---|---|---|---|
| 32 | Wie is die verantwoordelike persoon by die implementering van die gebeurlikheidsplan in u skool? | | |
| | 1. Hoof | 54 | 58,6 |
| | 2. DSO | 34 | 37,0 |
| | 3. ASO | | |
| | 4. Burgerlike Beskerming | 1 | 1,1 |
| | 0-respons | 3 | 3,3 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 33 | Wie is in beheer van die beveiligingsaspek by u skool? | | |
| | 1. Hoof | 40 | 43,5 |
| | 2. DSO | 36 | 39,1 |
| | 3. Departementshoof | 8 | 8,7 |
| | 4. Onderwyser | 5 | 5,4 |
| | 0-respons | 3 | 3,3 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |
| 34 | Wie is in beheer van die verdedigingsaspek by u skool? | | |
| | 1. Hoof | 39 | 42,4 |
| | 2. DSO | 17 | 18,5 |
| | 3. Departementshoof | 10 | 10,8 |
| | 4. Onderwyser | 8 | 8,7 |
| | 5. SAP | 16 | 17,4 |
| | 0-respons | 2 | 2,2 |
| | TOTAAL | 92 | 100 |

Hierdie beginsel blyk duidelik in vrae 32, 33 en 34 waar die hoof (58,6%) verantwoordelik is vir die implementering van die gebeurlikheidsplan; die hoof (43,5%) in beheer van die beveiligingsaspek is en die verdedigingsaspek (42,4%) beheer.

Response toon dat die DSO se bestuurstaak ten opsigte van beheer nie baie sterk is nie. Die implementeringsverantwoordelikheid word 37,0%; die beveiligingsaspek 39,1% en beheer van die verdedigingsaspek slegs 18,5% deur die DSO's gedra.

Die rede vir hierdie tendens is moontlik dat alhoewel die hoof die bestuurstaak van die gebeurlikheidsplan kan delegeer, hy die aanspreeklikheid daarvan nooit kan delegeer nie (vergelyk 3.2) en daarom beheer daarvan behou.

### 4.3.8 Bestuurstake wat verrig word

Die doel van hierdie vrae was om die bestuursvaardigheid in die implementering van die gebeurlikheidsplan aan te toon. Bestuurswerk soos uitgevoer deur die DSO is nie alle take of handelinge wat deur 'n persoon in 'n bepaalde area of werkgebied verrig word nie, maar slegs daardie handelinge wat verrig word om funksioneel gespesialiseerde werk te bemoontlik. In die lig van hierdie skripsie word die bestuur van die gebeurlikheidsbeplanning van die skool voorts onder die loep geneem. (Vergelyk Tabel 4.9.)

| Tabel 4.9: Bestuurstake wat verrig word | Nul-respons | | 1 | | 2* | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Beplanning: | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 19 Is elke onderwyser vertroud met sy/haar: | | | | | | | | |
| 1 Pligstaat? | | | 89 | 96,7 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| 2 Verantwoordelikhede ten opsigte van leerlinge? | | | 90 | 97,8 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| 3 Noodprosedures soos: | | | | | | | | |
| 1) Ontruiming van die skool? | | | 91 | 98,9 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| 2) Pligte by vergaderpunte? | | | 84 | 91,3 | 8 | 8,7 | 92 | 100 |
| 3) Rampadministrasie? | 1 | 1,1 | 70 | 76,1 | 21 | 22,8 | 92 | 100 |
| 4 Instandhouding van noodapparaat soos: | | | | | | | | |
| 1) Noodhulpvoorraad? | 1 | 1,1 | 79 | 85,9 | 12 | 13,0 | 92 | 100 |
| 2) Brandbestrydingstoerusting? | 1 | 1,1 | 75 | 81,5 | 16 | 17,4 | 92 | 100 |
| 20 Is die volgende persone/instansies betrokke by die opleiding van noodspanne? | | | | | | | | |
| 1 Departementshoofde (ander as DSO) | | | 76 | 82,6 | 16 | 17,4 | 92 | 100 |
| 2 Onderwysers | | | 88 | 95,7 | 4 | 4,3 | 92 | 100 |
| 3 Burgerlike Beskerming | 3 | 3,3 | 53 | 57,6 | 36 | 39,1 | 92 | 100 |
| 4 Leerlinge wat makkers oplei | 1 | 1,1 | 60 | 65,2 | 31 | 33,7 | 92 | 100 |
| 5 DSO | | | 82 | 89,1 | 10 | 10,9 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

| Tabel 4.9 Bestuurstake wat verrig word (vervolg) | | 0-respons | | 1 | | 2* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 22 | 1 Hoof | | | 91 | 98,1 | 1 | 1,1 | 92 | 100 |
| | 2 Departementshoofde | 1 | 1,1 | 85 | 92,4 | 6 | 6,6 | 92 | 100 |
| | 3 Onderwysers | 1 | 1,1 | 78 | 84,8 | 13 | 14,1 | 92 | 100 |
| | 4 Leerlinge | 2 | 2,2 | 46 | 50,0 | 44 | 47,8 | 92 | 100 |
| | 5 Werkers | 2 | 2,2 | 10 | 10,8 | 80 | 87,0 | 92 | 100 |
| | 6 Ouers | 2 | 2,2 | 20 | 21,7 | 70 | 76,1 | 92 | 100 |
| | 7 Burgerlike Beskerming | 2 | 2,2 | 66 | 71,7 | 24 | 26,2 | 92 | 100 |
| | 8 SAW | | | 49 | 53,3 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| | 9 SAP | 1 | 1,1 | 58 | 63,0 | 33 | 35,9 | 92 | 100 |
| | 10 Ander (spesifiseer) | 76 | 82,6 | 7 | 7,6 | 9 | 9,8 | 92 | 100 |
| Organisering | | | | | | | | | |
| 21 | Is die volgende persone betrokke tydens die inoefening van noodprosedures by u skool? | | | | | | | | |
| | 1 Hoof | | | 89 | 96,7 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 2 DSO | | | 90 | 97,8 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| | 3 Departementshoofde | | | 90 | 97,8 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| | 4 Faktotum | 3 | 3,3 | 42 | 45,7 | 47 | 51,0 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

| Tabel 4.9 | Bestuurstake wat verrig word (vervolg) | 0-respons | | 1 | | 2* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 21 | 5 Werkers | 1 | 1,1 | 34 | 37,0 | 57 | 61,9 | 92 | 100 |
| | 6 Administratiewe personeel | | | 78 | 84,8 | 14 | 15,2 | 92 | 100 |
| | 7 Leerlinge | | | 90 | 97,8 | 2 | 2,2 | 92 | 100 |
| | 8 Kommunikasieleer | 3 | 3,3 | 86 | 93,4 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 9 Sangonderwyser/es | | | 73 | 79,3 | 19 | 20,7 | 92 | 100 |
| | 10 LO-onderwysers | | | 81 | 88,0 | 11 | 12,0 | 92 | 100 |
| | 11 Burgerlike Beskerming | 1 | 1,1 | 32 | 34,8 | 59 | 64,1 | 92 | 100 |
| | 12 SAP | 1 | 1,1 | 29 | 31,5 | 62 | 67,4 | 92 | 100 |
| | 13 Ander (spesifiseer) | 73 | 79,4 | 6 | 6,5 | 13 | 14,1 | 92 | 100 |
| Leidinggewing | | | | | | | | | |
| 27 | Is die volgende persone 'n aktiewe lid van die gebeurlikheidskomitee van u skool? | | | | | | | | |
| | 1 Hoof | 2 | 2,2 | 84 | 91,3 | 6 | 6,5 | 92 | 100 |
| | 2 Adjunkhoof | 3 | 3,3 | 81 | 88,0 | 8 | 8,7 | 92 | 100 |
| | 3 DSO | 2 | 2,2 | 87 | 94,5 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 4 Burgerlike Beskerming | 4 | 4,4 | 45 | 48,9 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| | 5 SAP | 5 | 5,4 | 44 | 47,8 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

| Tabel 4.9 Bestuurstake wat verrig word (vervolg) | | 0-respons | | 1 | | 2* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 21 | 6 SAW | 4 | 4,4 | 28 | 30,4 | 60 | 65,2 | 92 | 100 |
| | 7 ASO | 5 | 5,4 | 34 | 37,0 | 53 | 57,6 | 92 | 100 |
| 28 | Word u skool se kommunikasiestelsel in werking gestel deur: | | | | | | | | |
| | 1 Die lui van die klok volgens 'n kode? | 4 | 4,4 | 76 | 82,6 | 12 | 13,0 | 92 | 100 |
| | 2 Om te reageer slegs op die aanhoor van 'n bepaalde stem (bv. Hoof/DSO) wat 'n noodopdrag gee? | 4 | 4,4 | 45 | 48,9 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| | 3 'n Geluid anders as die normale? | 2 | 2,2 | 44 | 47,8 | 46 | 50,0 | 92 | 100 |
| | 4 Geen vooraf bespreekte herkenbare metode? | 6 | 6,5 | 10 | 10,9 | 76 | 82,6 | 92 | 100 |
| 29 | Beskik die skool oor die volgende hulpmiddels: | | | | | | | | |
| | 1 Radio? | 2 | 2,2 | 79 | 85,9 | 11 | 11,9 | 92 | 100 |
| | 2 Megafoon? | 3 | 3,3 | 86 | 93,4 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 3 Telefoon (direkte verbinding na buite)? | 2 | 2,2 | 87 | 94,5 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 4 Interkom? | 2 | 2,2 | 87 | 94,5 | 3 | 3,3 | 92 | 100 |
| | 5 Boodskappers? | 2 | 2,2 | 74 | 80,4 | 16 | 17,4 | 92 | 100 |
| | 6 Kombinasie? | 19 | 20,7 | 62 | 67,4 | 11 | 11,9 | 92 | 100 |

* 1 = Ja    2 = Nee

| Tabel 4.9 Bestuurstake wat verrig word (vervolg) | | 0-respons | | 1 | | 2* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 29 | 7 Ander (spesifiseer)? | 76 | 82,6 | 7 | 7,6 | 9 | 9,8 | 92 | 100 |
| Beheeruitoefening | | | | | | | | | |
| 31 | Maak u gebruik van die volgende hulpmiddels by die implementering van die gebeurlikheidsplan? | | | | | | | | |
| | 1 Inspeksiestelsel | 4 | 4,4 | 62 | 67,4 | 26 | 28,3 | 92 | 100 |
| | 2 Herstelprosedures na 'n noodsituasie | 4 | 4,4 | 59 | 64,1 | 29 | 31,5 | 92 | 100 |
| | 3 Opleidingsprosedure in: | | | | | | | | |
| | 1) Fisiese noodtoestande | 4 | 4,4 | 77 | 83,7 | 11 | 11,9 | 92 | 100 |
| | 2) Geestelike noodtoestande | 7 | 7,6 | 47 | 51,1 | 38 | 41,3 | 92 | 100 |
| | 4 Alternatiewe optredes, indien beplande optrede nie operasionaliseer nie | 7 | 7,6 | 63 | 68,5 | 22 | 23,9 | 92 | 100 |
| | 5 'n Doeltreffende alarmstelsel | 3 | 3,3 | 81 | 88,0 | 8 | 8,7 | 92 | 100 |
| | 6 Evalueringsprosedures | 7 | 7,6 | 65 | 70,7 | 20 | 21,7 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

Bestuurstake wat verrig word sluit in:

- beplanning soos uitgelig word in vraag 19, 20 en 22;
- organisering soos in vraag 21 en 27;
- leidinggewing wat in vraag 28, 29 en 35 aangespreek word, en
- beheeruitoefening: vraag 31.

### 4.3.8.1 Beplanning

Wat opvallend is in die response verkry op die bestuurstaak rakende beplanning (vergelyk Bylae C, vraag 19, 20 en 22) is dat respondente (98,9%) hulle weerspreek, omdat response op vraag 11 (vergelyk Tabel 4.4) nie so 'n positiewe respons gee nie.

Die vraag kan ook gevra word: Hoe weet personeel hoe om brandweerapparaat in stand te hou as opleiding in brandbestryding (vergelyk Tabel 4.6) op 'n baie swak basis aan personeel (73,9%) jaarliks of nooit geskied nie?

Eweneens teenstellend is die response op vraag 20 met die response op vraag 36.1 en 36.2. (Vergelyk Tabel 4.6.) Personeel (75.0%) ontvang jaarliks of nooit noodhulpopleiding en 73.9% jaarliks of nooit brandbestrydingopleiding nie, maar personeel (95,7%) gee opleiding aan noodspanne.

Response op vraag 22 is ten opsigte van Burgerlike Beskerming (71,7%) se inspraak ook teenstellend omdat die statistiek bots met die onbetrokkenheid van Burgerlike Beskerming (34,8%) (vergelyk Tabel 4.9) by die inoefeningaksies van die gebeurlikheidsplan.

Die response wat betrekking het op geen ouerinspraak (76,1%) korreleer goed met die respons op vraag 16 (37,0%) (vergelyk Tabel 4.6) waar geen interaksie met ouers is in die implementering van die gebeurlikheidsplan nie.

### 4.3.8.2 Organisering

Uit die literatuurstudie oor organisering van die gebeurlikheidsplan (vergelyk 3.4.2.1) is dit duidelik dat die waarde van organisering daarin geleë is dat take doeltreffend deur ander mense uitgevoer moet word om die implementering van die gebeurlikheidsplan suksesvol te laat verloop.

Dit blyk dan ook uit response op vraag 21 (vergelyk Tabel 4.9) dat aan die doel van inoefening beantwoord word deurdat alle betrokkenes in die skoolsituasie optimaal gebruik word om die gebeurlikheidsplan effektief te kan uitvoer. (Vergelyk 3.4.2.6). Burgerlike Beskerming (34,8%) en die SAP (31,5%) is nie aktief betrokke by inoefeningaksies nie. Hierdie bevindinge korreleer goed met die response op vraag 15. (Vergelyk Tabel 4.7.)

Bevindinge op vraag 27 wys die DSO (94,5%) aan as die mees aktiewe lid van die gebeurlikheidskomitee. Die betrokkenheid van die ASO (57,6%) korreleer goed met response op vraag 18 waar 51,0% jaarliks met die ASO vergadering hou. (Vergelyk Tabel 4.5.)

'n Moontlike rede vir die skynbaar onbetrokkenheid van buite-instansies kan voor die deur van 'n gebrekkige organisasiestruktuur van die skool gelê word.

### 4.3.8.3 Leidinggewing

Onder leidinggewende tegnieke word kommunikering in gebeurlikheidsbeplanning as 'n belangrike bestuurshandeling gesien. (Vergelyk 3.4.2.5.)

Horisontale kommunikering (vergelyk 3.4.2.5(iii)) is by uitstek dié kommunikeringswyse in die implementering van die gebeurlikheidsplan en daarom korreleer gegewens op vraag 29 (vergelyk Tabel 4.9) baie goed met response op vraag 14. (Vergelyk Tabel 4.7.). Skole beskik 93,4% oor 'n megafoon en 94,5% oor 'n interkom en gebruik hierdie hulpmiddels 82,6% en 74% onderskeidelik.

Word die beskikbaarheid van kommunikasiemiddels (vergelyk Tabel 4.9) vergelyk met die gebruik daarvan (vergelyk Tabel 4.7) deur die hoof en die DSO, blyk dit dat daar in beide gevalle geen kommunikasiehulpmiddel 100% gebruik word nie.

4.3.8.4. Beheeruitoefening

Die literatuurstudie het die belangrikheid van beheeruitoefening onderskryf (vergelyk 3.4.2.6) deur 'n praktiese evaluering van die gebeurlikheidsplan te doen. Die slotsom waartoe gekom is, is dat skole in noodsituasies in staat sal wees om lewensverlies en verlies van eiendom te beperk en om ook die geheeltoestand so spoedig moontlik te normaliseer.

Response op vraag 31 (vergelyk Tabel 4.9) wys dat opleiding vir optredes in fisiese noodtoestande (83,7%) gegee word, maar slegs 51,1% respondente opleiding ontvang het vir optredes in geestelike noodtoestande. Herstelprosedures ná 'n noodtoestand word deur 64,1% toegepas.

Die toepassing van 'n inspeksiestelsel (67,4%) en evalueringsprosedures (70,7%) vergelyk goed met die bevindinge oor die administratiewe take van die DSO. (Vergelyk Tabel 4.10.)

Die DSO het in gebeurlikheidsbeplanning 'n afgebakende terrein van werksaamheid wat uit bestuurswerk en funksionele werk (vergelyk 3.3) bestaan soos duidelik uit die empiriese ondersoek geblyk het.

### 4.3.9 **Administratiewe take wat verrig word**

Die doel van die vrae (vergelyk Bylae C, vraag 23, 24, 25 en 26) was om te bepaal of skole oor goeie saamgestelde terreinplanne beskik met legendes (vergelyk **Noodplan vir Kolleges, Skole en Koshuise**) sodat die uitvoerbaarheid van die gebeurlikheidsplan daardeur bevorder kan word. (Vergelyk Tabel 4.10.)

| Tabel 4.10 Administratiewe take van die DSO | | 0-respons | | 1 | | 2* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 23 | Het u skool die volgende? | | | | | | | | |
| | 1 Veiligheidsomheining? | | | 35 | 38,0 | 57 | 62,0 | 92 | 100 |
| | 2 Sekuriteitstoegang? | | | 34 | 37,0 | 58 | 63,0 | 92 | 100 |
| | 3 Identifisering van besoekers? | 2 | 2,2 | 34 | 37,0 | 56 | 60,8 | 92 | 100 |
| 24 | Is die volgende sigbaar geïdentifiseer by u skool? | | | | | | | | |
| | 1 Rigtingaanwysers na die kantoor | 1 | 1,1 | 50 | 54,3 | 41 | 44,6 | 92 | 100 |
| | 2 Ontruimingsroetes | | | 30 | 32,6 | 62 | 67,4 | 92 | 100 |
| | 3 Waterkrane | 2 | 2,2 | 44 | 47,8 | 46 | 50,0 | 92 | 100 |
| | 4 Kragtoevoerpunte | 2 | 2,2 | 39 | 42,4 | 51 | 55,4 | 92 | 100 |
| | 5 Noodspanne | 2 | 2,2 | 47 | 51,1 | 43 | 46,7 | 92 | 100 |
| | 6 Ambulansroete | 2 | 2,2 | 24 | 26,1 | 66 | 71,7 | 92 | 100 |
| 25 | Is sigbare aanwysings in klasse aangebring vir optredes in geval van: | | | | | | | | |
| | 1 Brand? | | | 27 | 29,3 | 65 | 70,7 | 92 | 100 |
| | 2 Bomontploffing? | 2 | 2,2 | 24 | 26,1 | 66 | 71,7 | 92 | 100 |
| | 3 Ander (spesifiseer) | 64 | 69,2 | 11 | 12,0 | 17 | 18,15 | 92 | 100 |
| 26 | Is materiaal (bv, tou/dromme) op hande om onveilige gebiede af te baken? | 4 | 4,4 | 30 | 32,6 | 58 | 63,0 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

| Tabel 4.10 Administratiewe take van die DSO (vervolg) | | 0-respons | | Ja | | Nee* | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | F | % | F | % | F | % | F | % |
| 30 | Bestaan die waarskynlikheid van enige van die volgende risiko's by u skool? | | | | | | | | |
| | 1 Oorhangende kragdrade | 3 | 3,3 | | | 89 | 96,7 | 92 | 100 |
| | 2 Insakkende grond (sinkgate) | 3 | 3,3 | | | 89 | 96,7 | 92 | 100 |
| | 3 Stormwinde | 3 | 3,3 | 8 | 8,7 | 81 | 88,0 | 92 | 100 |
| | 4 Oorstroming | 4 | 4,4 | 1 | 1,1 | 87 | 94,5 | 92 | 100 |
| | 5 Omsingeling | 2 | 2,2 | 29 | 31,5 | 61 | 66,3 | 92 | 100 |
| | 6 Aardbewings | 3 | 3,3 | 10 | 10,8 | 79 | 85,9 | 92 | 100 |
| | 7 Ander (spesifiseer) | 71 | 77,2 | 2 | 2,2 | 19 | 20,6 | 92 | 100 |

* 1 = Ja 2 = Nee

Oor die fisiese veiligheid van die skool het response op vraag 23 die volgende resultate getoon:

- ★ geen veiligheidsomheining (62,0%);
- ★ geen sekuriteitstoegang (63,0%), en
- ★ geen identifisering van besoekers (60,8%).

Response op vraag 24 dui die gebrek aan van ontruimingsroetes (67,4%) asook ambulansroetes (71,7%).

Bevindinge op vraag 25 wys duidelik dat in die geval van brand en bomontploffings staatgemaak word op die kwartaallikse bekendmaking van veiligheidsmaatreëls aan leerlinge (vergelyk Tabel 4.6); daarom ontbreek aanwysings in klasse ten opsigte van brand (70,7%) en bomontploffings (71,7%).

Ook is die gebrek aan materiaal (63,0%), byvoorbeeld om onveilige gebiede af te baken deur respondente op vraag 26 uitgewys.

Die gebrek aan logiese aanwysings of identifikasie om die praktiese implementering van die gebeurlikheidsplan te laat vlot, het duidelik uit die negatiewe response geblyk.

Moontlike redes vir bogenoemde negatiewe response op die administratiewe take kan die gebrek aan fondse wees omdat fisiese beveiliging duur is óf toegeskryf kan word aan swak saamgestelde terreinplanne.

## 4.4 SAMEVATTING

Die empiriese ondersoek het getoon dat die skoolhoof aanspreeklik is om die nodige gebeurlikheidsbeplanning uit te voer en word deur die DSO ondersteun om die paraatheid van die skool deur middel van voorafbeplanning en opleiding na te streef.

Verder het respondente geantwoord op vrae wat die moontlikheid van 'n krisis dek,

sinvolle materiële voorsorg daarvoor, oorkoepelende beplanning, omlyning van elkeen se pligte en verantwoordelikhede, doeltreffende kommunikasiesisteme, koördinering met buite-instansies asook inoefening van die hele program.

Die bevindinge het ook sekere leemtes geïdentifiseer in die bestuurstaak en praktiese implementering van die gebeurlikheidsplan deur die DSO.

In hoofstuk 5 sal gepoog word om aanbevelings te maak en riglyne te gee oor die geïdentifiseerde leemtes uit die empiriese ondersoek.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word deur middel van riglyne en aanbevelings gepoog om die doelwitte wat hoofstuk 1 (1.3) gestel is, te bereik. Sodoende kan die implementering van 'n gebeurlikheidsplan as taak van die DSO vergemaklik en paraatheidsukses bereik word deur die geïdentifiseerde leemtes te ondervang.

### 5.2 SAMEVATTING

**Hoofstuk 1:** In hoofstuk 1 is aangetoon dat die bestuur en implementering van die gebeurlikheidsplan aan die DSO opgedra is. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, ondervind die DSO bepaalde tekortkominge. Om antwoorde te vind vir die leemtes is die doel gestel om deur middel van navorsing te bepaal hoe die implementeringstruikelblokke oorbrug kan word. Die paraatheidstand van die skool blyk die beste skans te wees vir gekoördineerde optrede gedurende noodsituasies, wat deur bestuursverantwoordelikheid in sulke situasies gesteun moet word.

**Hoofstuk 2** is gewy aan die aard van gebeurlikheidsbeplanning in die skool. 'n Begripsverheldering oor bepaalde kernbegrippe dien as die grondslag van gebeurlikheidsbeplanning, die beveiligingsprogram en die realisering van beveiliging as sodanig. Ook is die regverdiging van 'n gebeurlikheidsplan vir skole op opvoedkundige, departementele sowel as juridiese gronde aangetoon.

**Hoofstuk 3** gee 'n verduideliking hoe al die relevante prosedures vir die implementering van die gebeurlikheidsplan bestuur moet word. Ook is die besondere

bestuurstaak van die verantwoordelike persoon, naamlik dié van die DSO, ten opsigte van die gebeurlikheidsplan bespreek.

**Hoofstuk 4** behels die empiriese ondersoek. 'n Vraelys is ontwerp en as meetinstrument gebruik. Vervolgens is die doel, voordele en nadele, konstruksie van die vraelys, administratiewe prosedures en statistiese tegnieke wat gebruik is, bespreek.

Data is deur middel van vraelyste verkry wat gestuur is aan Afrikaanse sekondêre skole in Transvaal, wat op 'n sistematiese wyse geselekteer is. Die versamelde data is vir interpretasie met behulp van die hoofraam en deur gebruikmaking van 'n SAS-("Statistical Analysis System")rekenaarprogrampakket verwerk. Met die interpretasie van die data is gebruik gemaak van tabelle waarin die volgende data weergegee is:

★ Inligting aangaande die aantal vraelyste.

★ Inligting aangaande biografiese en demografiese besonderhede van respondente.

★ Beplanning as bestuurstaak waar bepaal is hoe gereeld die taak verrig moet word.

★ Organisering as bestuurstaak waar die gereeldheid per jaar bepaal is.

★ Leidinggewing as bestuurstaak waar die gereeldheid per jaar bepaal is.

★ Kommunikering as bestuurstaak waar bepaal is hoe gereeld die taak verrig moet word.

★ Beheeruitoefening waar bepaal is wie hoofsaaklik beheer oor sekere take moet uitoefen.

★ Bestuurstake waar bepaal word of 'n bepaalde bestuurstaak uitgevoer is.

- Administratiewe take waar bepaal is of die administratiewe taak verrig is.

## 5.3 BEVINDINGS

### 5.3.1 Bevindings ten opsigte van doelwit 1

Met betrekking tot doelwit 1 (vergelyk 1.3), naamlik om die aard van gebeurlikheidsbeplanning te bepaal, is die volgende bevind:

- **Sekerheidsbewustheid**

  Sekerheidsbewustheid is 'n voorvereiste vir die opstel van 'n gebeurlikheidsplan. Dit is die daarstel van effektiewe standaarde vir beskerming en gee aan beveiliging 'n groter veld van verantwoordelikheid. Die kern van veiligheid is om die graad van leemtes in risikovoorkoming te bepaal en dan tegnieke aan te wend om hierdie vatbaarheid tot 'n redelike graad van veiligheid te verlaag. (Vergelyk 2.3.)

- **Rede vir gebeurlikheidsplan in skole**

  Die regverdiging van 'n gebeurlikheidsplan vir skole is op opvoedkundige, departementele en juridiese gronde aangetoon. (Vergelyk 2.4.)

- **Gebeurlikheidsplan in skole**

  Gebeurlikheidsbeplanning is die tegniek waardeur gepoog word om vir waarskynlike eenvoudige risiko's te beplan sodat in die geval van dreigende risiko's pro-aktief opgetree kan word en eiendom en persone daardeur beskerm kan word. Gebeurlikheidsbeplanning is ook daarop ingestel om die uitwerking van 'n krisis te minimaliseer. (Vergelyk 2.5.)

### 5.3.2 Bevindings ten opsigte van doelwit 2

Met betrekking tot doelwit 2 (vergelyk 1.3), naamlik om te bepaal wat die bestuurstaak van die DSO ten opsigte van gebeurlikheidsbeplanning behels, is die volgende bevind:

- **Ten opsigte van die funksionele werk van die DSO:**

  - Dit blyk dat daar 'n gebrek is aan duidelike ontruiming- en ambulansroetes (3.3);

  - gebrek aan sigbare skriftelike aanwysings vir die uitvoer van prosedures (3.4.1.2), en

  - daar gebrek is aan materiaal (bv. toue/dromme) om onveilige gebiede af te baken.

- **Bevindinge rakende die bestuurstake wat verrig word, lyk soos volg:**

  - teenstellende response rakende beplanning as bestuurstaak en skriftelike beplanning is uitgewys (3.4.1);

  - onbetrokkenheid van buite-instansies (3.4.2.2), maar optimale gebruik van alle betrokkenes in die skoolsituasie (3.4.2.3) is vasgestel en dat die DSO die mees aktiewe lid van die gebeurlikheidskomitee is;

  - horisontale kommunikering (3.4.2.5(iii)) is by uitstek dié kommunikeringswyse in die implementering van die gebeurlikheidsplan, en

  - die hoof vervul hoofsaaklik die beheeruitoefeningstaak ten opsigte van die implementering van die gebeurlikheidsplan, die beveiligingsaspek asook die verdedigingsaspek (3.2).

Teoreties sal die DSO slegs doeltreffende gebeurlikheidsplanbestuurder wees in dié mate wat funksionele en bestuurswerk beheer en geïmplementeer word.

### 5.3.3 Bevindings ten opsigte van doelwit 3

Op grond van die empiriese ondersoek is die volgende bevindings gemaak ten opsigte van die huidige stand van die bestuur van gebeurlikheidsbeplanning in sekondêre skole. (Vergelyk doelwit 3):

- Gebrekkige gebruik van koördineringshulpmiddels. (Vergelyk 4.3.4.)
- Swak skakeling met hulpbronne by die implementering van die gebeurlikheidsplan. (Vergelyk 4.3.4.)
- Skynbare gebrek aan 'n behoorlike organisasiestruktuur by die implementering van gebeurlikheidsbeplanning. (Vergelyk 4.3.5 en 4.3.8.2.)
- Opleiding van noodspanne geskied op 'n swak basis. (Vergelyk 4.3.6.1.)
- Swak skakeling met buite-instansies. (Vergelyk 4.3.6.2.)
- Swak bestuurstaak van DSO ten opsigte van beheer. (Vergelyk 4.3.7.)
- Onkonsekwente weergawe ten opsigte van beplanning as bestuurstaak van die DSO. (Vergelyk 4.3.8.1.)
- Swak verrigting van administratiewe take. (Vergelyk 4.3.9.)

## 5.4 RIGLYNE

Met betrekking tot doelwit 4 (vergelyk 1.3), naamlik om riglyne te formuleer vir die

effektiewe bestuur van gebeurlikheidsbeplanning, word die volgende riglyne aan die hand gedoen:

- **Infrastuktuur (Pro-aktief)**

  - Die daarstelling en instandhouding van 'n doeltreffende infrastruktuur vir 'n gebeurlikheidsplan deur middel van die
    - toewysing van beplannings- en bevelsverantwoordelikhede.
    - Die gebruikmaking van gesamentlike interne en eksterne oorlegpleging.
    - Die voorsiening van doeltreffende kommunikasiegeriewe.

- **Risiko-ontleding (Pro-aktief)**

  Die deurlopende en doelgerigte identifisering van risiko's wat met die aktiwiteite van die skool verband hou, asook die moontlike gevolge van nood- en rampgebeure wat redelikerwys voorsien kan word.

  - Die deurlopende monitering van die interne en eksterne omgewing ten einde faktore te identifiseer wat tot moontlike nood- en rampgebeure aanleiding kan gee.

- **Opleiding en voorligting (Paraatheidsprogram)**

  Die opleiding en voorligting van personeel, leerlinge en ouers ten einde hul toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en inligting wat noodsaaklik is om die gevolge van nood- en rampgebeure te kan voorkom, te beperk of te kan hanteer, by wyse van

  - die aanbied van opleidings- en voorligtingsprogramme op 'n deurlopende grondslag.

- **Gebeurlikheidsplanne (Reaktief)**

  Daar word aan die hand gedoen dat gekoördineerde gebeurlikheidsplanne ontwikkel en geïmplementeer word ten einde die situasie binne die kortste moontlike tyd en op die mees koste-effektiewe wyse te normaliseer waartydens

  - na die welsyn van personeel, leerlinge en almal in die skoolopset omgesien word.
  - Beskerming en voortsetting van die aktiwiteite van die skool gebied word en
  - samewerking met eksterne hulpbronne verkry word.

- **Programinstandhouding (Pro-aktief)**

  Dit is noodsaaklik dat 'n deurlopende evaluering, instandhouding en verbetering van die gebeurlikheidsbeplanning en -vermoë gedoen word. By implikasie beteken dit dat 'n

  - teoretiese ontleding van die bereiking van doelwitte gedoen word.
  - Praktiese evaluering toegepas word deur die gebruikmaking van oefeninge asook die evaluering van werklike gebeure.
  - Die gebeurlikheidsplan in stand gehou word.
  - Gestruktureerde stappe toe te pas om sodoende paraatheid in gebeurlikheidsbeplanning, met die gepaardgaande bestuurs- en administratiewe take wat die implementering behels, te bereik.

Om bogenoemde riglyne in die praktyk te implementeer, sal dit wenslik wees om die

volgende gestruktureerde stappe toe te pas:

**Stap 1**

1.1 Beleidsverklaring.

**Stap 2**

2.1 Die aanwys van gebeurlikheidskoördineerder (DSO).

2.2 Opleiding van DSO: Die grondbeginsels van noodbeplanning.

**Stap 3**

3.1 Die aanwys van 'n beplanningskomitee in die skool. (Vergelyk Fig 3.3.)

3.2 Opleiding aan onderwysers.

**Stap 4**

4.1 Die evaluasie van veiligheid (risiko- en waarskynlikheidstudie).

4.2 Evaluasie van veiligheidstoerusting.

**Stap 5**

5.1 Opleiding van leerlinge.

- 5.1.1 Noodhulp.
- 5.1.2 Brandbestrydingspanne.

5.2 Opleiding van ontvangsdames (telefoon: bomdreigemente).

**Stap 6**

6.1 Die opleiding van leerlinge.

- 6.1.1 Ontruiming.
- 6.1.2 Kommunikasie.
- 6.1.3 Deursoekspanne.

**Stap 7**

7.1 Normaliseringbeplanning.

**Stap 8**

8.1 Skriftelike gebeurlikheidsplan.

**Stap 9**

9.1 Praktiese oefening.

**Stap 10**

10.1 Finale evaluasie.

10.1.1 Burgerlike Beskerming.

10.1.2 S A Polisie.

10.1.3 Brandweer.

## 5.5 AANBEVELINGS

- **Aanbeveling 1:** Stel die prosedures wat geïmplementeer moet word op skrif en stel dit beskikbaar vir betrokkenes om so te verseker dat die belangrike stappe wat geneem moet word op die korrekte wyse onderneem word.

  Motivering: Om suksesvolle implementering van die gebeurlikheidsplan te verseker, moet die DSO hom verlaat op goed beplande riglyne, beleidsbepalings, prosedures vir optredes in rampsituasies, opleiding en oefeninge. Elke persoon moet die prosedure van optrede ken sodat hy korrek kan reageer op waarskuwings/opdragte.

- **Aanbeveling 2:** Bepaal die behoeftebepaling ter ondersteuning van die gebeurlikheidsplan ten opsigte van die mannekragpotensiaal.

Motivering: Identifiseer beskikbare hulpbronne sodat die gebeurlikheidsplan verstaan en met die bes moontlike sukses ondersteun kan word.

- **Aanbeveling 3:** Implementeer die gebeurlikheidsplan op 'n gekoördineerde wyse.

Motivering: 'n Veelheid van instansies, waaronder die ouergemeenskap, plaaslike Burgerlike Beskerming, Verkeersafdeling, Brandweer- en Ambulansdienste en die Suid-Afrikaanse Polisie voorbeelde is van instansies wat 'n bepaalde uitwerking op die gebeurlikheidsbeplanning kan uitoefen. Dit is noodsaaklik dat skakeling sal plaasvind om die integrering van die gebeurlikheidsplan te verseker.

- **Aanbeveling 4:** Onderskei in die gebeurlikheidsbeplanning tussen die gebeurlikheidsplan van die skool, die sekuriteitsaspekte en verdediging by wyse van 'n organogram met vertikale en horisontale delegering.

Motivering: Die doeltreffendheid en kwaliteit van die gebeurlikheidsplan word verhoog deur die goeie organisering van mense en materiaal by wyse van organisasiestruktuurskepping, delegering en koördinering.

- **Aanbeveling 5:** Die aanbied van opleidings- en voorligtingsprogramme op 'n deurlopende grondslag.

Motivering: Opleiding moet geskied op die volgende vlakke:

- Bestuursvlak: Gesamentlike opleiding aan die hoof, DSO, senior beamptes van die polisie en brandweer oor die vertrouensaspek van die gebeurlikheidsplan.

- Leiers van die verskillende komponente met veral klem gelê op hul pligstate.

- Algemene opleiding aan almal in die skoolopset in verband met prosedures wat in 'n spesifieke gebeure toegepas moet word.

## 5.6 SAMEVATTING

In die implementering van die gebeurlikheidsplan, blyk dit dat die DSO beplan, organiseer, personeel reël, koördineer, leiding gee en beheer uitoefen. In die uitoefening van die administratiewe rol van die DSO word aktiwiteite soos medevasstelling van beleid en prosedures, bereiking van veiligheidsdoelwitte, verslaghouding en evaluering ingesluit.

Die voorkomend/beskermende rol van die DSO behels die aanwending en kontrole van die personeel en leerlinge, eiendom en toerusting, kommunikasie- en verkeersveiligheidsmaatreëls om optimale veiligheid in die raamwerk van beskikbare bronne te verseker.

Onder die ondersoekend/beheeruitoefende rol van die DSO word verstaan die gereelde hersiening van die bestaande gebeurlikheidsplan en koördinering met die Polisie, Brandweer en Burgerlike Beskerming.

Effektiewe uitvoering van bogenoemde bestuurstake sal die geïdentifiseerde leemtes ondervang en sodoende 'n beter paraatheidstand verseker.

# BRONNELYS


ACKERMANN, M., red. s.a. Gereed. Die omvattende handleiding tot gemeenskapsveiligheid. Pinelands : Leke Publikasie, Mediese Vereniging van S.A.

ADKINS, K., CIGLER, B.A. & MURPHY, K. 1983. School emergency planning: Early lessons. Clearing House, 57 (2): 82-85, Oct.

BEUKES, M. J. 1986. Burgerlike Beskerming in opvoedkundige inrigtings. (In Van der Westhuizen, J., red. 1986. Bestuurskursus in Burgerlike Beskerming (2):1. Pretoria : UNISA.)

BLAUVELT, P.D. 1987. National Association of School Principals. 1987. School Security Management. The Practitioner, XIII (4): 1 - 10. Reston, Virginia : NASSP.

BORMAN, J.A. 1988. Skoolbeveiliging - pedagogiese perspektief. Die Unie, 85 (1): 10 - 13, Jul.

BROADBENT, D. 1979. Contingency planning. Manchester : NCC Publications.

BROWN, B.J. 1979. Disaster preparedness and The United Nations. Advance planning for disaster relief. New York : Pergamon Press.

BULT, E.W. 1981. Emergency planning. (In Vogel, T.E., red. 1981. Protective security: A South African approach. Westville : King & Wilks.)

BURGER, I.van Z. 1980. 'n Terreinverkenning en funksie-analise van veiligheids-opleidingsmodelle. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.Ed.)

CIMINILLO, L.M. 1980. Principal roles and school crime management. NASSP-Bulletin, 64 (433): 81 - 90, Feb.

CLUTTERBUCK, R. 1975. Living with terrorism. London : Faber and Faber.

COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research method in education. London : Croom

Helm.

COLEMAN, J.L. 1987. The security supervisor's handbook. A guide for the private security primary manager. Springfield : Charles C. Thomas Publisher.

COOK, D.R. & LAFLEUR, N.K. 1975. A guide to educational research. Boston : Allyn and Bacon, Inc.

CRONJE, J. red. c.a. 1990 Bestuurskursus in Burgerlike Beskerming. Burgerlike beskermingskorps : Potchefstroom.

CUNNY, F.C. 1983. Disasters and development. Oxford : Oxford University Press Inc.

DE BRUYN, H.E.C. 1986. Organisasiestelsels. (In Kroon, J., red. 1986. Algemene bestuur. Pretoria : HAUM.)

DENTON, D.K. 1982. Safety management: Improving performance. VSA : McGraw-Hill Inc.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1980. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Pretoria : Butterworth.

DE WET, P.R. 1981. Inleiding tot Onderwysbestuur. Kaapstad : Lex Patria.

DRABEK, T.E. 1987. The professional emergency manager: Structures and strategies for success. University of Colorado: Institute of Behavorial Science.

DU PREEZ, J. 1980. Handboek oor beveiliging in Suid-Afrika. Johannesburg : Perskor-Uitgewery.

DU PREEZ, N.P. 1986. Strategiese beplanning. (In Kroon, J., red. 1986. Algemene bestuur. Dept. Bedryfsekonomie, PU vir CHO. Pretoria : HAUM.)

DU TOIT, T.N. 1984. Oorlewing. Roggebaai : The PR-Organization.

FEDERAL EMERGENCY AGENCY. 1980. Assessment of the consequences and preparations for a catastrophic California earthquake: Findings and actions taken. Washington, D.C. Nov.

FOSTER, H.D. 1980. Disaster planning. The preservation of life and property. New York : Springer-Verlag.

GAINES, L.K. 1978. Managing the police organization. St. Paul : West Publishing Company.

GOSS, R.J. 1981. Management's responsibility and commitment. (In Vogel, T.E., red. 1981. Protective security: A South African approach. Westville : King & Wilks.)

JACOBS, C.D., VAN JAARSVELD, N.H. & VON MOLLENDORF, J.W. 1988. Beroepsvoorligting vir die hoër- en laerskool – Handleiding van die onderwyser. Pretoria : Konsensus Uitgewers.

JORDAAN, J. 1989. Mondelinge mededelings aan outeur. Krugersdorp, 24 April 1989.

JORDAN, K.F. 1969. School Business Administration. Indiana Universiteit. New York : The Ronald Press Company.

KENT, R.C. 1987. Anatomy of disaster relief. The international network in action. New York : Pinter Publishers.

KROON, J., red. 1986. Algemene bestuur. Pretoria : HAUM.

LANDMAN, W.A., red. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Pretoria : Sigma Press.

LEONARD, V.A. 1973. Police pre-disaster preparation. Springfield : Charles C Thomas Publisher.

LIEBETRAU, J.P., red. 1987. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor-Uitgewery.

LIEBETRAU, J.P. 1987. (In Liebetrau, J.P., red. 1987. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Johannesburg : Perskor-Uitgewery.)

MACKENZIE, G., McLOUGHLIN, T., & TWISS, G. 1983. The security handbook. Commercial, industrial and personal security in South Africa. Epping : Printpak.

MARCIAL, G.E. 1984. Department supervisors - Are they line or staff administrators? NASSP-Bulletin, 68 (472): 87 - 90.

MARGOLIS, B.L., red. 1975. The human side of accident prevention. Springfield : Charles C. Thomas Publisher.

MARX, F.W. 1979. Die bestuurstaat van die skoolhoof. N O U -blad, 10 (2), Aug. 1979: 54 - 76.

MARX, F.W. 1981. Bedryfleiding. Pretoria : HAUM.

MOULY, G.J. 1978. Educational research: The art and science of investigation. Boston : Allyn and Bacon, Inc.

NORTH CAROLINA STATE DIV. OF EMERGENCY MANAGEMENT, Raleigh. 1981. Emergency management instruction. Instructor's guide for grade 7 - 9. Jan. (ED221376)

O'TOOLE, C.P. 1980. Contingency Planning Technical Assistance Bulletin 35. National School Resource Network. Washington, D.C.

PERRY, R.W. & MUSHKATEL, A.H. 1984. Disaster management: Warning, response and community relocation. Connecticut : Greenwoord Press.

PETAK, W.J. & ATKISSON, A.A. 1982. Natural hazard risk assessment and public policy. Anticipating the unexpected. New York : Springer-Verlag.

PIETERSEN, H. 1988. Beginsels van vraelyskonstruksie. (In Couper, M.P., Smit, P.C., Stoker & Strashein: Inleiding tot opnameteodelogie. Pretoria : RGN.)

PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L. 1987. Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders. Johannesburg : Lex Patria.

ROELOFSE, C.J. 1986. Gebeurlikheidsbeplanning as 'n beveiligingstegniek. Pretoria : UNISA. (Verhandeling - MA-Polisiekunde.)

ROOS, H. 1981. Physical security of national key points. (In Vogel, T.E., red. 1981. Protective security: A South African approach. Westville : King & Wilks.)

ROSSI, P.H., WRIGHT, J.D. & WEBER-BURDIN, E. 1982. Natural hazards and public choice. The state and local politics of hazards mitigation.
New York : Academic Press.

SAS Institute Inc. S A S User's Guide: Basics, Version 5 Edition. Cary, N.C.
S A S Institute Inc., 1985.

SATEKG
kyk
Suid-Afrikaanse Telekommunikasie en Elektriese Kragvoorsieningsgesag.

SCHENKELBACH, L. 1975. The safety management primer. Homewood, Illinois : Dow Jones-Irwin, Inc.

SCHMIDT, J.W., KURSTEDT, H.A., WALKER, J.A., & DE BRUSH, R.E. 1985. Tripurpose emergency management model. (In Carroll, J.M., red. Similation Series, 15 (1): 55 - 59.)

SLAVIN, R.E. 1984. Research methods in education: A practical guide. New Jersey : Prentice-Hall, Inc.

STEVENSON, K., PELLICER, L. & SURRATT, T. 1983. Emergency preparedness plans - How to develop, operate. NASSP-Bulletin, 67 (467): 87-92, Dec.

SUID-AFRIKAANSE TELEKOMMUNIKASIE EN ELEKTRIESE KRAGVOORSIENINGSGESAG. 1979. Spraakprosedure vir radio-operateurs. Pretoria : Verdedigingshoofkwartier.

SENNEWALD, C.A. 1978. Effective security management. Los Angeles : Security World Publishing Co. Inc.

SORENSEN, E. 1985. Follow this advise and make your school safe for teachers and kids. American School Board Journal, 172 (6): 33 - 34, Jun.

SPOONER RAVENSCROFT RISK MANAGEMENT, 1981. Bombs and bomb threats. (In Vogel, T.E., 1981., red. Protective security: a South African approach. Westville : King & Wilks.)

STEENKAMP, J.W. 1981. Understanding security. (In Vogel, T.E., red. 1981. Protective security: a South African approach. Westville : King & Wilks.)

STüMPFER, D.J.W. 1975. Mense en rampe: Individuele en sosiale reaksies. Port Elizabeth : Bumleys Printing Works.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1960. Die Kinderwet, No. 33 van 1960. Pretoria : Staatsdrukker.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Die Provinsie Transvaal. 1988. Buitengewone Offisiële Koerant, 231(4578): Aug.17., Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1992. Noodplan vir kolleges, skole en koshuise. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987a. Jeugweerbaarheid. Omsendminuut 98 van 1987. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987b. Sillabus, die Geestesweerbaarheidsprogram in die sekondêre skool. Pretoria.

TRANSVAAL. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1991. Burgerskapopvoeding. Pretoria.

TYLER, R.W. 1986. Program evaluation. International Journal of Education Research. 10(1) Oxford : Pergamon Press.

VAN ANDEL, L. 1990. Die toepassing van noodbeplanning by 'n opvoedkundige inrigting. (Lesing gelewer op 17 Okt. 1990 as deel van 'n bestuurskursus in Gebeurlikheidsbeplanning.) Westonaria. (Ongepubliseer.)

UYS, R. & DU PREEZ, N.P. 1986. Desentralisasie, mag, gesag en groepe. (In Kroon, J., red. 1986. Algemene Bestuur. Pretoria : HAUM.)

VAN DER WESTHUIZEN, J., red. 1986. Bestuurskursus Burgerlike Beskerming, deel 2: Taktiese optrede: Instituut vir Kriminologie. Pretoria : UNISA.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1985. Die vraelys as navorsingsinstrument. (M.Ed.-klasaantekeninge PU vir CHO.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1986. Onderwysbestuurstake. (In Van der Westhuizen, P.C., red. 1986. Onderwysbestuur. Grondslae en Riglyne. Pretoria : HAUM.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1990. Onderwysbestuurstake. (In Van der Westhuizen, P.C., red. 1990. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM.)

VAN NIEKERK, J.H.S. 1982. Personeelontwikkeling as bestuurstaak van die skoolhoof. Johannesburg : RAU. (Verhandeling - M.Ed.)

VAN SCHALKWYK, O.J. 1986. Perspektiewe vir die onderwyser. (In Badenhorst, D.C., red. 1986. Skoolbestuur die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : HAUM.)

VAN WYK, J.G. 1985. Leerlingveiligheid: implikasies vir die onderwysbestuurder. Educare. 14.2(2): 92 - 97.

VOGEL, T.E., red. 1981. Protective security: a South African approach. West-

ville : King & Wilks.

VOGEL, T.E. & DE WET, L.B. 1981. Security and Industrial Relations. (In Vogel, T.E., red. 1981. Protective security: A South African approach. Westville : King & Wilks.)

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).

WHITTOW, J. 1980. Disasters the anatomy of environmental hazards. Great Britain : Butler & Tanner.

# BYLAE A

## Brief van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT
BURO VIR ONDERWYSNAVORSING

TOD-gebou
TED Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 0001

Navrae: / Enquiries: Dr. P.W. Möller
Verw.: / Ref.: TOA 9-7-2/145/91
Tel.: (012) 317-4057

25 Februarie 1992

Mev. C. Murrack
Privaatsak X18
WESTONARIA
1780

Geagte mev. Murrack

**DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEISPLAN AS TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF: OPVOEDKUNDIGE LEIDING**

U versoek gedateer 27 November 1991, asook u besoek aan die Buro vir Onderwysnavorsing op 2 Desember 1991, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om die vraelys deur Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding van die honderd vyf en twintig geïdentifiseerde sekondêre skole in Transvaal (soos op die aangehegte lys aangedui) te laat invul.

Toestemming om met die navorsing voort te gaan, moet nie vertolk word as bewys daarvan dat die Transvaalse Onderwysdepartement die tema/inhoud van die ondersoek noodwendig goedkeur of vir die wetenskaplikheid en die akademiese, tegniese of taalkundige korrektheid van die vraelyste instaan nie.

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

. U moet self die toestemming van die betrokke skoolhoofde verkry.

. U moet hierdie brief aan die skoolhoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag dit nie gebruik om samewerking te probeer afdwing nie.

. Die name van skole, betrokkenes en medewerkers mag nie in u skripsie vermeld word nie.

.    Na voltooiing van die verhandeling moet u die Departement asseblief van 'n gebinde kopie daarvan voorsien. Dit sal baie waardeer word indien u 'n artikel wat op u navorsing gebaseer is, vir moontlike plasing in die **Onderwysbulletin** aan die Buro vir Onderwysnavorsing sal voorlê.

U word sterkte met u studie toegewens.

P W Miller

namens UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

## BYLAE B

Brief aan die Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding

Posbus 25
WESTONARIA
1780

1992-02-24

Meneer/Mevrou/Mejuffrou

**VRAELYS OOR DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEBEURLIKHEIDSPLAN AS TAAK VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OPVOEDKUNDIGE LEIDING IN SEKONDÊRE SKOLE IN TRANSVAAL**

Hiermee word u vriendelike samewerking gevra om die ingeslote vraelys in te vul.

Die doel van die vraelys is om inligting te verkry vir 'n skripsie in die Opvoedkunde waardeur beoog word om die bestuursukses van die DSO as gebeurlikheidsplan-bestuurder te bepaal. U mening as praktiserende DSO sal van groot belang wees ter bereiking van die gestelde doel.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang om die vraelys aan die DSO's van sekondêre skole in Transvaal te pos (sien aangehegte skrywe).

Die invul van die vraelys behoort nie meer as 20 minute van u tyd in beslag te neem nie. Verder word dit beklemtoon dat u identiteit vir doeleindes van die ondersoek nie van belang is nie, en dat inligting streng vertroulik hanteer sal word.

Dit sal hoog waardeer word indien u 'n bydrae kan maak deur meegaande vraelys in te vul en teen 14 Maart in die ingeslote gefrankeerde koevert terug te stuur.

Byvoorbaat dankie vir u samewerking.

Die uwe

CMurrack.
..............................
**C Murrack**

**BYLAE C**
**Die vraelys**

VRAELYS

KAART Nr.1 (1)
VRAELYS Nr. 062 (2 -4)

Hierdie vraelys is opgestel om u mening te bekom in verband met die stand van die implementering van gebeurlikheidsbeplanning by u skool.

Die inligting wat met hierdie vraelys bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.

Maak asseblief seker dat u elke item beoordeel soos die huidige stand is - waak daarteen dat verwagting 'n rol speel.

L.W.: Maak 'n kruisie oor slegs een kode by elke vraag in Afdeling A en Afdelings B en F.

Afdelings C, D, E en G moet elke item beantwoord word.

Voorbeeld:

**AFDELING A**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Geslag | | |
| 1 | | Manlik | x |
| 2 | | Vroulik | 2 |

VRAELYS

**AFDELING A: BIOGRAFIESE GEGEWENS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Geslag | | | |
| 1 | Manlik | 1 | |
| 2 | Vroulik | 2 | (5) |
| 2 Ouderdom | | | |
| 1 | Jonger as 30 jaar | 1 | |
| 2 | 30 - 35 jaar | 2 | |
| 3 | 36 - 40 jaar | 3 | |
| 4 | 41 - 45 jaar | 4 | |
| 5 | 46 - 50 jaar | 5 | |
| 6 | ouer as 50 jaar | 6 | (6) |
| 3 Kategorie (indeling) | | | |
| 1 | C | 1 | |
| 2 | D | 2 | |
| 3 | E | 3 | |
| 4 | F | 4 | |
| 5 | G | 5 | (7) |
| 4 Aantal jare ervaring as DSO | | | |
| 1 | minder as 5 jaar | 1 | |
| 2 | 5 - 10 jaar | 2 | |
| 3 | 11 - 15 jaar | 3 | |
| 4 | 16 - 20 jaar | 4 | |
| 5 | meer as 20 jaar | 5 | (8) |

VRAELYS

## AFDELING B: DEMOGRAFIESE GEGEWENS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 Gradering van u skool | | | |
| 1 | GS | 1 | |
| 2 | S1 | 2 | |
| 3 | S2 | 3 | (9) |
| 6 Evaluering van u skool deur Burgerlike Beskerming | | | |
| 1 | Kategorie A | 1 | |
| 2 | Kategorie B+ | 2 | |
| 3 | Kategorie B | 3 | |
| 4 | Kategorie C | 4 | (10) |
| 7 Ligging van u skool | | | |
| 1 | Stad | 1 | |
| 2 | Groot dorp | 2 | |
| 3 | Klein dorp | 3 | (11) |
| 8 Aantal personeel | | | |
| 1 | Minder as 20 | 1 | |
| 2 | 20 - 30 | 2 | |
| 3 | 31 - 40 | 3 | |
| 4 | 41 - 50 | 4 | |
| 5 | 51 - 60 | 5 | |
| 6 | meer as 60 | 6 | (12) |

VRAELYS

**AFDELING C**

Beantwoord elke item deur 'n kruisie te maak in die toepaslike kolom.

| Voorbeeld: | Nooit | Selde | Dikwels | Gereeld | |
|---|---|---|---|---|---|
| Hoe dikwels word die gebeurlikheidsplan hersien? | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| 9 Hoe dikwels word 'n situasie-analise onderneem by die implementering van die gebeurlikheidsplan? | 1 | 2 | 3 | 4 | (13) |
| 10 Hoe dikwels word met die volgende instansies geskakel ten opsigte van die gebeurlikheidsplan?<br>1 ASO | 1 | 2 | 3 | 4 | (14) |
| 2 Skole-GBK | 1 | 2 | 3 | 4 | (15) |
| 3 Gesamentlike Beplanningskomitee | 1 | 2 | 3 | 4 | (16) |
| 4 Ander (spesifiseer) asb.<br>____________<br>____________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (17) |

Beantwoord elke item deur 'n kruisie te maak in die toepaslike kolom.

| | Nooit | Selde | Dikwels | Gereeld | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11 Hoe gereeld stel die DSO prosedures vir optrede in noodsituasies vry deur middel van: | | | | | |
| 1 Handleidings? | 1 | 2 | 3 | 4 | (18) |
| 2 Persoonlike gesprekke? | 1 | 2 | 3 | 4 | (19) |
| 3 Riglyne op strategiese plekke, bv. | | | | | |
| * trappe | 1 | 2 | 3 | 4 | (20) |
| * kennisgewingborde | 1 | 2 | 3 | 4 | (21) |
| * voor in die klas teen muur | 1 | 2 | 3 | 4 | (22) |
| * in die saal? | 1 | 2 | 3 | 4 | (23) |
| 4 Ander (spesifiseer) ______________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (24) |
| 12 Hoe dikwels word van ondersteunende hulpbronne gebruik gemaak in die implementering van die gebeurlikheidsplan? | | | | | |
| 1 Privaatondernemings | 1 | 2 | 3 | 4 | (25) |
| 2 Kundige ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | (26) |
| 3 Vrouefederasie | 1 | 2 | 3 | 4 | (27) |
| 4 Landbou-unie | 1 | 2 | 3 | 4 | (28) |
| 5 Plaaslike hospitale | 1 | 2 | 3 | 4 | (29) |
| 6 Busdiensmaatskappy | 1 | 2 | 3 | 4 | (30) |
| 7 Plaaslike bestuur se professionele dienste | 1 | 2 | 3 | 4 | (31) |
| 8 Ander (spesifiseer) ______________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (32) |

Beantwoord elke item deur 'n kruisie te maak in die toepaslike kolom.

| | Nooit | Selde | Dikwels | Gereeld | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13 Hoe gereeld gebruik die skoolhoof die volgende kommunikasiehulpmiddels in 'n noodsituasie? | | | | | |
| 1 Radio | 1 | 2 | 3 | 4 | (33) |
| 2 Megafoon | 1 | 2 | 3 | 4 | (34) |
| 3 Telefoon | 1 | 2 | 3 | 4 | (35) |
| 4 Skriftelik | 1 | 2 | 3 | 4 | (36) |
| 5 Boodskappers | 1 | 2 | 3 | 4 | (37) |
| 6 Interkom | 1 | 2 | 3 | 4 | (38) |
| 7 Kombinasie | 1 | 2 | 3 | 4 | (39) |
| 8 Ander (spesifiseer) ____________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (40) |
| 14 Hoe gereeld gebruik die DSO die volgende kommunikasiehulpmiddels in 'n noodsituasie? | | | | | |
| 1 Radio | 1 | 2 | 3 | 4 | (41) |
| 2 Megafoon | 1 | 2 | 3 | 4 | (42) |
| 3 Telefoon | 1 | 2 | 3 | 4 | (43) |
| 4 Skriftelik | 1 | 2 | 3 | 4 | (44) |
| 5 Boodskappers | 1 | 2 | 3 | 4 | (45) |
| 6 Interkom | 1 | 2 | 3 | 4 | (46) |
| 7 Kombinasie | 1 | 2 | 3 | 4 | (47) |
| 8 Ander (spesifiseer) ____________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (48) |

Beantwoord elke item deur 'n kruisie te maak in die toepaslike kolom.

| 15 Hoe dikwels is u skoolhoof met die volgende in radioverbinding? | Nooit | Selde | Dikwels | Gereeld | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 Burgerlike Beskerming | 1 | 2 | 3 | 4 | (49) |
| 2 Hospitaal | 1 | 2 | 3 | 4 | (50) |
| 3 SAP | 1 | 2 | 3 | 4 | (51) |
| 4 SAW | 1 | 2 | 3 | 4 | (52) |
| 5 Blokleiers | 1 | 2 | 3 | 4 | (53) |
| 6 DSO | 1 | 2 | 3 | 4 | (54) |
| 7 Ander (spesifiseer) ______________ | 1 | 2 | 3 | 4 | (55) |

**AFDELING D:**

Die skaal vir beantwoording **verander** ten opsigte van die volgende items. Beantwoord elke item deur 'n kruisie te maak in die toepaslike kolom.

| 16 Hoe gereeld word veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die gebeurlikheidsplan bekendgemaak aan die: | Maandeliks | Kwartaalliks | Halfjaarliks | Jaarliks | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Personeel? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (56) |
| 2 Leerlinge? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (57) |
| 3 Administratiewe personeel? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (58) |
| 4 Werkers in die skool? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (59) |
| 5 Ouers? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (60) |

| | Maandeliks | Kwartaalliks | Halfjaarliks | Jaarliks | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 Hoe gereeld word noodprosedures ten opsigte van die gebeurlikheidsplan by die skool ingeskerp by wyse van: | | | | | | |
| 1 Inoefening? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (61) |
| 2 Lesaanbieding? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (62) |
| 3 Skriftelik (bv. omsendbrief)? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (63) |
| 4 Gesprekke? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (64) |
| 5 Ander (spesifiseer) ____________ | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (65) |
| 18 Hoe gereeld vind vergaderings rakende gebeurlikheidsbeplanning plaas met: | | | | | | |
| 1 Gesamentlike Beplanningskomitee? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (66) |
| 2 Skole-GBK? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (67) |
| 3 ASO? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (68) |
| 4 Bestuursraad van u skool? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (69) |
| 5 Onderwysers? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (70) |
| 6 Ouers? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (71) |
| 7 Ander (spesifiseer) ____________ | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (72) |

**AFDELING E**

Beantwoord elke item deur slegs een kruisie in die toepaslike ruimte te trek

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| 19 Is elke onderwyser vertroud met sy/haar: | | | |
| 1 Pligstaat? | 1 | 2 | (73) |
| 2 Verantwoordelikhede ten opsigte van leerlinge? | 1 | 2 | (74) |
| 3 Noodprosedures soos: | | | |
| * ontruiming van die skool? | 1 | 2 | (75) |
| * pligte by vergaderpunte? | 1 | 2 | (76) |
| * rampadministrasie? | 1 | 2 | (77) |
| 4 Die instandhouding van noodapparaat soos: | | | |
| * noodhulpvoorraad? | 1 | 2 | (78) |
| * brandbestrydingstoerusting? | 1 | 2 | (79) |
| KAART Nº 2 | | | (1) |
| 20 Is die volgende persone/instansies betrokke by die opleiding van noodspanne? | | | |
| 1 Departementshoofde (ander as DSO) | 1 | 2 | (2) |
| 2 Onderwysers | 1 | 2 | (3) |
| 3 Burgerlike Beskerming | 1 | 2 | (4) |
| 4 Leerlinge wat makkers oplei | 1 | 2 | (5) |
| 5 DSO | 1 | 2 | (6) |
| 6 Ander (spesifiseer) ______________________ | 1 | 2 | (7) |

Beantwoord elke item deur slegs een kruisie in die toepaslike ruimte te trek

| 21 Is die volgende persone betrokke tydens die inoefening van noodprosedures by u skool? | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| 1 Hoof | 1 | 2 | (8) |
| 2 DSO | 1 | 2 | (9) |
| 3 Departementshoofde | 1 | 2 | (10) |
| 4 Faktotum | 1 | 2 | (11) |
| 5 Werkers | 1 | 2 | (12) |
| 6 Administratiewe personeel | 1 | 2 | (13) |
| 7 Leerling | 1 | 2 | (14) |
| 8 Kommunikasieleier | 1 | 2 | (15) |
| 9 Sangonderwyser/es | 1 | 2 | (16) |
| 10 L O-onderwysers | 1 | 2 | (17) |
| 11 Burgerlike Beskerming | 1 | 2 | (18) |
| 12 SAP | 1 | 2 | (19) |
| 13 Ander (spesifiseer) ______________________ | 1 | 2 | (20) |
| 22 Het die volgende persone inspraak by die implementering van die gebeurlikheidsplan van die skool? | | | |
| 1 Hoof | 1 | 2 | (21) |
| 2 Departementshoofde | 1 | 2 | (22) |
| 3 Onderwysers | 1 | 2 | (23) |
| 4 Leerlinge | 1 | 2 | (24) |
| 5 Werkers | 1 | 2 | (25) |
| 6 Ouers | 1 | 2 | (26) |
| 7 Burgerlike Beskerming | 1 | 2 | (27) |
| 8 SAW | 1 | 2 | (28) |
| 9 SAP | 1 | 2 | (29) |
| 10 Ander (spesifiseer) ______________________ | 1 | 2 | (30) |

Beantwoord elke item deur slegs een kruisie in die toepaslike ruimte te trek.

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| 23 Het u skool die volgende: | | | |
| 1 Veiligheidsomheining? | 1 | 2 | (31) |
| 2 Sekuriteitstoegang? | 1 | 2 | (32) |
| 3 Identifisering van besoekers? | 1 | 2 | (33) |
| 24 Is die volgende sigbaar geïdentifiseer by u skool? | | | |
| 1 Rigtingaanwysers na bv. die kantoor | 1 | 2 | (34) |
| 2 Ontruimingsroetes | 1 | 2 | (35) |
| 3 Waterkrane | 1 | 2 | (36) |
| 4 Kragtoevoerpunte | 1 | 2 | (37) |
| 5 Noodspanne | 1 | 2 | (38) |
| 6 Ambulansroete | 1 | 2 | (39) |
| 25 Is sigbare aanwysings in klasse aangebring vir optredes in geval van: | | | |
| 1 Brand? | 1 | 2 | (40) |
| 2 Bomontploffing? | 1 | 2 | (41) |
| 3 Ander (spesifiseer) ______________________ | 1 | 2 | (42) |
| 26 Is materiaal (bv. toue/dromme) op hande om onveilige gebiede af te baken? | 1 | 2 | (43) |
| 27 Is die volgende persone 'n aktiewe lid van die gebeurlikheidskomitee van u skool? | | | |
| 1 Hoof | 1 | 2 | (44) |
| 2 Adjunkhoof | 1 | 2 | (45) |
| 3 DSO | 1 | 2 | (46) |
| 4 Burgerlike Beskerming | 1 | 2 | (47) |
| 5 SAP | 1 | 2 | (48) |
| 6 SAW | 1 | 2 | (49) |
| 7 ASO | 1 | 2 | (50) |

Beantwoord elke item deur slegs een kruisie in die toepaslike ruimte te trek.

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| 28 Word u skool se kommunikasiestelsel in werking gestel deur: | | | |
| 1 Die lui van die klok volgens 'n kode? | 1 | 2 | (51) |
| 2 Om te reageer slegs op die aanhoor van 'n bepaalde stem (bv. Hoof/DSO) wat 'n noodopdrag gee? | 1 | 2 | (52) |
| 3 'n Geluid anders as die normale? | 1 | 2 | (53) |
| 4 Geen vooraf bespreekte herkenbare metode? | 1 | 2 | (54) |
| 29 Beskik die skool oor die volgende hulpmiddels? | | | |
| 1 Radio | 1 | 2 | (55) |
| 2 Megafoon | 1 | 2 | (56) |
| 3 Telefoon (Direkte verbinding na buite) | 1 | 2 | (57) |
| 4 Interkom | 1 | 2 | (58) |
| 5 Boodskappers | 1 | 2 | (59) |
| 6 Kombinasie | 1 | 2 | (60) |
| 7 Ander (spesifiseer) ____________________ | 1 | 2 | (61) |
| 30 Bestaan die waarskynlikheid van enige van die volgende hoë risikos by u skool? | | | |
| 1 Oorhangende kragdrade | 1 | 2 | (62) |
| 2 Insakkende grond (sinkgate) | 1 | 2 | (63) |
| 3 Stormwinde | 1 | 2 | (64) |
| 4 Oorstroming | 1 | 2 | (65) |
| 5 Omsingeling (betogers) | 1 | 2 | (66) |
| 6 Aardbewings | 1 | 2 | (67) |
| 7 Ander (spesifiseer) ____________________ | 1 | 2 | (68) |

Beantwoord elke item deur slegs een kruisie in die toepaslike ruimte te trek.

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| 31 Maak u gebruik van die volgende hulpmiddels by die implementering van die gebeurlikheidsplan? | | | |
| 1 Inspeksiestelsel | 1 | 2 | (69) |
| 2 Herstelprosedures ná 'n noodsituasie | 1 | 2 | (70) |
| 3 Opleidingsprosedures vir optrede in: * fisiese noodtoestande | 1 | 2 | (71) |
| * geestelike noodtoestande | 1 | 2 | (72) |
| 4 Alternatiewe optredes, indien beplande optrede nie operasionaliseer nie | 1 | 2 | (73) |
| 5 'n Doeltreffende alarmstelsel | 1 | 2 | (74) |
| 6 Evalueringsprosedures | 1 | 2 | (75) |

**AFDELING F:**

Trek slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 32 Wie is die verantwoordelike persoon/instansie by die implementering van die gebeurlikheidsplan in u skool? | | | |
| 1 | Hoof | 1 | |
| 2 | DSO | 2 | |
| 3 | ASO | 3 | |
| 4 | Burgerlike Beskerming | 4 | (76) |
| 33 Wie is in beheer van die beveiligingsaspek by u skool? | | | |
| 1 | Hoof | 1 | |
| 2 | DSO | 2 | |
| 3 | Departementshoof | 3 | |
| 4 | Onderwyser | 4 | (77) |

Trek slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie

| | | | |
|---|---|---|---|
| 34 Wie is in beheer van die verdedigingsaspek by u skool? | | | |
| 1 | Hoof | 1 | |
| 2 | DSO | 2 | |
| 3 | Departementshoof | 3 | |
| 4 | Onderwyser | 4 | |
| 5 | SAP | 5 | (78) |

| | | |
|---|---|---|
| 35 Wat is die houding van die personeel in u skool teenoor die gebeurlikheidsplan? | | |
| 1 Werk graag saam | 1 | |
| 2 Ongeërgdheid | 2 | |
| 3 Dwarstrekkerig | 3 | |
| 4 Algeheel onbetrokke | 4 | (79) |

**AFDELING G:** KAART Nº 3 (1)

Beantwoord elke item deur 'n kruisie in die toepaslike kolom te trek

| 36 Hoe gereeld vind opleiding in die volgende programme ten opsigte van die gebeurlikheidsplan plaas? 36.1 Noodhulp vir: | Maandeliks | Kwartaalliks | Halfjaarliks | Jaarliks | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Personeel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (2) |
| 2 Leerlinge | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (3) |
| 3 Werkers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (4) |
| 4 Kantoorpersoneel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (5) |
| 5 Departementshoofde | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (6) |
| 6 DSO | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (7) |

Beantwoord elke item deur 'n kruisie in die toepaslike kolom te trek

| | Maan-deliks | Kwar-taal-liks | Half-jaar-liks | Jaar-liks | Nooit | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 36.2 Brandbestryding vir: | | | | | | |
| 1 Personeel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (8) |
| 2 Leerlinge | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (9) |
| 3 Werkers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (10) |
| 4 Kantoorpersoneel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (11) |
| 5 Departementshoofde | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (12) |
| 6 DSO | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (13) |
| 36.3 Ontruimingsoefeninge vir: | | | | | | |
| 1 Personeel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (14) |
| 2 Leerlinge | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (15) |
| 3 Werkers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (16) |
| 4 Kantoorpersoneel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (17) |
| 5 Departementshoofde | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (18) |
| 6 DSO | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | (19) |

Baie dankie.

| | |
|---|---|
| Stuur asseblief terug voor: | 14 Maart 1992 |